

BEZUIDENHOUT W J

'N STUDIE VAN HEDENDAAGSE OOSGRENSAFRIKAANS

MA

UP

1991

**'N STUDIE VAN
HEDENDAAGSE OOSGRENSAFRIKAANS**

WILLEM JAKOBUS BEZUIDENHOUT

**VOORGELê OM TE VOLDOEN AAN DIE VEREISTE VIR DIE GRAAD
MAGISTER ARTIUM**

IN DIE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
DEPARTEMENT AFRIKAANS
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER : PROF. M.C.J. VAN RENSBURG

DESEMBER 1991

OPGEDRA AAN MY VROU VIR DIE JAAR 1991

DANKBETUIGINGS

Met die afhandeling van hierdie studie wil ek graag my erken-
telikheid en opregte dank teenoor die volgende persone en
instansies betuig:

- Prof. M.C.J. van Rensburg, my studieleier en mentor, vir die
insigte, inspirasie, leiding en opbouende kritiek wat ek
deurgaans van hom ontvang het.

- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die gebruik van
die bande oor hedendaagse Oosgrensafrikaans.

- My kollegas wat my moreel en vakkundig bygestaan het.

- My Skepper vir die fisiese en verstandelike vermoëns waarmee
Hy my geseën het.

- - - oooOooo - - -

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
HOOFSTUK 1 : INLEIDING	1
1.1 Vooraf	1
1.2 Die basiese variëteite	2
1.3 Hoekom Oosgrensafrikaans	2
1.4 Hipotese en doelstelling	3
1.5 Samevatting van bestaande variasiestudies in Afrikaans	5
1.6 Die daarstelling van 'n navorsingsmodel	5
1.7 Werkswyse: 'n Inventaris van verskynsels in Oosgrensafrikaans	6
1.8 Die fases van 'n taalvariasieondersoek	6
1.9 Taalvariëteite en - variante is prinsipieel gelyk- waardig	7
1.10 Dataversameling	8
1.11 Sistematisering	8
HOOFSTUK 2 : BENADERING	10
2.1 Variasietaalkunde en sosiolinguistiek	10
2.2 'n Basis vir variasietaalkunde: 'n inventaris van moontlike variante	10
2.3 Taalverandering	11
2.4 Sinchronie en diachronie	11
2.5 Standaardtaal: Niestandaardtaal	12
2.6 Terminologie: Variant, variëteit, taal, dialek en sosiolek	14
2.7 Taalgemeenskap versus spraakgemeenskap	19
2.8 Interpretsie van die resultate	21
HOOFSTUK 3 : 'N OPSOMMING VAN BESTAANDE TAALVARIASIEONDERSOEKE IN AFRIKAANS	22
3.1 Oorsig	22
3.2 Slotsom	36
HOOFSTUK 4 : 'N STANDAARD VAN HEDENDAAGSE OOSGRENSAFRIKAANS	37
4.1 Fonologiese reëls	37
4.2 Fonologiese variasie	38
4.3 Vokale en diftonge	41
4.3.1 Vokale	41
4.3.2 Die wisseling van: hoog x laag	41
4.3.2.1 Die wisseling van: laag x hoog	41
4.3.3 Vokaallengte	43
4.3.3.1 Kort x lank	43
4.3.3.2 Lank x kort	43

	Bladsy
4.3.4 Schwavariasie	43
4.3.5 Diftong x monoftong	45
4.3.6 Monoftong x diftong	45
4.3.7 Variante ten opsigte van die graad van ronding	45
4.3.7.1 Rond x ondergerond (diftonge)	45
4.3.7.2 Rond x ondergerond (vokale)	45
4.3.7.3 Ondergerond x rond	46
4.4 Konsonante	47
4.4.1 \emptyset -Konsonantpatrone	47
4.4.2 Enkelkonsonantpatrone	47
4.4.3 Dubbekonsonantpatrone	52
4.4.4 Driekonsonantpatrone	57
4.5 Morfologiese verskynsels	60
4.6 Sintaktiese verskynsels	75
4.7 Leksikale variasie	99
4.8 Gespreksmerkers	105
HOOFSTUK 5 : SLOTBESKOUIING	122
HOOFSTUK 6 : BRONNELYS	128
ABSTRACT	
SAMEVATTING VAN VERHANDELING	
LYS VAN TABELLE EN DIAGRAMME:	
Kaart I : Vroeë variëteite van Afrikaans	4 a
Kaart II : Die onderskeiding tussen Kaapse- Afrikaans en Oosgrensafrikaans op grond van taalkundige gegewens.	4 b
Diagram I : Die wetenskaplike navorsingspraktyk	6 a

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1. Vooraf

Van Rensburg (1984:514) tref in die verslag oor Griekwa-Afrikaans 'n onderskeid tussen die drie vorme van Afrikaans nl. Weskaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans. Hierdie afbakening doen hy op grond van historiese en linguistiese faktore.

Oosgrensafrikaans word beskou as dié variëteit van Afrikaans wat veral aan die historiese gebied wat as die Oosgrens bekend was, gepraat word. Van Rensburg het dit oor die benaming van die variëteite (1989:438): " Die variëteite van Afrikaans wat op grond van historiese gronde onderskeibaar is, kan ook elemente wat op die historiese vorming van die betrokke variëteit dui, in hul name behou, soos Oosgrens-Afrikaans.... dui op die omstandighede waarin sy beslag gekry is al word die variëteit vandag ook elders gepraat. " (Vgl. p. 2 en verder vir meer besonderhede oor hierdie onderskeiding.)

Hierdie variëteite van Afrikaans word verder onderskei op grond van linguistiese faktore soos Odendaal (1984:262) tereg sê: " 'n Mens moet 'n taal nie los dink van die mense wat dit praat asof 'n taal in 'n vakuum bestaan nie. Verskille tussen mense word in hul taal weerspieël."

Met inagneming van die sosiohistoriese agtergrond van die verskillende groepe sprekers kan daar ook taalkundige kenmerke onderskei word wat die genoemde groepe se gebruik van Afrikaans kenmerk. Sulke kenmerke hoef nie afsonderlik as merkers van die betrokke variëteit op te tree nie, maar kan dit soms in groeperings doen saam met ander kenmerke. Afsonderlik kom dieselfde kenmerk byvoorbeeld by meer as een groep Afrikaanssprekers voor, maar eers in kombinasie met verskillende ander merkers onderskei so 'n bundel kenmerke die groepe sprekers van mekaar, bv. 'n lae variant van hoër vokale, naamlik - a -, kom in talle variëteite van Afrikaans voor:

gasien x gesien (Swartafrikaans) en
fantein x fontein (Transvaalse Afrikaans uit vorige eeu).

Die afsonderlike waarneming van verskynsels soos hierdie kenmerk dus

nie een spesifieke variëteit nie.

1.2. Die basiese variëteite

Wanneer die historiese verdeling van die variëteite van Afrikaans van nader bekyk word, val die klem dan op dié reeds genoemde driedeling. Die spore van hierdie driedeling in die trant van die ekspansiebeginsel wat Kloeke (1927) waargeneem het, is vandag nog duidelik te bemerk in die Suid-Afrikaanse talesituasie.

Du Plessis (1987a:108 e.v., 1987b:144 e.v.) voer argumente aan vir die bestaan van hierdie driedeling en dui aan dat hierdie onderskeiding alreeds vroeg in die twintigste eeu gemaak is. Ponelis (1987:9) maak ook 'n onderskeiding van " drie bundels dialekte nl. Suidwestelike-Afrikaans (of Kaapse-Afrikaans)... in Suidwes-Kaapland (die Kaapse Skiereiland), die Boland en Noord-Boland, die Sandveld, die Swartland, die Overberg en die Klein Karoo. Die gebied van Noordwestelike-Afrikaans is Namakwaland, westelike Boesmanland, die Richtersveld en die suide van Suidwes-Afrika (Namibië). Oostelike-Afrikaans word sedert die negentiende eeu gepraat oor die grootste gedeelte van die Kaapse binneland, die Vrystaat, Transvaal en Natal. Coetzee (1951:1-28) gee 'n goeie oorsigtelike beskouing van indelings van die variëteite van Afrikaans in studies tot 1950. In baie gevalle bestaan daar ooreenkomste tussen bogenoemde driedeling en die indelings wat deur Coetzee bespreek word.

Alhoewel die oosgrens van die negentiende eeu nie meer bestaan nie, word die term Oosgrensafrikaans nogtans gebruik omdat die taalvorm wat toe geografies geïdentifiseer kon word, tans nog voorkom, al lê dit wyd oor Suid-Afrika versprei.

1.3. Hoekom Oosgrensafrikaans?

Hierdie studie oor die variëteit Oosgrensafrikaans is 'n bydrae om gegewens oor die variëteit asook data oor die variëteit bymekaar te maak en dit sal dan lei tot beter insig oor Oosgrensafrikaans maar

maak en dit sal dan lei tot beter insig oor Oosgrensafrikaans maar ook tot kennis van die gebruik van Afrikaans in die algemeen. Vorige variasiestudies het reeds 'n goeie grondslag gelê vir die bestudering van taalvariasie in Afrikaans.

Om Oosgrensafrikaans te wil rekonstrueer, sou mens voor al die hindernisse te staan kom waarop ondersoek stuit wat op ouere spreektaalgegewens moet steun. Die probleem met data wat verkrygbaar is in die geskrewe woord, is of die skrywer wel geskryf het soos hy gepraat het. Hieroor sou ons vandag egter hoogstens kan bespiegel en poog om korrelasies te soek tussen die data wat so verkrygbaar is.

Vir die rekonstruksie van Oosgrensafrikaans bestaan daar darem nog ander hulpmiddels ook. Daar bestaan enkele opnames van bejaarde sprekers van latere subvorme van Oosgrensafrikaans, naamlik die Vrystaatse en Transvaalse Afrikaans vroeg uit die tweede helfte van die vorige eeu. Sulke opnames kan, as dit reg geïnterpreteer word, wel help om groter duidelikheid en kennis van Oosgrensafrikaans te verkry. Naas die opnames bestaan daar nog die materiaal oor Van der Merweafrikaans wat deur Hans du Plessis verwerk is (Du Plessis 1987a, 1987b). Die studie is egter moontlik gemaak, ten spyte van bogenoemde bronne, deurdat die RGN se navorsingsprojek oor Oosgrensafrikaans se data beskikbaar gestel is om die voltooiing van hierdie studie moontlik te maak. (Van Rensburg, 1991. Hedendaagse Oosgrensafrikaans: Navorsingsprojek ondersteun deur die RGN.)

1.4. Hipotese en doelstelling

Hierdie dialekanalise van die variëteit wat as Oosgrensafrikaans bekend staan, word gedoen met inagneming van sosiale en geografiese faktore. Dit word gedoen omdat dit die taalvorm is wat gepraat is deur mense soos die Vryburgers en deur die latere landelike niestandaardsprekers van Nederlands wat vir die uitbreiding uit die Kaap verantwoordelik was. Hierdie niestandaardsprekers van Nederlands het vir 'n kort periode hulself aan die Oosgrens van die vroeë negentiende eeu gevestig. Hulle taal het as gevolg van die min

kontak met die Kaap gestabiliseer geraak. Vanuit die oosgrensgebied het hierdie variëteit (veral met die Groot Trek) versprei na die binneland, hoofsaaklik na die Natal en Vrystaat. (Vgl. Kaart I : Vroeë variëteite van Afrikaans.)

'n Verdere bevestiging van hierdie geografiese verdeling tussen 'n oostelike variëteit (Oosgrensafrikaans) en 'n westelike variëteit (Kaapse Afrikaans) vind mens in S A Louw se Taalatlas. Hy het lyne getrek vir die voorkoms van *nōi* (geliefde), *laag* (die stoel moet hoër wees, hy is so te laag), *laagte* en *meul* (vgl. Louw, S.A. 1941 se bylae in :Taalgeografie). As hierdie lyne op een kaart aangebring word, val die ooreenkoms met die historiese verdeling tussen Kaapse Afrikaans en Oosgrensafrikaans dadelik op. (Vgl. Kaart II.)

Voorbeelde van Oosgrensafrikaans kan vandag ver buite die oorspronklike grensdistrikte aan die Oosgrens gevind word. Buite die uitstralingsgebied is die bestaan van die subvariëteite in Argentinië (vgl. Venter 1987) en in Angola (vgl. Du Plessis 1987, H C Kloppers 1986, Strydom 1963) die opvallende gevalle. In Argentinië is dié variëteit besig om te swig onder die beïnvloeding van Spaans. (Vgl. Venter, R. 1987:71. S.A. Tydskrif vir Taalkunde)

Die Dorslandtrekkers en hulle nasate het Angola later weer verlaat en teruggetrek deur Namibië na Suid-Afrika. Van hulle handlangers wat uit Suid-Afrika saamgegaan het, of wat op pad bygekom het, praat nog steeds dié Trekkers se variant van Afrikaans. Enkeles van hulle bevind hulle aan die noordgrens van Namibië (vgl. Du Plessis 1985b, 1987a en 1987b).

Die volgende doelstellings wil met hierdie ondersoek bereik word:

- 'n Samevatting van bestaande variasiestudies in Afrikaans.
- Die daarstelling van 'n basiese navorsingsmodel as riglyn vir verder navorsing oor Oosgrensafrikaans.

VROEË VARIËTEITE VAN AFRIKAANS

ORANJERIVIER-AFRIKAANS

1800

Hartbees

Buffels

29°

31°S

1750

BOKEVELD

ROGGEVELD

NUWEVELD

1780

Gt Tafelberg

1785

WYBOESBERG

1775

SNEEUWBERG

GT BRUINJESHOOGTE

WINTERBERG

ATLANTIESE OSEAAN

Graaff-Reinet

Springs

Tarka

Barlans

Koonap

Keijsers

33°

KAAPSE AFRIKAANS

1700

Zwartland

Paarl

Robbeneilands 1660
Kaapstad

Stellenbosch

Rodezand (Tulbagh)

Helks

Sonderend
Ziekenhuis

TYGERHOEK

ZOETENDAL'S VLEI

OOSGRENS-AFRIKAANS

GT. SWARTBERG
1770

Gamka

Groot

KOUGABERG

Gamkops

ALGOABAAT

MOSSELBAAT

PLETTENBERGBAAT

INDIESE OSEAAN

25°

27°




4a
KAAR I

Kaart II

Die onderskeiding tussen Kaapse Afrikaans en Oosgrens-Afrikaans op grond van taalkundige gegewens. (Gebaseer op gegewens van die Taalatlas: S.A. Louw, vgl. p.4)

**DIE ONDERSKEIDING TUSSEN KAAPSE AFRIKAANS EN OOSGREN-
AFRIKAANS OP GROND VAN TAALKUNDIGE OORWEGINGS**



- Om bestaande taalmateriaal (bande en transkripsies) te gebruik vir die opstel van 'n inventaris.
- Die sistematiesing en interpretasie van die verkreeë taaldata.

1.5. Samevatting van bestaande variasiestudies in Afrikaans

Met hierdie oorsig word beoog om 'n breë beeld te gee van wat reeds in hierdie veld gedoen is. Die werkswyse wat deur hierdie ondersoekers gebruik is, word beskou en kortliks geëvalueer. Moontlike leemtes kan dan uitgewys word.

Met so 'n kriptiese uiteensetting word dan beoog om navorsingsmetodes en -resultate van verbandhoudende studies oor variasie in Afrikaans saam te vat en te evalueer om sodoende 'n geheelbeeld te verkry. Die bymekaarbring van vorige studies in hierdie veld, kan daartoe bydra dat toekomstige studies hierby baat kan vind.

Daar is met groot vrug in hoofstuk 3 gebruik gemaak van die werk van Theo du Plessis in 1986, Bibliografie by die studie van taalvariasie in Afrikaans, om 'n opsomming te gee van variasiestudies in Afrikaans.

1.6. Die daarstelling van 'n navorsingsmodel

Met die daarstelling van 'n gemeenskaplike beskrywingsmodel kan navorsing wat betrekking het op variasies in 'n taal, wetenskapliker beplan en uitgevoer word. Die variasienavorser kan met behulp van die navorsingsmodel (p. 6a) sorg dat sy ondersoek se strukturering in die beplanningsfase min probleme oplewer.

Dit is egter belangrik om daarop te wys dat so 'n model slegs 'n riglyn is waarvolgens studies binne dieselfde studieveld kan plaasvind. Dit is uiteraard so dat elke afsonderlike studie noodwendig sy eie behoeftes en probleme na vore sal bring en dat 'n model nie voorskriftelik gebruik kan word nie. Dit kan slegs gebruik word om gemeenskaplike elemente in die studies oor dieselfde verskynsel te vergelyk en kontroleerbaar te maak. (Vgl. Diagram I.)

1.7. Werkswyse: 'n Inventaris van verskynsels in Oosgrensafrikaans

Met vorige variasiebeskrywings in gedagte, en die data uit beskrywings van Oosgrensafrikaans tot jou beskikking, kan begin word om 'n inventaris van ooglopende verskynsels in Oosgrensafrikaans op te stel. Om dit te kan doen, is gebruik gemaak van die RGN-navorsingsprojek oor die Afrikaans van die historiese Oosgrensgebied. Hierdie versamelde bandmateriaal is geneem en breë transkripsies is daarvan gemaak. Vanaf hierdie transkripsies is die materiaal verwerk om die verskynsels in vier kategorieë te verdeel nl.: fonologies, morfologies, sintakties en leksikologies. Die sistemativering van hierdie data behels dus die indeling van die verskynsels in taksonomiese kategorieë. Die data word nou opgeneem in 'n gestruktureerde inventaris wat in subkategorieë en fyner besonderhede onderverdeel word. Omdat nie noodwendig net verskynsels wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het, opgeteken word nie, kan toekomstige ondersoekers uit die breë inventaris uittreksels maak en verder die voorkoms van die verskynsels en die indeling daarvan bevestig of weerlê.

In hierdie studie word hoofsaaklik gekonsentreer op die eerste twee fases van die ondersoekproses. Die interpretasiefase word nie intensief aangeraak nie. Die inventaris van verskynsels skep juis verskeie verdere moontlikhede vir intensiewer navorsing en studie rondom die geïdentifiseerde verskynsels, hul voorkoms en hul herkoms. Ook ander verskynsels, soos bv. prosodiese en semantiese veranderlikes vereis nog verdere aandag.

1.8. Die fases van 'n taalvariasieondersoek


Soos reeds voorheen genoem, kan 'n taalvariasieondersoek in drie fases ingedeel word:-

- 'n dataversamelingsfase,
- 'n sistematiseringsfase en
- 'n interpretasiefase.

Die volgende uitgangspunte word as belangrik geag wanneer hieroor

Hierdie model vind sy toepassing in hierdie werk veral in die navorsingsdoelstellings (vergelyk p. 3), in die domeinaannames (vergelyk p. 6) en in die determinante van navorsing waar aansluiting gevind word by bepaalde uitgangspunte (vergelyk pp. 10-21). Hierdie model is vervat in Diagram I en is gebaseer op Dreyer, H. (1986:56) se beskrywingsmodel.

DIAGRAM I

Die wetenskaplike navorsingspraktyk

- 'n interpretasiefase.

Die volgende uitgangspunte word as belangrik geag wanneer hieroor besin word:

- Variasie in natuurlike tale kom sistematies voor.

Die wetenskaplike bestudering van taalvariasie hang met hierdie stelling saam. In bestaande variasieondersoeke word dié uitgangspunt algemeen aanvaar (vgl. onder andere Baily 1973:34; Bickerton 1975:66; Labov 1971, 1972; Tarone 1983; Vidos 1956:43 e.v.; Van Rensburg 1985:19).

Webb (1985:46-48) redeneer hieroor soos volg:

"...die taalwetenskap besef vandag dat linguistiese heterogeniteit 'n noodsaaklike, inherente kenmerk van menslike tale is, al sou geen eksterne faktore op hulle inwerk nie. Met linguistiese analises is in die sewentigerjare bevind dat daar linguisties geen verskil is tussen 'afwykende taal' en sogenaamde standaardvorme nie. Albei vorme is ewe sistematies en kompleks en sprekers kan onderskeidelik in dieselfde mate uitdrukking gee aan hul kommunikatiewe behoeftes."

1.9. Taalvariëteite en -variante is prinsipieel gelykwaardig

Die variante wat binne 'n variëteit van 'n taal voorkom, kan nie op grond van normatiewe oorwegings beoordeel en geëtiketteer word nie. 'n Variëteit behels 'n waarneembare verskil van 'n kontrasterende, konstante taalvorm. Die variëteit word willekeurig gekies uit verskeie moontlikhede, en word gemeet aan die standaardvorm van die betrokke taal. Laasgenoemde vorm word egter bloot om gerieflikheidsoorwegings so gekies op grond van eienskappe soos bv. algemene bekendheid.

Omdat taalgebruik sosiaal gedetermineer is (sprekers se taalgebruik verskil omdat hulle tot verskillende sosiale lae behoort - vgl. onder andere Labov 1971, 1972), bestaan daar onder nietaalkundiges die neiging om niestandaardvariëteite van 'n taal as minderwaardig te beskou. In der waarheid behoort alle terme wat lg. siening

ondersteun, vermy te word. Die term "vereenvoudiging" sal dus nie met 'n variasietaalkundebenadering versoenbaar kan wees nie. So sal bv. Afrikaans se werkwoordstelsel nie 'n vereenvoudiging van die Nederlandse stelsel wees nie, maar bloot 'n variëteit wat van lg. vorm verskil en as 'n gelykwaardige stelsel beskryf moet word. Die verskil kan dan ook in die interpretasiefase van so 'n variasiestudie verklaar word.

Vorme van Oosgrensafrikaans kan met ander woorde ook nie as "foutiewe" vorme van Standaardafrikaans beskou word nie, maar bloot as variante wat naas die standaardvorme voorkom en ook in dié terme verklaar kan word. Webb (1985:48) beklemtoon hier dat "hoewel tale in beginsel as gelyk beskou kan word, hulle tog in die praktyk radikaal kan verskil ten opsigte van byvoorbeeld aansien." Hoewel Standaardafrikaans, Oosgrensafrikaans, Oranjerivierafrikaans en Kaapse Afrikaans as variëteite dus gelykwaardig is, kan hulle nie as gelyk beskou word nie. Hierdie beginsel van gelykwaardigheid is belangrik by die deurvoer van 'n variasieonderzoek.

1.10 Dataversameling

Breed beskou het hierdie fase te make met die beplanning van die projek en die versameling van die materiaal waarmee verder gewerk gaan word. Dit behels onder andere die aanvanklike beplanning van die loodsondersoeke, die veldwerk (indien van toepassing), die seleksie van respondente, die seleksie en opleiding van veldwerkers, die opname van gesprekke, die opberg van die gegewens, transkripsies en transkripsietegnieke, opnametegnieke ensovoorts. Die dataversamelingsfase word later in hoofstuk 4 van hierdie studie vollediger uiteengesit.

1.11 Sistematisering

Die sistematiseringsfase behels die identifisering, klassifisering en uiteindelijke kategorisering van die versamelde data in taksonomiese kategorieë.

Hierdie studie is hoofsaaklik toegespits op die tweede van die drie ondersoekfases, omdat die opstelling van 'n inventaris een van die spesifieke doelwitte uitmaak. By die sistematiseringsfase is verskeie basiese beginsels en riglyne van belang.

Hoofstuk 2: Benadering

2.1. Variasietaalkunde en sosiolinguistiek

In 'n taalvariasiestudie moet onderskei word tussen die grammatiese taalgebruiksvariante en die eksterne faktore wat verantwoordelik is vir die voorkoms van die betrokke variante en variëteite. Die onderlinge verhouding tussen 'n spreker se sistematiese grammatika en die faktore wat hom as mens vorm, help om die voorkoms van sy idiosinkratiese taalgebruiksvariante te verklaar. Albei hierdie komponente kom sistematies voor en kan as sodanig deur taalondersoekers geïdentifiseer word. Daar kan dus onderskei word tussen variasietaalkunde (die ondersoekterrein van die grammatikapatrone van taalvariasie) en sosiolinguistiek (één van die terreine waarvolgens taalvariasie verklaar kan word en wat tot dusver die meeste aandag van variasietaalkundiges gekry het).

In hierdie studie word hoofsaaklik gekonsentreer op die sistematiese grammatiese variasie, terwyl die sosiolinguistiese determinante net kortliks aangeraak word.

2.2. 'n Basis vir variasietaalkunde: 'n inventaris van moontlike variante

Deur middel van die insig wat tydens die sistematiseringsfase na vore kom, word latere geldige verklarings tydens die interpretasiefase moontlik gemaak. Om 'n beeld van die totale variasie in Afrikaans te gee, sou 'n inventaris van al die variëteite binne Afrikaans en die variante binne elke variëteit saamgestel moet word. In hierdie studie word egter gekonsentreer op die variëteit Oosgrensafrikaans. Variasie kan in verskeie komponente voorkom bv. in 'n klankkomponent (fone en foneme), 'n morfologiese, leksikale, sintaktiese, semantiese en suprasegmentele komponent ens.

By die inventaris wat in hierdie studie opgestel word, word

patroonmatigheid binne elke komponent word met ander woorde in so 'n inventaris vasgelê.

2.3. Taalverandering?

Die voorkoms van variante naas mekaar impliseer dat die tradisionele siening van taalverandering bevraagteken kan word.

As 'n variëteit A na 'n variëteit B "verander", beteken dit dat die variëteit A verdwyn en voortleef in B. Volgens die tradisionele siening van taalverandering word talle voorbeelde van dié sg. taalverandering gegee, maar nêrens word aan bg. voorwaardes voldoen nie. Afrikaanse voorbeelde van "verandering" uit Nederlands word dikwels aangehaal (vgl. Raidt s.j.), terwyl dié Afrikaanse vorme ook (meestal) as niestandaardvorme voorkom. Wat wel soms bedoel word as daar van taalverandering gepraat word, is die vervanging van die toonaangewende sprekerslaag van die standaardtaal met 'n ander variëteit. Laasgenoemde variëteit is dus nie 'n nuwe standaardtaal nie - dit kry net standaardtaalstatus.

Volgens Van Rensburg (1985a:22-24) kom taalverandering slegs voor by bv. analogiewerking, die vorming van Intertale by taalaanleerprosesse, beïnvloeding deur ander tale, ensovoorts.

2.4. Sinchronie en diachronie

Die voorkoms van verskillende variante naas mekaar in 'n variantinventaris impliseer nou ook dat daar nie sprake kan wees van 'n ouer vorm wat oorgegaan het tot 'n jonger vorm nie. Die sg. "ouer" en "jonger" kom beide gelyktydig in hierdie inventaris voor, hoewel die gebruiksfrekwensie van die onderskeie variante mag verskil. Op dié wyse word ook die toepassings van die genealogiese metode (waarop die tradisionele siening van sinchronie en diachronie hom beroep) op variasiedata weerlê. Taalverwantskap (in terme van moeder-, suster- en dogterstale, ens.) blyk dus minder van toepassing te wees op die verklaring van variasiepatrone, as die hipotese van die golfslagteorie. Vir meer besonderhede oor die golfslagteorie vergelyk o.a. Antilla 1972:300, Boer 1924:1-3 en

Bickerton 1975:54-55. Ongelukkig het lg. teorie in die negentiende eeu heelwat veld verloor teenoor die tans nog bekende genealogiese beskouings.

2.5 Standaardtaal: Niestandaardtaal

Alhoewel hierdie bespreking lei tot 'n oorsig van niestandaardtaal en dan variasie, moet daar eers by die term "standaard" stilgestaan word, want volgens Van Rensburg (1983:15) "kan variante nie bestudeer word sonder verwysing na die norm waarvan hulle variante sou wees nie."

Sosiolinguïste kan ten opsigte van hul siening van standaardtaal in twee kampe verdeel word: dié wat glo in standaardtaal as 'n blote abstraksie, iets wat daargestel is deur 'n klein groepie sprekers, en aan die ander kant dié wat standaardtaal sien as 'n dialek wat verhef is tot die standaard as gevolg van status, politieke oorwegings en dies meer, maar wat 'n natuurlike taal is.

Hudson (1980:34) sien duidelik nie 'n standaardtaal as taal in die ware sin van die woord nie, want volgens hom kan dit beskryf word as "pathological in lack of diversity" en praat hy van die "unusual character of standard languages, which are perhaps the least interesting kind of language for anyone interested in the nature of human languages."

Van Rensburg (1985:135) en Milroy & Milroy (1985:19) beskryf standaardtaal as kunsmatig, 'n ideologie, 'n abstraksie en kom tot die slotsom dat 'n standaardtaal, in die gesproke vorm, nie bestaan nie. Dit klink na 'n strukturalistiese benadering en Webb en De Villiers (1985:193) noem hierdie siening tereg "chomskiaans" omdat so 'n benadering nog steeds nie kan wegkom van abstraksie, homogeniteit en 'ideaal' nie. Vir Webb en De Villiers (1985:193) is hierdie siening tradisioneel omdat dit standaardtaal sien as " 'n ekstern genormeerde bowegroepse taalvorm."

Coetzee (1982:281) fokus weer op die positiewe waarde van standaardtaal:dit is 'n meetstok waaraan variasie gemeet kon word. Coetzee (1982:281) som na 'n uitgebreide literatuursoektog 'n standaardtaal so op:

- " - Dit toon 'n taalverfyndheid aan
- Dit verbind die individu aan 'n gemeenskap
- Dit skep taaltrots
- Dit het 'n 'frame-to-reference'-funksie."

So 'n siening kan tereg "Laboviaans" genoem word omdat dit rekening hou met die natuurlikheid van taal - standaardtaal as 'n variëteit tussen ander variëteite wat op grond van nie-linguistiese faktore soos prestige verhef is tot die standaardtaal.

Standaardtaal word dus aanvaar as 'n natuurlike taalvorm, wat in geskrewe sowel as gesproke taalsituasies gebruik word. Coetzee (1982:277) bevestig dat standaardtaal "'n realiteit " is, "taal met inherente variasie wat dinamies is, omdat dit voortdurend onderhewig is aan samehangig met normverandering". Dit maak die siening dat standaardtaal homogeen is onwaar. Webb en De Villiers(1985:202) as voorstanders van 'n "Laboviaanse" standaardtaalsiening onderskei drie variëteite:

- Superstandaardafrikaans
- Formele standaardafrikaans
- Informele standaardafrikaans.

Hiervolgens is slegs Superstandaardafrikaans 'n fiktiewe variëteit, maar laasgenoemde twee 'n werklikheid en kon hulle volgens Appel et al (1977) se siening as "situasioneel" van aard gesien word.

Vir sover dit hierdie ondersoek aangaan, is dit nie nodig om verdere beskouings in oorweging te neem of om te probeer bepaal wie die aangewese siening oor 'n standaardtaal het nie. Dit is in elk geval nie so ter sake as daar van die aanname uitgegaan word dat Standaardafrikaans 'n variëteit naas ander variëteite is nie, hetsy

dit 'n abstraksie is en of dit inderdaad 'n objektiewe werklikheid is, dit "verander nie aan die feit dat dit in 'n variasieondersoek - as normdialek - gebruik kan word nie." (Du Plessis, 1987a:38).

Uit hierdie teoretisering en meningsverskille spreek dit duidelik dat "meer as een betekenis aan standaardtaal geheg kan word." (Du Plessis, 1987a:31)

In die variasieondersoek is dit nie van belang hoe Standaardafrikaans gestandaardiseer is en al die teoretisering daaromheen nie. Dit is van belang dat Standaardafrikaans die norm, die maatstaf is waaraan variasie binne Afrikaans gemeet moet kan word.

Niestandaardafrikaans is al die ander variëteite benewens Standaardafrikaans. Dit impliseer egter nie dat die standaardtaal beter of verheer bo ander variëteite is nie - dit is slegs 'n variëteit tussen baie, alhoewel 'n belangrike een. Dit strook dan ook met die algemene idee van die ontwikkeling van 'n standaardtaal, soos byvoorbeeld deur Appel et al (1977:130) gesien, as 'n variëteit wat onder die invloed van sosio-politieke faktore soveel prestige kry dat dit as norm erken word deur al die lede van die gemeenskap.

2.6. Terminologie: Variant, variëteit, taal, dialek en sosiolek

Alhoewel daar in linguistiese kringe nie eenstemmigheid is oor die omvang van elkeen van hierdie terme nie, volg hier kortliks 'n bespreking van wat met elk van die terme in hierdie ondersoek bedoel word.

'n Variant moet gesien word as 'n linguistiese item wat verskil van die norm, in hierdie geval Standaardafrikaans op 'n bepaalde vlak, bv. sintakties, morfologies of leksikologies. Sodra daar 'n patroonmatige sisteem van linguistiese items met ooreenstemmende sosiale en of geografiese verspreiding is, "word dit 'n variëteit (van die standaardtaal) genoem" (Du Plessis, 1976b:9). 'n Variëteit moet egter patroonmatig verskil van 'n ander variëteit op méér as

een analisevlak. Van Rensburg (1985b:127) verdedig variëteite as "nie foutiewe standaardvorme - hulle staan as gelyke taalvorme náas die standaardvorm."

Du Plessis (1987a:39) sê egter dit is nie net die "aan - of afwesigheid van verskynsels wat 'n variëteit as 'n variëteit kenmerk nie", want die variëteite is "heel dikwels bloot 'n kwessie van die voorkoms van variante."

By variasie moet onderskei word tussen linguistiese variasie en sosiolinguistiese variasie wat deel uitmaak daarvan, soos Stander (1990:270) dit verklaar: "Linguistiese variasie veronderstel fonologiese en grammatiese keuses.....wat nié sosiaal gemerk is nie, m.a.w. daar is geen sosiale rede waarom 'n spesifieke keuse gemaak word nie..... Sosiolinguistiese variasie berus op die feit dat daar 'n vorm(e) bestaan waarvan die een sosiaal gemerk is en die ander nie."

Dialek is die term wat algemeen gebruik word om die variasie in korrelasie met geografiese faktore en linguistiese variante te beskryf. Vir Joseph (1982:476) is 'n dialek die teenoorgestelde pool van taal waar dit die kriteria vir die indeling van 'n taal raak. Hy argumenteer: "If two systems do not differ from each other sufficiently to constitute two 'languages' then they are dialects of (or within) the same language. If a system has not developed into a 'standard language', then it is a 'nonstandard dialect'." Hy wys verder daarop dat 'n dialek - sosiaal en geografies - nie twee verskillende linguistiese klasse voorstel nie - Joseph (1982:476) : " A dialect is a dialect, 'geographical' and 'social' merely convey secondary information about the associated speech community." Du Plessis (1987b:19) sien dialekte as gebruikersvariëteite soos byvoorbeeld geografiese en sosiale variasie, maar nie as 'n gebruiksvariëteit (bv. styl) nie. Dialek word dus deur die gebruiker bepaal.

'n Sosiolek is weer die variasie wat 'n korrelasie tussen sosiokulturele faktore en linguistiese variante daarstel. Die term

dialek is vroeër dikwels gebruik waar dit sosiolek betrek het. Pienaar (1939:20) was bewus van die variasie in uitspraak van "persoon op persoon" en vind dat " hierdie afwykende uitsprake hulle in groter eenhede (laat) groepeer, wanneer sekere streke of klasse hulle afsonder van ander, deur uitsprake wat hulle om 'n werklike of denkbeeldige kern groepeer. Waar sulke groepe 'n definitiewe karakter dra, word hulle dialekte genoem." Op grond van die tipering van variëteite vooraf, is dialek en sosiolek niks anders as variëteite nie.

Downes (1984:21) het variëteite eenvoudig beskryf as 'n neutrale term wat enige manier van praat impliseer. Appel et al. (1977:23) sluit hierby aan deur te sê dat 'n variëteit tog nie so eenvoudig definieerbaar is nie en Hudson (1980:24) beskryf variëteit op dieselfde manier as 'n "set of linguistic items with similar social distribution." Volgens so 'n beskrywing sluit 'n variëteit alles van 'n taal, dialek tot styl in. 'n Variëteit kan dus groter wees as 'n taal, of aan die ander kant, slegs 'n paar linguistiese items bevat.

Die variasieopset word goed weergegee deur Hudson (1980:25) se siening van variëteite : "There are no restrictions on the relations among varieties - they may overlap and one variety may include one another. The defining characteristic of each variety is the relevant relation to society."

Appel et al. (1977:125) voer die argument verder deur te sê dat wanneer bepaalde variante kenmerkend is van die taal van 'n sosiaal onderskeidende groep, daar sprake is van 'n taalvariëteit. 'n Taalvariëteit kan slaan op 'n regionale dialek, groepstale ens. Dit kan beskou word as 'n deel van die totale verbale repertoire van 'n taalgemeenskap. Petyt (1980:12) beskou variëteit as die talle verskillende vorme van die taal wat dit moontlik maak om te onderskei tussen 'n " virtually infinite number of different forms of any language depending on just what linguistic features we focus on, and in how much detail."

Opsommend kan 'n variëteit so getipeer word:

- Groot/klein aantal linguistiese items (variante)
- Geografies/sosiaal/stilisties van aard
- Mekaar oorvleuel/insluit.

Dit lyk dus asof die term dialek betrekking het op alle variëteite, nie net die standaardvariëteite nie.

Wat sou nou die verskil tussen 'n variëteit (of dan 'n dialek) en 'n taal wees? Odendal (1984:265) beskou getal en onderlinge verstaanbaarheid nie as bepalende kriteria nie en gee twee riglyne wat kan help om te onderskei tussen taal en dialek:

- Taal strek oor 'n groter gebied heen as sy verskillende dialekte.
- Die sprekers se oordeel speel 'n rol - hulle weet of hulle dialeksprekers is of nie, en waar die grense tussen hulle dialek en ander dialekte val.

Bykomend kan die menings van ander linguïste genoem word:

- Dit is 'n saak van prestige (Hudson, 1980:30)
- Dit moet aan sowel bepaalde minimale linguistiese voorwaardes voldoen as aan bepaalde sosiale voorwaardes (byvoorbeeld dieselfde standaardtaal) (Appel et al., 1977:126).
- Non-linguistiese kriteria speel 'n deurslaggewende rol, byvoorbeeld kulturele faktore, politiek en die bewustheid van die sprekers (Petyt, 1980:12).

Vir Du Plessis (1987b:16) hou die verskil tussen taal en dialek verband met 'n lokaliteitsgebonde kleur: "Taal is nie aan 'n lokaliteit gebonde nie, terwyl 'n dialek oor die algemeen nie vir kultuurdoeleindes gebruik word nie" en "taal bestryk dus 'n groter gebied (nie net geografies nie) as wat die dialekte van dieselfde taal bestryk."

Du Plessis (1987a:38) gebruik die term variëteit " om te verwys na

enige vorm van Afrikaans wat op meer as een analisevlak sistematies te onderskei is van 'n ander vorm van Afrikaans."

Joseph (1982:474) se siening omtrent 'n taal sluit by laasgenoemde punt aan. Hy beskou veral Kloss se benadering as 'n bydrae omdat hy die belangrikheid van non-linguistiese faktore in die klassifikasie van tale beklemtoon en daarby voeg dat taalstatus nie deur linguïste aan 'n sekere dialek gegee word nie, maar "is established a priori by the community as a whole". Joseph (1982:475) self stel die volgende kriteria voor vir 'n analise vir die verskryging van taalstatus:

- strukturele kriteria
- funksionele kriteria
- sosiopolitiese kriteria

Laasgenoemde kriteria is non-linguisties. Die strukturele sluit maksimum homogeniteit en minimum diversiteit in. Funksioneel sluit dit funksies in wat 'n rol speel in die standaardiseringsproses, byvoorbeeld:

- Is dit simbolies van nasionalisme?
- Word dit as medium in die onderwys en tegnologie gebruik?
- Word dit geskryf en gepubliseer?

Sosiopolitiese kriteria sluit taalloyaliteit in en omvat, na Joseph (1982:476) se mening, aspekte soos die gemeenskap se eiewaarde ("Self esteem"), prestige tussen ander gemeenskappe en offisiële politieke status.

Watter voorstelling van standaard en niestandaard sou aan al hierdie vereistes voldoen?

Lê dialekte langs mekaar en vertoon hulle daarom ooreenkomste? Wat van die dialekte wat op die verskillende pole lê, beteken dit algehele vreemdheid? Is daar grade van verstaanbaarheid tussen dialekte solank hulle dieselfde standaardtaal deel: soos Petyt

(1980:13) meen?. Moet daar wyd onderskei word tussen formeel en informeel? Situasionele faktore op die kontinuum sou egter 'n betekenisvoller onderskeiding vir graadverskille wees wat voorsiening maak vir aspekte soos: kerktaal, regstaal en advertensietaal. Aan die ander kant sal daar geografiese en sosiokulturele variëteite lê.

Die ideaal is egter dat 'n situasionele dialekkontinuum binne elke variëteit sal voorkom -

dis tog net logies dat daar 'n formele en informele vorm binne alle dialekte vir elke situasie bestaan.

2.7 Taalgemeenskap versus Spraakgemeenskap

Die strukturalistiese siening het 'n taalgemeenskap gesien as 'n homogene groep sprekers. So glo Bloomfield (1967:38) dat die samebindende faktor in 'n taalgemeenskap die gebruik van dieselfde stelsels van taalkennis is wat ook op homogeniteit dui. Vir die taalgeografiese benadering is 'n taalgemeenskap egter die groep taalgebruikers binne 'n sekere geografiese gebied. Die sociolinguïste weer, sien taalgemeenskap as 'n gemeenskap wat sosiaal begrens is.

'n Taalgemeenskap is nie die groep mense wat dieselfde taalvorme deel, soos Bloomfield (1967:38) dit gesien het nie, maar wel die groep mense wat dieselfde sosiale norme het waarmee taalnorme gepaard gaan.

Du Plessis (1987b:119) kan hier ter ondersteuning aangehaal word: "Daar kan ook binne taalgemeenskappe sprake wees van taalvariasie en dit is daarom vir sprekers van 'n besondere taalgemeenskap moontlik om van ander kodes as sy eie gebruik te maak." Appel et al. (1977:128 e.v.) noem duidelik dat hierdie taalgemeenskappe nie noodwendig geografies hoef te wees nie omdat elke sosiale onderskeiding ook 'n taalgemeenskap kan definieer.

Bailey (1987:273) tref 'n onderskeid tussen taalgemeenskap en spraakgemeenskap. 'n Taalgemeenskap het volgens hom "a grammar with its manifold variants, the rules of the grammar are

implicationally arranged different subsets generating different isolects" en hy sien 'n spraakgemeenskap as : " determined by social judgements favourable (i.e. prestigious) or unfavourable - that given groups place on certain variables."

Du Plessis (1989:468) se siening oor taalgemeenskap is dat dit " (dus) sowel moedertaalsprekers as nie-moedertaalsprekers van Afrikaans in(sluit).....(en) word daar onder Afrikaanse taalgemeenskap die som van alle persone verstaan wat Afrikaans vir die een of ander funksie gebruik." Dit gaan dus in die taalgemeenskap eerstens om die gebruik van 'n gemeenskaplike taal afgesien van die doel.

Verdere samebindende faktore is " nie-talige binding, iets soos 'gemeenskaplike norme'." Dis juis hierdie aspek wat Du Plessis (1989:469) laat sê dat elke ondersoek se taalgemeenskap " anders geïdentifiseer kan word op nie-talige gronde (deur) telkens 'n ander groep sprekers van dieselfde taal in te sluit." Die belangrikste punte om by 'n taalvariasieondersoek in ag te neem, is die grootte, die aard en samestelling en die verspreiding van die taalgemeenskap. Op grond van die moedertaal-/eerstetaalaspek verdeel Du Plessis (1989:472) die taalgemeenskap in 'n primêre taalgemeenskap (eerstetaalsprekers) en 'n sekondêre taalgemeenskap ("wat 'n ander moedertaal het, maar wat tog van Afrikaans gebruik maak om sekere taalfunksies te verrig.")

Uit hierdie literatuurstudie kan tot die slotsom gekom word dat taalgemeenskap al die sprekers insluit wat 'n variëteit van 'n standaardtaal besig, byvoorbeeld Afrikaans. Daar bestaan dus uniformiteit ten opsigte van standaardtaal en variasie ten opsigte van variëteit en 'n taalgemeenskap is nie geografies of sosiolinguisties beperk nie.

'n Spraakgemeenskap daarenteen verteenwoordig die gebruikers van 'n variëteit en is geografies en sosiolinguisties bepaald. In 'n spraakgemeenskap bestaan daar uniformiteit van variëteit en diversiteit van ideolek.

Alhoewel daar in die Sosiolinguistiek uitgegaan word van die standpunt dat geen dialek ondergeskik is aan 'n ander nie, het van die dialekte in die Afrikaanse taalgemeenskap gestigmatiseer geraak. Volgens Botha (1989:129) kan dit toegedig word aan die "gebrek aan 'n sterk samehorigheidsgevoel" wat veroorsaak is deur " kulturele, genealogiese, etniese en selfs godsdienstige verskille" asook die verskil tussen die "relatief bevoorregte blanke heersersklas naas laer geplaasde of minder bevoorregte klasse met die gebruikelike neweprodukte wat 'n gemeenskapstruktuur van die aard oplewer: onderlinge eksklusiwiteit, distansiëring, vooroordeel, spanning, selfs stigmatisering van taalvariëteite." Daarom word tot die gevolgtrekking gekom dat in dié opsig die Afrikaanse taalgemeenskap " swakker as die som van sy dele is."

2.8. Interpretasie van die resultate

Wanneer die inventaris van variante (wat tydens die sistematiseringsfase gestalte kry) geïnterpreteer word, moet dit die sistematiese verskille met die betrokke standaardvariëteit probeer verklaar. Hierdie verklaring word gedoen in terme van o.a. die herkoms van elke variant wat voorkom. Dit geskied hoofsaaklik aan die hand van insigte uit nie-grammatikale faktore wat met menslike taal saamhang. Die verklaringswaarde kan selfs verhoog word deur meer as een nie-grammatikale faktor te kombineer om die wyse van die voorkoms van variëteite te verklaar.

In hierdie studie word (soos reeds onder Werkswyse: 'n Inventaris van verskynsels in Oosgrensafrikaans uiteengesit is) nie volledig oorgegaan tot die interpretasiefase nie. Hoewel soms terloops verklarende aantekeninge gemaak word, is dié studie hoofsaaklik beperk tot die sistematisering van versamelde data.

HOOFSTUK 3 : 'N OPSOMMING VAN BESTAANDE TAALVARIASIEONDERSOEKE IN AFRIKAANS

3.1. Oorsig

In hierdie hoofstuk word van die belangrikste taalvariasiestudies wat tot op hede in Afrikaans gedoen is, kortliks opgesom en gerangskik volgens jaar van publikasie. Nieuwoudt, H.P. 1990 p.26 e.v. se uitvoerige opsomming word hiervoor gebruik.

Volk en Taal van Suid-Afrika

Boshoff, S.P.E. 1921

Boshoff skryf aan die begin van die werk oor geadapteerde Afrikaans wat volgens hom vorme soos Engelsafrikaans, Duitsafrikaans, Hottentotafrikaans en Maleisafrikaans is. Hiervolgens behoort Griekwa-Afrikaans tot Hottentotafrikaans, alhoewel hy tog die verskil kon raaksien. Boshoff (1921:83) praat ook van Afrikaanse dialektiese verksynsels omdat hy versigtig is om van dialekte te praat: "Om van Afrikaanse dialekte te praat, moet hulle eers gelokaliseer wees, dit wil sê vir sover dit kan gedoen word. Maar dit is g'n bewys dat hulle nie bestaan nie: dit is hoogstens 'n bewys dat ons in Afrikaans nog so goed as g'n begin met die studie van ons dialekgeografie gemaak het nie." Die res van sy bespreking handel oor erfgoed, eiegoed en leengoed.

Kleurlingafrikaans: Die taal van die Griekwas en Rehobothbasters

Rademeyer, J.H. 1938

Hy gee besonder aandag aan die etnografie van die Griekwas en "basters" soos daarna verwys word in die werk. Kreoolse aspekte word aangeraak. Die afwyking van bogenoemde twee groepe se taalgebruik word bespreek aan die hand van die AB (Algemeen Beskaafd) soos dit toe bekend gestaan het. Beperkte aandag word geskenk aan die morfologie en sintaksis. Woordgebruik en die invloed van Engels,

Hollands en Duits word ook bespreek.

Praatjies oor ons taal

Le Roux, J.J. 1939

Volgens Le Roux sal die opmerksame persoon bewus raak daarvan dat daar nie ten volle "eenvormigheid" in Afrikaans is nie. Eenvormigheid word beskryf as "eentonig en ondoeltreffend" terwyl variasie "kleur en uitdrukkingskrag" aan 'n taal gee.

Volgens sy beskrywing van 'n dialek, naamlik dat die verskille groot en gevestig moet wees, is slegs die Afrikaans van die Maleiers en die Griekwas dialekte. Laasgenoemde Afrikaans tipeer hy as Kleurlingafrikaans.

Ander verskille in Afrikaans beskryf hy as "plaaslike verskille soos dit deur witmense gepraat word....die verskille nie groot en omvangryk nie." (1939:48).

'n Derde verskeidenheid wat hy in die taal opmerk, is "tegniese taal" waarvan hy regstaal as voorbeeld noem. Hy koppel hierdie verskeidenheid verder aan sosiale groepe: "dat mense met dieselfde belange graag met mekaar verkeer en dus maklik 'n bepaalde kring in die samelewing gaan vorm." (1939:55).

Praat u Beskaaf?

Pienaar, P. de V. 1939

Sodra daar onderlinge taalverkeer plaasvind, noodsaak dit 'n "eenheidsbeginsel" wat die standaarduitspraak is. Die standaarduitspraak word gedetermineer deur politieke, sosiale en ekonomiese faktore. In sy standaardsiening beweeg "afwykings" om "een of meer denkbeeldige kerns". Hierdie 'kerns' word dan bepaal deur standarde soos:

- die verstaanbaarheidstandaard,
- die sosiale standaard,
- die estetiese standaard en
- skrifstandaard.

Die uitspraak verskil van "persoon tot persoon" volgens Pienaar (1939:20). Hierdie verskillende uitsprake groepeer saam wanneer "sekere streke of klasse hulle afsonder van ander, deur uitsprake wat hulle om 'n werlike of denkbeeldige kern groepeer." Dit is dan wanneer daar van 'n dialek gepraat word. Die taal van die Kaapse bruin mense kan na aanleiding hiervan byna as 'n dialek beskou word terwyl die taal van die Rehobothbasters en Griekwas "met sy behoue oud-Nederlandse segswyses, sy sintaktiese afwykings en sy eienaardige uitspraak " gesien word as 'n "soort van heterogene dialek van Afrikaans" (1939:20).

Taalgeografie: Inleidende gedagtes oor dialekstudie

Louw, S.A. 1941

Hierdie bron asook 'n verdere werk van Louw in 1948 het 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die variasietaalkunde in Suid-Afrika gelewer. Hy bespreek terme soos taalgemeenskap en Algemeen Beskaafd asook die verskil tussen taal en dialek. Laasgenoemde verskil lê volgens hom daarin dat die "graad van afwyking in die reël tog wel groter is tussen tale as tussen dialekte"(Louw 1941:11). Hy vestig ook die aandag daarop dat waar 'n taalvorm afwyk van die algemeen-beskaafde vorm, dit nie as "minderwaardig" beskou moet word nie.

In hierdie taalgeografiese werk, stel Louw 'n aantal taalkaarte saam. Dit is egter bloot 'n aanduiding van taalverskynsels wat saamgroepeer (isoglosse) sonder om daaruit tot 'n gevolgtrekking te kom. Hierdie werk kan as die eerste werklike taalgeografiese werk in Afrikaans beskou word.

Taalomstandighede in Boesmanland

Brazelle, J.J. 1945

In hierdie artikel word die "taaleienaardighede en vreemde uitdrukkings" in Boesmanland geïllustreer aan die hand van 'n gesprek. Geen bespreking of sistemativering word egter gedoen nie.

Dialekvermenging en taalontwikkeling: Proewe van Afrikaanse Taalgeografie.

Louw, S.A. 1948

Louw gee buiten die aandag wat hy aan dialekte bestee, baie tyd aan "taalontwikkeling" en ook hoe Afrikaans uitgebrei het.

Taalgeografiese studies I

Coetzee, Abel 1951

Coetzee doen 'n geografiese variasie-analise op fonologiese vlak: a/e-wisseling. Hy bespreek die faktore wat die "ontwikkeling van vormvastheid" raak en gee taalkaarte vir:

laagte/leegte; laag/leeg; laer/leër/ , laagwater; aars/ners; aartappel/ertappel; knars/kners; marmot/meermot; parsie/persie; halfte/helfte; kan/ken.

Die Spreektaal in Noordwes-Kaapland

Opperman, P.A. 1951

Opperman beskryf dié variasie deur te sê dat dit 'n treffende mate van aanskoulikheid het. Enkele kleurvolle uitdrukkings en benamings en 'n paar grammatiese verskynsels word genoem.

Afrikaanse Visserstaal

Heiberg, L.R. 1957

Die vissers in die gebied tussen Port Nolloth en Jeffreysbaai word deur Heiberg gebruik vir hierdie ondersoek. Hy gaan bly tussen hulle en werk vir hulle. Alhoewel hy oor 'n periode van twee jaar die taal van die vissers opgeteken het, kan die betroubaarheid van die insameling van die data in twyfel getrek word. Hy het geen bandopnames gemaak nie en kon eers na 'n gesprek die spesifieke verkynsel of gebruik gaan opteken.

Hy bevind dat die taalgebruik afhanklik is van die "psigiese

ontwikkelingspeil, die beskawingsgraad van die spraakmakende gemeenskappe; dat die woordvoorraad, die sinsbou en die agrammatiese sintaksis daardeur aangetas word.... duidelik sodat die visserstaal kenmerke sal openbaar wat hom van ander groeptale sal onderskei"(1957:7).

'n Algemene karakteristiek van die Kleurlinge aan die Rand

Bothma, S.J. 1962

Hierdie werk is oorsigtelik met geen vaste struktuur nie. Volgens die skrywer is hierdie ondersoek gebore uit persoonlike belangstelling. Die steekproef is willekeurig en die onderhoude ongestruktureerd. Geen gevolgtrekking word gemaak nie. Die verskille is gesistematiseer. Hy sê egter dat die Afrikaans van die bruin mense geen aparte taal is nie, maar 'n dialek van Afrikaans en daar is dikwels nie 'n " wesenlike" veskil nie, net 'n graduele een.

Afrikaanse Taalstudies

Le Roux, T.H. 1965

In sy bespreking van dialekte beweer hy dat daar 'n opvatting bestaan dat dialekte gewoonlik baie argaïsties is - dit wil sê dit bevat nog taal wat eers tot die algemene spreektaal behoort het en nou al vervang is. Algemeen-beskaaf kom oor 'n groter gebied voor as die dialek en AB word geskryf daar waar die dialek net gepraat word en nie vir kultuurdoeleindes aangewend word nie. Daarom moet die "algemene landstaal behoudend van aard wees en kan dialekte gouer verander" (1965:53). Hy noem die verskille wat in 'n standaardtaal voorkom "eenheid-in-verskeidenheid".

Oor die ontwerp en vertolking van taalkaarte na aanleiding van enkele voorbeelde uit die Afrikaanse Taaltatlas

Saunders, S.S. 1966

'n Kort historiese oorsig van die ontstaan van die taalgeografie in alhoewel die dialektspreekers in alle lande gewoonlik die "minder

ontwikkelde klasse " is, dit egter nie as 'n "minderwaardige korrupte of verkeerde vorm beskou word nie" (1966:8).

Woordvormverandering in die Afrikaans van Bantoes

Van Wyk, E.B. 1966

Van Wyk beskryf die variasie van die gebruikers as "radbraking" wat in al die analisevlakke voorkom, naamlik die fonologiese, semantiese, morfologiese en die sintaktiese. Volgens hom kan versteurings van 'n sekondêre taal toegeskryf word aan die volgende faktore:

- By die aanleer van die sekondêre taal word die grondbeginsels van die moedertaal daarop toegepas.
- Ekstra-linguistiese faktore is ook betrokke, soos byvoorbeeld die taalaanleg van 'n persoon, die gebruiksfrekwensie en situasie waarin dit gewoonlik gebruik word, asook hoe die sekondêre taal aangeleer is.

Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans

De Klerk, W.J. 1968

Hierdie bydrae kan as een van die belangrikste bydraes rakende taalverskeidenheid in Afrikaans beskou word. Taalgebruiksverskille word op feitlik elke vlak in die taalsisteem aangetref soos op : fonemiese vlak, grammatiese verskille wat morfologiese sowel as sintaktiese verskille insluit, logotaktiese verskille en laastens leksikale verskille. Hy bespreek hierdie verskille, spraaklandskappe en die aard van isoglosse aan die hand van spraaklandskapkaarte.

De Klerk merk ook op dat taalgebruiksverskille "deureenloop" en nie altyd aan 'n bepaalde lokaliteit gebonde is nie. Sy siening van 'n standaardtaal is ook van belang omdat hy moderne sosiolinguïste vooruitgehoop het deur te sê dat die " kultuurtaal of AB-Afrikaans" nie 'n "soort kompromis" is "tussen verskillende taalvorme wat uitloop op 'n soort kleinste gemene veelvoud van dialekte nie"

(1968:220) en benadruk dat AB-Afrikaans nie 'n "territoriale grondslag" het nie.

Sosiaal gestratifiseerde taalbebruik in die Kaapse Kleurlinggemeenskap - 'n Fonologiese ondersoek.

Klopper, R.M. 1976

Klopper wil met hierdie ondersoek vasstel hoe die taalgebruik van die Kaapse bruin mense beïnvloed word deur sosiale faktore soos status, geloofsverband en ouderdom. Die studiemateriaal is beperk tot vier foneme, [r], [æy], [j] en [k].

Labov se navorsingsprosedure is geïmplementeer.

Klopper kom tot die gevolgtrekking dat hiperkorreksie, veral onder die middelklas, dui op taalevolusie. Hy hou 'n baie praktiese wyse voor om taalevolusie kwantitatief weer te gee wat die verskil in die gebruiksfrekwensie van formele en informele taalgebruik weergee.

Die stand van Afrikaans onder die Suid-Sotho in die R.S.A. 'n Sosiolinguistiese ondersoek

Klopper, A.H. 1981

Die werk maak deel uit van die landstale-ondersoek van die RGN. Daar is bevind dat taalgebruik van die Suid-Sotho 'n weerspieëling is van sy sosiale agtergrond. Verder kom Klopper tot die gevolgtrekking dat daar baie verskille tussen Standaardafrikaans en Afrikaans van die Suid-Sotho is, omdat daar baie verskille tussen die twee groepe sprekers is. Ten slotte sê hy dat beter taalgebruik gesonder mense- en volkereverhoudings skep.

Uitspraakvariante in Afrikaans aan die Witwatersrand

Louw, L.H. 1981

Hierdie ondersoek is beperk tot standerd 9-leerlinge in die omgewing van die Witwatersrand. Die onderhoude het bestaan uit gesprekke en 'n toetsleeslys om die variasie in die uitspraak van sekere klanke vas te stel. Variasie is ondersoek met inagneming van geografiese verspreiding, opvoedkundige vlak, sosiale en ekonomiese faktore, geslag en die invloed van Engels waar dit klankverskynsels soos t-affrikasie, w-variasie, j-ontstemming, a-ronding, e-verlaging, d-assimilasie en ontronding raak.

Taalverskeidenheid

Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J., red. 1983

Taalspesialiste lewer bydraes in die variasietaalkunde. Van Rensburg lewer 'n relevante inleiding vir 'n versameling van variasiestudies. Ondersoeke wat veral relevant is ten opsigte van hierdie studie, is die werk van R.M. Klopper, wat hieronder bespreek word in sy eie studie, en dié van H.G.W. du Plessis: "Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers" wat vervolgens bespreek word.

Verdere bydraes in hierdie werk sluit onder andere besprekings in van rugbytaal, gesinstaal, taal op die verhoog, babataal, flaaitaal, pleknaamtaal, Afrikaans uit die vorige eeu en gepidginiseerde Afrikaans.

Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers

Du Plessis, H.G.W. 1983

Die doel van hierdie ondersoek was om aan te toon of, en hoe Johannesburgse Omgangstaal (JOT) in bepaalde streke van Standaardafrikaans verskil en hoe dit korreleer met sekere sosiale veranderlikes. Veranderlikes soos sosio-ekonomiese klas, woongebied en ouderdom is betrek in die ondersoek wat in die Johannesburgse voorstede uitgevoer is. Daar word ten slotte tot die gevolgtrekking gekom dat variasie binne JOT aan sosiale faktore toegeskryf kan word.

Vokaalvariasie in die Afrikaans van die Griekwas van Griekwaland-Wes

Henning, P.J.P. 1983

In hierdie werk (waarby tien sprekers betrek is) word die vokaalvariasie van die Griekwas met Standaardafrikaans vergelyk. 'n Inventaris is opgestel en vokaalverplasing is bespreek onder vokaalverlaging, -verhoging en neutralisasie. Henning vind heelwat variasie binne Griekwa-afrikaans: onder andere dat Griekwas oor die algemeen neig om vokale te verkort. Verder vind hy dat daar by vokale 'n geneigdheid tot "vereenvoudiging, gelykvormigheid of ongespannenheid voorkom".

Kaapse Afrikaans

Klopper, R.M. 1983

Hy verkies 'n deduktiewe metode en skoei sy ondersoek op Labov se metodes (met aanpassings). Hy vind dat variasie binne-'n-taalsisteem sowel sosiaal gestratifiseerde taalgebruik as taalsisteemverandering in Kaapse Afrikaans (onderlê)".

Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans

Kotze, E.F. 1983

Taalvariasie binne 'n relatief homogene taalgemeenskap, die Maleiergemeenskap, word ondersoek. Hy toon aan dat minstens 54 persent van die nie-standaardkenmerke wat gedurende die vorige eeu gebruik is, nog steeds gebruik word. Labov se metode word gebruik en hy bevind dat taalevolusie voorkom. Kotze vind dat die "graad van godsdienstige ortodoksheid positief korreleer met handhawing van die omgangstaalnorm".

Die Afrikaans van Kharkams

Links, T.H. 1983

Die ondersoek het net bestaan uit respondente bo sewentig jaar omdat die jongeres se taal al verander het as gevolg van faktore soos taalkontak, massamedia, ensovoorts. Slegs informele gesprekke is met die respondente gevoer.

Links betrek die fonologiese, leksikale en sintaktiese vlakke in dié werk. Hy gebruik soos Verhoef (1988) net ouer respondente omdat die invloed van massamedia by die jongmense te bespeur is. Op fonologiese vlak word 'n aansienlike afwyking van die standaard gevind, maar niks opvallends in die sintaksis nie.

'n Sosiolinguistiese ondersoek na taalgebruik in Bellville-Suid

Van de Rheede, I. 1983

Van de Rheede wil vasstel of daar met betrekking tot die taalgebruik van 'n proefgroep respondente in die omgewing van Bellville-Suid 'n korrelasie bestaan tussen taalstruktuur en die sosiale veranderlikes waaraan die sprekers onderhewig is. Die waarde van 'n "empiries kontroleerbare navorsingsprosedure" word met die werk beklemtoon. Hy gebruik Labov se navorsingsmetode. Tien kenmerke van 'n onderhoud wat min ruimte laat vir natuurlike taalgebruik word deur hom onderskei. Vyf fonologiese veranderlikes word ontleed, naamlik: [r], [c], [j], [o] en [e].

Van de Rheede stel vas dat gestigmatiseerde variante meer voorkom by volwassenes en preadolesente as adolessente en meer by mans as by vrouens. Hy toon ook prosesse van taalevolusie aan.

Fonetiese variasie in die taal van die Rehobothbasters

Van Schalkwyk, D.J. 1983

Met dié studie wil hy vasstel wat die invloed van sosio-ekonomiese en geografiese faktore op taal is. Hy betrek analfabete en alfabete in sy ondersoekgroep. Beroepe wat baie belangrik is in 'n sosio-ekonomiese ondersoek word egter buite rekening gelaat. Geen korrelasie word gevind tussen ontronding en nasalering en nie-talige veranderlikes nie. Daar word verskil van Trudgill se siening dat vrouens se taalgebruik nader aan die standaardtaal lê as dié van mans. 'n Verdere bevinding is dat mans bo veertig binne die Rehobothgemeenskap die toonaangewers is van klankverandering.

Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare

Van Rensburg, M.C.J. 1984

Van Rensburg het opgetree as projekteier. Van die doelwitte wat onder andere vir hierdie projek gestel is, is om die verskille tussen Griekwa-Afrikaans (GA) en Standaardafrikaans (SA) aan te toon; om 'n "omvattende databasis van GA daar te stel", taalverandering aan te toon en om die variasie binne GA en SA aan te toon. Die metodologie wat in die sintaktiese analise van GA gebruik word, is die vyf fases van Hudson. Aan die einde van die sintaktiese oorsig sê Du Plessis (wat ook 'n medewerker aan hierdie projek was): "Op grond van die hoë mate van diachroniese verklaarbaarheid van 'n groot aantal van die sintaktiese variasiepatrone, kan die beskouing dat GA 'n veragterde variant of 'n Kreoolse vorm is, as wetenskaplike twak afgemaak word" (1984:188).

Hierdie is 'n omvattende navorsingsprojek wat die meeste fasette rakende GA bestudeer. Daar word in die verskillende dele aandag gegee aan die doel, metode, ondersoekgroep en organisasie van die projek, die betrek van ongewone nie-linguistiese faktore soos die bydrae van die Griekwa Nasionale Indepente Kerk en die analise van Griekwa-Afrikaans op die verskillende analisevlakke, die maak van gevolgtrekkings en nog méér deur gesaghebbendes op die terrein van Variasietaalkunde.

Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans in Pretoria

De Villiers, A. 1985

Hierdie werk is 'n pragmatiese taalondersoek binne maatskaplike instellings. De Villiers se doel was om reeds gedokumenteerde gegewens en teoretisering oor die aard, omvang en rol/funksie van standaardtaal en omgangstaal te bestudeer. Webb se klassifikasie van Afrikaans (in Standaard- en Omgangsafrikaans asook register) word as vertrekpunt gebruik. Aandag is geskenk aan die maatskaplike implikasie van linguistiese variasie.

Aspekte van die Afrikaans van die Riemvasmakers

Fourie, J.J. 1985

Fourie gaan van die veronderstelling uit dat Riemvasmaakafrikaans (RA) 'n vorm van Oranjerivierafrikaans is. Grammatiese en diskoersverskynsels word vergelyk met Standaardafrikaans en Griekwaafrikaans. Spontane taal word as ondersoekmateriaal gebruik - vertellings van volksverhale, eie ervarings, beskrywings en tegniese verduidelikings. Die ondersoekgroep is so gekies dat alle ouderdomsgroepe, sosio-ekonomiese klasse en beide geslagte veteenwoordig word. Hy beklemtoon dat deur RA in verband te bring met Standaardafrikaans en Griekwaafrikaans, "(juis bewys) word dat variasietaalvorme nie blote afwykings van 'n taalstruktuur is nie, maar dat almal 'n integrerende deel is van die Afrikaanse taal as 'n geheel" (1985:38).

Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans

Dreyer, H.C. 1986

Dreyer gee 'n paar beskrywings van variasiestudies in Afrikaans - veral waar Kaapse Afrikaans bespreek word. Die gelykwaardigheid van Kaapse Afrikaans naas ander variëteite word opnuut bevestig. Die klank, morfologiese en sintaktiese vlakke word in hierdie studie betrek.

'n Afrikaanse Chronolek

Du Plessis, H. 1986

Hierdie ondersoek maak deel uit van die navorsingsprojek oor Suidwesafrikaans. Van der Merwe-afrikaans wat vanaf 1900 nie meer kontak met die Afrikaanse taal het nie, behoort dus nog tekens van vroeë Afrikaans te toon. Dit kan dus 'n goeie aanduiding gee van die verandering in Afrikaans asook die ontwikkeling tot op hede.

Suidwes-Afrikaans

Du Plessis, H. 1986

In hierdie reeks van drie artikels wat in die Taalgenoot verskyn het, word verslag gedoen van 'n ondersoek wat gedoen is om vas te stel wat die stand van Afrikaans in Namibië is. In die laaste praatjie som Du Plessis op: Afrikaans lewe in Namibië; Afrikaans is voordat die blankes Namibië beset het, vir alle funksies gebruik en dit "(is) die gesamentlike moedertaal van verskeie groepe in SWA/Namibië" (1986, Taalgenoot 12: 11). Hier word ook uitgebrei op die variëteit Oranjerivierafrikaans en 'n paar verskynsels waaraan die variëteit herken kan word, word gegee.

'n Karakterisering van Dorslandafrikaans

Klopper, H.C. 1986

Dit is 'n sosiolinguistiese studie oor die Afrikaans van die Angola-Boere. Kenmerke van hierdie variëteit word uitgelig en die invloed van Portugees en inboorlingtale word verken. Dorslandafrikaans word hier met Standaardafrikaans en Voortrekkerafrikaans vergelyk en verskille op fonologiese, morfologiese en sintaktiese vlak gesoek. Daar word bevind dat Dorslandafrikaans 'n uitvloeisel van Voortrekkerafrikaans is en dat daar 'n groot aantal verskille tussen Dorslandafrikaans en Standaardafrikaans is.

Die Afrikaans van die Richtersveld

Van Rensburg, M.C.J. 1987

Die variasie van grammatikiese aspekte word op fonologiese, morfologiese, sintaktiese en semantiese vlak gedoen. Na afloop van

die ondersoek, word bevind dat Richtersveldafrikaans binne Oranjerivierafrikaans as variëteit van Griekwa-afrikaans en Namakwalandafrikaans onderskei word. Volgens hierdie verslag is daar baie semantiese en klankvariasie in Richtersveldafrikaans.

Aspekte van die omgangsafrikaans van geselekteerde woonbuurte in Pretoria

Webb, V.N. 1987

Labov se raamwerk vir stedelike taalondersoek word gebruik. Hy stel dit ten doel om in die ondersoek 'n databasis van die Afrikaans van die blankes in Pretoria tot stand te bring; om "interessante verskynsels" variasietaalkundig te ondersoek; om die variasietaalkunde as vakrigting wyer bekend te stel asook om 'n bydrae tot stedelike taalondersoek te lewer.

Aspekte van Oranjerivierafrikaans in die spontane gebruik van blanke boorlinge in Noord-Kaapland

Verhoef, M.M. 1988]

Verhoef bespreek Oranjerivierafrikaans om daardeur ooreenkomste tussen Griekwa-Afrikaans, Riemvasmakerafrikaans en Van der Merwe-afrikaans te bepaal. Verhoef bevind dat daar 'n beduidende ooreenkoms is. Die keuse van respondente word as lukraak beskryf en daar word gesê dat die kenmerkende spraak veral by bejaarde persone gevind is.

Sosiolinguistiese variasie en aspekte van die Fonologiese en Grammatiese realisering daarvan in Afrikaans

Stander, M. 1990

In hierdie variasiestudie wil Stander onderskei tussen linguistiese variasie en sosiolinguistiese variasie, met die wete dat laasgenoemde deel uitmaak van linguistiese variasie, dit wil sê daar is ook 'n verband. Alhoewel variasie fonologies of grammaties manifesteer, is variasie nie noodwendig "sosiaal gemerk" nie. Verder kan

sosiolinguistiese variasie nie in isolasie bestaan nie. Daar sal altyd 'n linguistiese variant daarnaas bestaan. Sosiaal gemerkte taalgebruik kan volgens Stander ook opgegradeer word sodat hy bloot as 'n linguistiese alternatief of keuse in die taal bestaan. Taalverandering word aangespreek en daarmee saam taalkontak en taalverwerwing as oorsaaklikhede. Hierdie studie raak net fonologiese en grammatiese aspekte aan met die semantiese teen die agtergrond en die leksikale word soos in die meeste variasiestudies afgeskeep.

3.2. Slotsom

Al was taalondersoeke aanvanklik net die weergee van taaldata, sonder om dit te sistematiseer of gevolgtrekkings te maak, was dit 'n vertrekpunt vir taalvariasie-ondersoeke. Al dié werk wat tot dusver in verband met taalvariasie gedoen is, dra nie net by tot beter begrip en insig van taalvariasie in die algemeen nie, maar veral van taalvariasie in Afrikaans. Dit bring mee dat huidige variasie-ondersoeke 'n sterk basis het waarvandaan daar gewerk kan word.

HOOFSTUK 4: 'N STANDAARD VAN HEDENDAAGSE OOSGRENSAFRIKAANS

4.1. Fonologiese reëls

Die tradisionele wyse waarmee klanke in 'n bepaalde taal beskryf is, het hoofsaaklik berus op 'n strukturele of transformasioneel generatiewe benadering. Klanke is beskryf wat hoofsaaklik voorgekom het in die standaardtaal. Hierdie klanke is fonologies as segmente beskryf wat in 'n interaksie mekaar beïnvloed het. Hierdie verskynsels het in die standaardvorm so opgetree dat hulle met reëls bereël kon word (sg. F-reëls). Waar hierdie reëls van toepassing is op die standaardtaal se struktuur, neem hierdie reëls nie die voorkoms van fonologiese prosesse wat in die ander variëteite van die taal voorkom, in ag nie. Vergelyk die volgende gegewens ten opsigte van die voorkoms van die slot - t in Afrikaans:

Na aanleiding van : nag, nagte, nagtelik; mag, magte, magtig; produk, produkte, produktief.....is dit moontlik om die volgende F-reël vir die aanwesigheid van die -t- op te stel:

$$\left[\begin{array}{l} -\text{son} \\ +\text{kor-son} \\ -\text{stem} \\ -\text{duur} \end{array} \right] \longrightarrow \phi \left[-\text{son} \right] \text{ — } \#$$

Die reël gaan uit van die onderliggende vorm (O.V.) wat 'n -t- in die slotposisie het. Kyk 'n mens na hedendaagse Standaardnederlands, dan kom vorme soos direkt, kast, kreeft, ligt, ens. algemeen voor en is dit 'n reël wat absoluut werk en by alle woordsoorte voorkom. In Afrikaans word sekere leenwoorde wat 'n slot-t het, in die spreektaal uitgespreek sonder 'n -t- bv. breakfast x brekfis_

compost x kompos_

connect x konnek_

Christmast x kris_mis

roughcast x rofkas_

roast beef x roas_ beef

toast x toas_

In die geskrewe taal kry mens steeds plekname wat met die slot-t geskryf word, vgl. Volksrust, De Wagensdrift, Utrecht, Zeerust ens. Hierteenoor word plekname soos Potgietersrus, Steynsrus, Laersdrif, Vandyksdrif ens. in die skryftaal sonder die slot-t geskryf. Kyk 'n mens egter na die gesproke taal, is daar weinig sprekers wat hierdie plekname wat 'n slot-t in die skryftaal het, as sodanig uitspreek.

Die volgende vanne het ook in die skryftaal 'n slot-t wat nie in die spreektaal uitgespreek word nie bv. Engelbrecht, Lampbrecht, Badenhorst, Wüst, Bronkhorst, Albrecht, Dykhorst, ens.

In die agtiende-eeu was die apokopee van die slot-t so algemeen dat die mense, bewus van die verskynsel in hulle gesproke taal probeer het om "korrek" te skrywe en dikwels hiperkorrekte vorme soos brieft, slaeft, kerkhoft, broekt, rokt en voorsetsels soos aft gebruik het. In die gesproke taal kom die volgende meervoudsvorme vandag nog algemeen voor bv. jasse x jaste

glimlagge x glimlagte

aanlêe x aanlegte

busse x buste

kwasse x kwaste

Na aanleiding van al bogenoemde gegewens is dit duidelik dat 'n reël wat hierdie verskynsel wil beskryf, nie die volle omvang van Afrikaans in ag geneem het nie, maar slegs 'n deel van Afrikaans in ag neem. Weer eens sou dit meer korrek wees om die verskynsel as "wissel af met" te beskryf en nie met 'n reël nie.

4.2. Fonologiese variasie


Die algemene siening in variasiebeskrywings gaan in die reël daarvan uit asof die standaardtaal die bron van die variasie sou wees, en beskryf die klanke van 'n variëteit asof dit 'n wysiging van die standaardtaalvorm is. Dat die betrokke klanke gewoonlik nie so 'n wysiging ondergaan het nie, kan maklik uit die geskiedenis daarvan aangetoon word (vgl. byvoorbeeld die klanke wat hier in Suid-Afrika deur die Koi en die slawe gevorm is in 'n poging om Afrikaans of Niestandaardnederlands te praat). In ooreenstemming met die feit dat

variasie ook in die geskiedenis van tale aantoonbaar is, word die variante wat beskryf gaan word, vergelyk met Standaardafrikaans wat bloot as 'n vergelykingsbasis gebruik word. Standaardafrikaans word dus as 'n variëteit van Afrikaans gesien waarmee 'n ander variëteit nl. hedendaagse Oosgrensafrikaans vergelyk word. Dit word hier beklemtoon dat die teoretiese uitgangspunt deurgaans rondom taalvariasie sentreer. 'n Verskynsel word m.a.w. nie as 'n proses van verandering nie, maar wel as 'n gelykwaardige variant uitgedruk soos hulle naas mekaar in 'n inventaris voorkom. In so 'n beskouing is dit dan gepas om begrippe soos "varieer" of "wissel af met" te gebruik in die beskrywingsmodel.

Om die interpretasie van die transkripsies en ontsluitings te vergemaklik - slegs 'n paar besonderhede ter verduideliking:

Die variante word telkens beskryf as "standaard x variant"(wat as prinsipiëel-gelyke taalvorme beskou word).

Op klankvlak word die meerderheid vokaalverskynsels in terme van "laag x hoog" en "hoog x laag", "voor x agter" en "agter x voor", "gerond x ondergerond" en "ondergerond x rond", "kort x lank" en "lank x kort" ens. beskryf. As basis vir die plasing van die vokale volgens dié kriteria, word die volgende vokaalkaart in gedagte gehou.



Konsonantvariasie word beskryf in terme van die klusterbegrip. Die variasie kom dus voor waar een konsonantkluster met 'n ander varieer - hier word \emptyset -konsonant-, eenkonsonant-, tweekonsonant-, driekonsonant en vierkonsonantklusters onderskei. Om die beeld van die variasie soos dit in die taalgebruik voorkom, volledig weer te gee, word vokale aan die grense van die klusters ook by die beskrywing van die konsonantklusters ingesluit wat steeds as konsonantklusters bekend staan.

Daar bestaan verder 'n indelingsprobleem t.o.v. die morfologiese en sintaktiese verskynsels. Dit is nie altyd duidelik of 'n verskynsel op woordvlak of op sinsvlak voorkom nie. 'n Herkategorisering van sulke verskynsels sal dus moontlik bly. Waar variante uit die inventaris gesistematiseer word, is 'n verwysingstelsel gebruik waarmee die variant nageslaan kan word uit die bande van die RGN-verslag. B7K1 beteken dan dat in band sewe se kant een die betrokke verskynsel voorgekom het. Nadat inventarisse opgestel is van variasies wat voorgekom het by vokale, diftonge en konsonantklusters, is die volgende kategorieë onderskei.

4.3. Vokale en diftonge4.3.1. Vokale4.3.2. Die wisseling van : Hoog x Laag

<u>Vokale</u>	<u>Standaard</u>	<u>Variant</u>	<u>Ortografies</u>	<u>Teks</u>
[o]x[ɔ]	[o:ək]	[ɔk]	ook	B1K1, B2K1
[u]x[ɔ]	[xənux]	[xənɔx]	genoeg	B3K2
[u:]x[y:]	[fərfu:r]	[fərfy:r]	vervoer	B1K1
[æ]x[ɛ]	[xəmæt]	[xəmet]	gemud	B1K1
[ə]x[ɛ]	[ənsprəŋ]	[ensprəŋ]	inspring	B1K1
	[əndra:ipapi:r]	[endra:ipapi:r]	indraaipapier	B1K1
	[əŋxədəp]	[ɛŋxədəp]	ingedip	B1K2
	[əŋkɔm]	[ɛŋkɔm]	inkom	B1K2
	[ənduik]	[ɛndøyk]	induik	B1K2
	[kəndərs]	[kjenərs]	kinders	B3K1
[e:]x[ə]	[hufe:əl]	[hufəl]	hoeveel	B1K1
[i:]x[e:]	[sti:mər]	[ste:mər]	'steamer'	B3K1
	[sti:m]	[ste:m]	'steam'	B3K1
[ɛ]x[a]	[kən]	[kan]	ken	B7K1
[y]x[ə]	[dɔkyməntə]	[dɔkəməntə]	dokumente	B7K1

4.3.2.1. Die wisseling van: Laag x Hoog

[ɔ]x[u]	[kɔrpɔra:si]	[kurpɔra:si]	korporasie	B1K1
	[ɔndər]	[unər]	onder	B2K2
[o:]x[u]	[ko:ək]	[kuk]	kook	B2K1
[a]x[ə]	[mafɪn]	[məʃɪn]	masjien	B1K1, B3K1
	[kalbas]	[kəlbas]	kalbas	B2K1
	[safra:n]	[səfra:n]	saffraan	B2K1
	[fanmɔ:rə]	[fəmə:rə]	vanmôre	B2K1
	[ənflama:si]	[ɛnfəlma:si]	inflammasie	B3K2
	[as]	[əs]	as	B5K1
	[karo:]	[kəro:]	Karoo	B5K1
	[make:ər]	[məke:r]	makeer	B3K2
	[kan]	[kən]	kan	B7K1
	[fandax]	[fədax]	vandag	B5K1

Die wisseling van : Laag x Hoog (vervolg)

<u>Vokale</u>	<u>Standaard</u>	<u>Variant</u>	<u>Ortografies</u>	<u>Teks</u>
[a]x[o]	[max]	[mox]	mag	B7K1
	[xədəx]	[xədəx]	gedag	B7K1
[æ]x[ɛ:]	[færdær]	[fɛ:dær]	verder	B1K1
	[værk]	[vɛ:rk]	werk	B3K1
	[mɛljunær]	[mɛljɪnɛ:r]	miljoenêr	B2K1
[ɛ]x[ə]	[xrɛ:s]	[xrɛns]	grens	B6K1
	[ɔrdəntləkə]	[ɔrdəntləkə]	ordentlike	B3K2
	[ɔmtrɛnt]	[ɔmtrɛnt]	omtrent	B1K1
	[ɛŋəlsə]	[ɛŋəlsə]	Engelse	B7K1
	[kɛn]	[kən]	ken	B6K1
	[xəvɛn]	[xəvən]	gewen	B6K1
	[ɛŋəlsəsəut]	[ɛŋəlsəsəut]	Engelse sout	B7K1
	[ɛn]	[ən]	en	B2K1
	[ɛnə]	[ənə]	en n	B2K1
[œ]x[ɛ]	[hœlə]	[hɛlə]	hulle	B6K2
[ɔ:]x[o:]	[wɛləumo:r]	[wɛləumo:r]	Willowmore	B6K2
	[smɔ:rɛns]	[smo:rɛns]	smôrens	B5K1
	[ɔrdəntlək]	[o:rdəntlək]	ordentlik	B6K2
[ɔ:]x[o:]	[vɔrt]	[vo:rt]	word	B7K1, B3K2, B3K1
	[mɔ:rə]	[mo:rə]	môre	B6K2
	[fanmɔ:rə]	[fəmo:rə]	vanmôre	B6K2
	[frɛidaxmɔ:rɛs]	[frɛidaxmo:rɛs]	Vrydagmôres	B6K2
[a]x[ɛ]	[asma]	[ɛsma]	asma	B7K1
[ə]x[e:]	[xəstər]	[ʔe:stər]	gister	B6K1
	[xəftəxə]	[ʔe:ftəxə]	giftige	B6K1
[e:]x[i]	[ve:ət]	[vit]	weet	B7K1
	[ve:tjəi]	[vijəi]	weet jy	B2K2, B2K1
	[ne:ə]	[ni]	nee	B6K1
[ɔ]x[ə]	[pɔrty:r]	[pərti:r]	portuur	B2K2
	[avɔnty:r]	[aventi:r]	Avontuur	B2K1, B2K2
[u]x[i]	[mɛljunær]	[mɛljɪnɛ:r]	miljoenêr	B2K1
[a:]x[ɛ]	[hɑ:rt]	[hɛrt]	haard	B5K2

4.3.3.

Vokaallengte (Hierdie tipe variasie gaan gepaard met breking)

4.3.3.1.

kort x lank

<u>Vokale</u>	<u>Standaard</u>	<u>Variant</u>	<u>Ortografies</u>	<u>Teks</u>
[a]x[a:]	[xat]	[xa:ət]	gat	B7K1, B3K1
[æ]x[ɛ:]	[værk]	[vɛ:ərk]	werk	B5K1
	[œytværkərɛi]	[əitvɛ:ərkərɛi]	uitwerkery	B3K1
	[pærdə]	[pɛ:rə]	perde	B3K1
[ɔ]x[ɔ:]	[ɔnsə]	[ɔ:ənsə]	onse	B12K2
[e:]x[e:ə][me:l]		[me:əl]	meel	B1K1

4.3.3.2.

lank x kort

[a:]x[a]	[sla:n]	[slat]	slaan	B7K1
	[xa:n]	[gat]	gaan	B7K1, B3K1, B2K1/2
	[la:t]	[lat]	laat	B7K1, B3K1, B1K2
	[ja:rə]	[jarə]	jare	B1K1
	[a:frika]	[afrika]	Afrika	B8K1
	[la:tərə:n]	[la:təran]	lateraan	B2K1
	[da:ldər]	[dalər]	daalder	B3K2
	[rəkɔda:ldər]	[rəkɔdalər]	riksdaalder	B3K2
	[ma:r]	[ma]	maar	B7K1

4.3.4.

Schwavariasie

	[kalbas]	[kəlbas]	kalbas	B2K1
[a]x[ə]	[kan]	[kən]	kan	B6K2, B1K1
	[as]	[əs]	as	B1K1
	[karo:ə]	[kəro:]	Karoo	B3K2
	[fanmɔ:rə]	[fəmo:rə]	vanmôre	B3K2
	[partəi]	[pətəi]	party	B5K2
	[ənflama:si]	[ənfəlma:si]	inflammasie	B2K1
	[məʃin]	[məʃin]	masjien	B7K1, B1K1
	[məʃinsak]	[məʃinsak]	masjiensak	B1K1
	[safra:n]	[səfra:n]	saffraan	B2K1

Schwavariasie (vervolg)

<u>Vokaa1</u>	<u>Standaard</u>	<u>Variant</u>	<u>Ortografies</u>	<u>Teks</u>
[ɔ]x[ə]	[pɔrtɥ:r]	[pɔrti:r]	portuur	B2K2
	[avɔnty:r]	[avɔnti:r]	Avontuur	B2K2
	[ulɔfsən]	[ulɔfsən]	Oelofson	B2K2
[e:]x[ə]	[kɔfiketəlci]	[kɔfiketəlci]	koffieketeltjie	B2K1
	[ɦufe:əl]	[ɦufəl]	hoeveel	B1K2
[ɛ]x[ə]	[ɛŋəlsə]	[əŋəlsə]	Engelse	B7K1
	[stɛmə]	[stɛmə]	stemme	B7K1, B7K2
	[ɔmtrent]	[ɔmtrent]	omtrent	B1K2
	[ɛŋəlsəsəut]	[əŋəlsəsəut]	Engelsesout	B3K2
	[ɔrdentləkə]	[ɔrdentləkə]	ordentlike	B3K2
	[kɛn]	[kɛn]	ken	B6K1
	[dɔkyməntə]	[dɔkəməntə]	dokumente	B7K1
[u]x[ə]	[mɛljun æ:ɹ]	[mɛljənɛ:r]	miljoenêr	B2K1
[i]x[ə]	[olifi:r]	[olɔfi:r]	Olivier	B5K1
[ə]x[e:]	[xɛstər]	[ʃe:stər]	gister	B6K1
	[xɛftɛxə]	[ʃe:ftɛxə]	giftige	B6K2
[ə]x[ɛ]	[əŋkɔm]	[ɛnkɔm]	inkom	B1K1
	[ɔ:fərskɛləxɦeit]	[ɔ:fərskɛləxɦeit]	onverskilligheid	B6K2
	[ɛ:sprɛŋ]	[ɛnsprɛŋ]	inspring	B1K1
	[əndra:ipapi:r]	[ɛndra:ipapi:r]	indraaipapier	B1K1
	[əndɛyk]	[ɛndɛik]	induik	B1K2
	[kɛndərs]	[kɛjɛnərs]	kinders	B2K2
	[əŋxɛdɛp]	[əŋxɛdɛp]	ingedip	B1K2
	[ən]	[ɛn]	in 'n oond	B1K1
[y]x[ə]	[dɔkyməntə]	[dɔkəməntə]	dokumente	B7K1

<u>Vokaaal</u>	<u>Standaard</u>	<u>Variant</u>	<u>Ortografie</u>	<u>Teks</u>
4.3.5.				
<u>Diftong</u> x <u>monoftong</u>				
[əi]x[e:]	[ɔmfəin]	[ɔmfɛ:n]	omhein	B9K2
[əi]x[ɛ]	[əintlək]	[ɛntlək]	eintlik	B7K2
[əi]x[e:]	[əintlək]	[e:ntlək]	eintlik	B12K1
[əi]x[ə]	[əintlək]	[əntlək]	eintlik	B6K1, B3K2, B2K2
	[əintləkə]	[əntləkə]	eintlike	B6K1

4.3.6.
Monoftong x diftong

[o:]x[œu]	[so:əntu]	[sœuntu]	soontoe	B7K2
[o:]x[o:i]	[so:əntu]	[so:intu]	soontu	B2K1
[ø:]x[œu]	[mø:lənɾəfi:r]	[mœulənɾəfi:r]	Mölenrivier	B2K1
[ɑ:]x[œu]	[xra:f/xra:və]	[xrœu]	grawe	B3K1

4.3.7.

Variante ten opsigte van die graad van ronding

Hierdie variasie kom by beide vokale en diftonge voor.

4.3.7.1
rond x ondergerond (diftonge)

[œy]x[əi]	[œyfiə]	[əijə]	uie	B2K1, B1K1
	[mœylə]	[mæilə]	muile	B2K1
	[mœyləva:əŋcis]	[mæiləva:ŋcis]	muilewaentjies	B2K1
	[fiəysə]	[fiəisə]	huise	B2K2
	[œytværkəræi]	[əitvɛ:rkəræi]	uitwerkery	B3K1

4.3.7.2.
rond x ondergerond (vokalê)

[ɔ]x[ə]	[pɔrty:r]	[pərti:r]	portuur	B2K2
	[avɔnty:r]	[avənti:r]	Avontuur	B2K2
[y:]x[i:]	[avɔnty:r]	[avənti:r]	Avontuur	B2K2, B1K1
	[dy:r]	[di:r]	duur	B3K1
	[fy:r]	[fi:r]	vuur	B5K1

<u>Vokale</u>	<u>Standaard</u>	<u>Variant</u>	<u>Ortografie</u>	<u>Teks</u>
<u>rond x ondergerond (vokale) - VERVOLG</u>				
[œ]x[ɛ]	[xəmət] [ɦœlə]	[xəmət] [ɦɛlə]	gemud hulle	B1K1 B7K2
[œ]x[ə]	[ləx]	[ləx]	lug	B3K1
[u]x[ə]	[məljunɔr]	[məljənɛ:r]	miljoenêr	B2K1
[y]x[ə]	[mynisipalitəit]	[mənəsəpalətəit]	munisipaliteit	B3K1

4.3.7.3

ondergerond x rond

[e:]x[ø:] [more:əsbærx] [morø:sbærx] Moreesburg

Oorronding wat as 'n vorm van hipperkorreksie gesien kan word, kom glad nie voor nie, bv. [xrykwas] x [xrikwas].

4.4.Konsonante4.4.1∅-Konsonantpatrone

___ x K (Nulkonsonant wissel met enkelkonsonant)

≠___ x ≠K (woordaanvangposisie)

___≠ x K≠ (woordeindposisie)

[arbɛi]	x	[arbɛit]	arbei
[ordə]	x	[ordər]	orde
[livɛrstə]	x	[livɛrstər]	liewerste
[andərstə]	x	[anərstər]	anderste
[sɛ:]	x	[sɛx]	sê
[lui]	x	[luis]	Louis

diftong + V x diftong + KV

[ɛiə]	x	[ɛikə]	eie
[ɛiə]	x	[ɛigə]	eie
[œiŋə]	x	[œijə]	uie

V + V x V + KV

[ɦo:ə]	x	[ɦo:gə]	hoë
[janyʔa:ri]	x	[janyva:ri]	Januarie
[fruʔər]	x	[fruɦərs]	vroeër

4.4.2Enkelkonsonantpatrone

Kx ___ (Enkelkonsonant wissel met nulkonsonant)

≠K x ≠___ (woordaanvangposisie)

Enkelkonsonantpatrone (vervolg)

≠K x ≠__ (woordaanvangposisie)

[≠h] x [≠__]
 [hɑ:rt] x [__ert] haard/herd

K≠ x __≠ (woordeindposisie)

[da:r]	x	[da:]	daar
[va:r]	x	[va:]	waar
[ma:r]	x	[ma]	maar

+K x +__ (Sillabe-beginposisie)

[fərandər]	x	[fəʔanər]	verander
[da:dələk]	x	[da:lək]	dadelik
[dærəm]	x	[dam]	darem
[həihɛt]	x	[hɛit]	hy het
[fanɔxənt]	x	[fəʔɔxənt]	vanoggend
[na:dərɦant]	x	[na:nt]	naderhand
[ne:xəntin]	x	[ne:əntin]	negentien
[ne:xəntinɦɔnərt ɛn ne:gə]	x	[ne:əntinɦɔnərt ɛn ne:gə]	
[tuɦɛt]	x	[tut]	toe het
[nœu hɛt]	x	[nœut]	nou het
[hɛi hɛt]	x	[hɛit]	hy het
[va:ɦənɦœys]	x	[va:nɦœis]	waenhuis
[va:ɦəŋcis]	x	[va:ŋcis]	waentjies
[smɔ:rəns]	x	[smɔ:rs]	smôrens

K+ x __+ (sillabe-eindposisie)

K x K
≠K x ≠K (woordbeginposisie)

[x]	x	[ɣ]		
	[xe:]	x	[ɣe:]	gee
	[xe:lsœykər]	x	[ɣe:lsœikər]	geelsuiker
	[xæxe:]	x	[xæɣe:]	gegee
	[xæɫci]	x	[ɣæɫci]	geldjie
	[xælt]	x	[ɣælt]	geld
	[xæltɕaki]	x	[ɣæltɕaki]	geldsakkie

[ɸx] x [ɸg]

[xæsæls] x [gæsɛls]

[ɸd] x [ɸl]

[dat] x [lat] ook [la:t] dat

[ɸk] x [ɸc]

[kənt] x [cənt] kind

[ɸd] x [ɸv]

[dat] x [vat] dat

Kɸ x Kɸ (woordeindeposisie)

[θɸ] x [tɸ]

[ləɪdɪsm~~ə~~] x [ləɪdɪsm~~ə~~t] Ladysmith

[ʃɸ] x [sɸ]

[pɔliʃ] x [pɔlis] polish

[nɸ] x [tɸ]

[xa:n] x [xa:t] [xat] gaan

[sla:n] x [slat] slaan

[sla:n] x [sla:t] slaan

[sin] x [sit] sien

[sta:n] x [sta:t] staan

K	x	K	(Sillabeaanvangsposisie)		
[tf]		x	[tj]		
		[bavija:nsklo:əf]	[boja:nsklo:f]		
+K	x	+__	(sillabe-beginposisie)		
[+t]	x	[+f]			
		{vatər}	x	{vafər}	watter
[+k]	x	[+c]			
		[mæisikəndərs]	x	[mæisicənərs]	meisiekinders
[+x]	x	[+g]			
		[ne:xəʔɛnfɛ:rtəx]	x	[ne:gənfɛ:rtəx]	nege en veertig
		[ne:xə]	x	[ne:gə]	nege
		[ne:xəntɪnfɛ:rtɪn]	x	[ne:gəntɪnfɛ:rtɪn]	negentien veertien
		[ne:xəʔɛnfəiftəx]	x	[ne:gənfəiftəx]	nege en vyftig
		[ne:xəjɑ:r ɛn sɛs mɑ:ndə]	x	[ne:gəjɑ:r ɛn sɛs mɑ:nə]	nege jaar en ses maande
[+x]	x	[+h]			
		[ne:xəntɪn]	x	[ne:həntɪn]	
<u>K</u>	x	<u>KK</u>			
≠K	x	≠KK (Woordaanvangsposisie)			
[≠t]	x	[≠tr]			
		[tərəx]	x	[trəx]	terug
K≠	x	KK≠ (Woordeindposisie)			
[ŋ≠]	x	[ŋs≠]			
		[ko:rəŋ]	x	[ko:rəŋs]	koring
[r≠]	x	[rs≠]			
		[fruɦər]	x	[fruɦərs]	vroeër
[r:]	x	[rt:]			
		[le:ra:r]	x	[le:ra:rt]	leraar

[nʃ]	x	[ntʃ]			
		[re:ən]	x	[re:nt]	reën
		[la:kən]	x	[la:kənt]	laken
		[bəxən]	x	[bəxənt]	begin
		[afxəba:kən]	x	[afxəba:kənt]	afgebaken
		[xəbəxən]	x	[xəbəxənt]	gebegin
		[məsxən]	x	[məsxənt] / [məsxəns]	Misgun
		[a:rbəi]	x	[arbəit]	aarbei

+K x K+K (sillabe-eindposisie)

[+p]	x	[+sp]			
		[se:nyve:pələ]	x	[se:nyve:spələ]	senuweepille

[s]	x	[st]			
		[basə]	x	[bastə]	basse (boombas mv.)
		[bəsə]	x	[bəstə]	busse (vervoermiddel)

[l+]	x	[ls+]			
		[aləs]	x	[als]	alles

[+m]	x	[+rm]			
		[bærgəme:stər]	x	[bærgərme:stər]	burgemeester

K x KKK

Kʃ x KKKʃ (Woordeindposisie)

[rʃ]	x	[rtsʃ]			
		[le:ra:r]	x	[le:ra:rts]	leraar

K x affrikaat

ʃK x ʃaffrikaat (Woordaanvangsposisie)

[ʃx]	x	[ʃxj]			
		[xəstərmədax]	x	[xje:stəmədax]	gistermiddag
		[xəstərnax]	x	[xje:stərnax]	gisternag
		[xəftəxə]	x	[xje:ftəxə]	giftige
		[xəstər]	x	[xje:stər]	gister

K x affrikaat - vervolg

[k]	x	[kj]		
		[kændsda:fə]	x	[kjændsda:fə] kindsdae
		[kənt]	x	[kjənt] kind
		[kærk]	x	[kjærk] kerk
		[kənt]	x	[kjənt] kind
		[kændərs]	x	[kjənərs] kinders
		[məisikændərs]	x	[məisikjənərs] meisiekinders
		[ɔptəl̩kənt]	x	[ɔptəl̩kjənt] optelkind
		[axtər̩klə̩nkənt]	x	[axtər̩klə̩nkjənt] agterkleinkind
		[klə̩nkændərs]	x	[klə̩nkjənərs] kleinkinders
		[kændər̩da:fə]	x	[kjənər̩da:fə] kinderdae
[ʃk]	x	[ʃtʃ]		
		[kənt]	x	[tʃənt] kind
[ʃj]	x	[ʃdʒ] / [ʃdʒ]		
		[jɔŋ]	x	[dʒɔŋ] jong
		[ja:r]	x	[dʒa:r] jaar
		[ja:rə]	x	[dʒarə] jare
		[ja]	x	[dʒa] ja
		[jakomina]	x	[dʒakomina] Jakomina
		[jɔŋməisi]	x	[dʒɔŋməisi] jongmeisie
		[ja]	x	[dʒa] ja
		[jɔŋ]	x	[dʒɔŋ] jong
		[jɛfr̩sba i]	x	[dʒɛfba] Jeffreysbaai (Engelse uitspr.)

Affrikaat x KK (Sillabe-aanvangsposisie)

+affrikaat x K+K

[tʃ]	x	[ts]		
		[mætʃis]	x	[mɛtsis] (Engelse woordeskat)

4.4.3.

Dubbelkonsonantpatrone

KK x _____

<u>Dubbelkonsonantpatrone</u>		-	Vervolg	
K + K	x	_____	(oor sillabegrens)	
[r+d]	x	_____		
		[da:r di]	x	[da:i]
				daardie
[r+ŋ]	x	_____		
		[da:r ŋet]	x	[da:t]
				daar het
<u>KK</u>	x	<u>K</u>		
KK≠	x	K≠ (Woordeindposisie)		
[rs]	x	[r]		
		[ældərs]	x	[ɛldə]
				elders
[rt]	x	[r]		
		[vɔrt]	x	[vɔ:rə]
				word
<u>≠KK</u>	x	<u>≠K</u> (Woordaanvangsposisie)		
[≠st]	x	[≠s]		
		[stampmilis]	x	[səmp]
				stampielies
[kr]	x	[k]		
		[krəŋ]	x	[kərəŋ]
				kring
<u>K + K</u>	x	_____ + <u>K</u>	(oor sillabegrens)	
[rd]	x	[r]		
		[hirdi]	x	[hiri]
		[pærdə]	x	[pɛ:rə]
				hierdie
				perde
[n+d]	x	[n+_____]		
		[andər]	x	[anər]
		[andərdaxmɔ:rə]	x	[anərdaxmɔ:rə]
				ander
				anderdagmōre
		[kəndərs]	x	[kənərs]
		[kəndərs]	x	[kjənərs]
				kinders
				kinders
		[ɔndərpla:s]	x	[ɔnərpla:s]
				onderplaas
		[ɛn di]	x	[ɛni]
				en die
		[kləinkəndərs]	x	[kləinkənərs]
				kleinkinders
		[fʊndərs]	x	[fʊnərs]
				hoenders
		[sɔndər]	x	[sɔnər]
				sonder

<u>K + K</u>	x	___+K (oor sillabegrens)	-	Vervolg
[t+d]	x	[+t] [œyt di]	x	[œiti] uit die
[l+t]	x	[+l] [ɦe:əltəmal]	x	[ɦeləmal] heeltemal
		[p+d] [ɔpdi]	x x	[+p] [ɔpi] op die
[rɦ]	x	[r] [da:r ɦɛt] [va:r ɦɛt]	x x	[da:rt] daar het [va:rt] waar het
[ld]	x	[l] [aldi] [da:ldər] [rəkɔda:ldər]	x x x	[ali] al die [da:lər] daalder [rəkɔda:lər] riksdalder
[mp]	x	[p] [pampunə]	x	[papunə] pampoene
[lk]	x	[k] [səlke] [səlke]	x x	[sə ke] sulke [səke] sulke
[tj]	x	[j] [vatjəi] [ve:ətjəi] [ve:ətjələ]	x x x	[vajəi] wat jy [vijəi] weet jy [vi ^h jələ] weet julle
[nm]	x	[m] [fanmɔ:rə] [fanmɔ:rə] [fanmɔ:rə]	x x x	[fəmə:rə] vanmôre [famɔ:rə] vanmôre [fəmə:rə] vanmôre

<u>K + K</u>	x	<u>+K (oor sillabegrens)</u>	-	Vervolg
[tʰ]	x	[ʰ] [la:tʰæle]	x	[la:ʰæle] ˈlaat hulle
[nj]	x	[j] [fərsta:n jəi]	x	[fərsta:jəi] verstaan jy
[rb]	x	[r] [pe:ərbo:əm]	x	[pe:rəbo:əm] peerboom
[lv]	x	[l] [møylva:əŋci] [kalvərs]	x	[møiləva:ŋci] muilwaentjie [kalərs] kalwers
[rk]	x	[r] [fərlo:rkant]	x	[fəlo:rəkant] verloorkant
[xt]	x	[r] [ræxtəx]	x	[rɛ:rəx] regtig
[rt]	x	[r] [dærtəx]	x	[dɛrəx] dertig
[xn]	x	[n] [maxna:t]	x	[mana:t] magnaat
[rf]	x	[f] (ook [nd] x [n]) [da:rfanda:n]	x	[da:fana:n] daarvandaan
[rm]	x	[m] [xəstər <u>m</u> ədax]	x	[xjɛ:stəm <u>ə</u> dax] gistermiddag

[n+d]	x	[n+__]	-	Vervolg	
		[fərandər]	x	[fəʔanər]	
		[fanda:n]	x	[fanɑ:n]	vandaan
		[andərkant]	x	[anerkant]	anderkant
		[ma:ndə]	x	[ma:nə]	maande
		[va:rfanda:n]	x	[va:rfana:n]	waarvandaan
		[vəntərma:ndə]	x	[vəntərma:nə]	wintermaande
		[re:ənma:ndə]	x	[re:nma:nə]	reënmaande
		[vəntva:ima:ndə]	x	[vəntva:ima:nə]	windwaaimaande
		[ən di]	x	[əni]	en die
		[andərstə]	x	[anərstə]	anderste
		[andərs]	x	[anərs]	anders
		[hɔndərt]	x	[hɔnərt]	honderd
		[hændə]	x	[hanə]	hande
		[vɔndər]	x	[vɔnər]	wonder
		[andərdax]	x	[anərdax]	anderdag
		[ɔndərvəis]	x	[ɔnərvəis]	onderwys
		[fan di]	x	[fani]	van die
		[vatvɔndərsə]	x	[vatvɔnərsə]	watwonderse
		[ɔndər]	x	[unər]	onder
		[brandəvəin]	x	[branəvəin]	brandewyn
		[filandər]	x	[filanər]	Philander
		[kəndərcis]	x	[kənərcis]	kindertjies
		[ɔndər]	x	[ɔnər]	onder
		[landə]	x	[lanə]	lande
		[skəndərbək]	x	[skənərbək]	skinderbek
		[tə landə]	x	[təlanə]	te lande
		[fandax]	x	[fədax]	vandag
[r+d]	x	[+r]			
		[da:rdi]	x	[da:ri]	daardie
		[fo:rdi]	x	[fo:ri]	voor die
		[o:rdi]	x	[o:ri]	oor die
		[pərdə]	x	[pɛ:rə]	perde
		[pərdəva:həŋcis]	x	[pɛrəva:hɪncis]	perdewaentjies
		[fərdər]	x	[fɛ:dər]	verder
		[hi:rdi]	x	[hi:ri]	hierdie

4.4.4.

DriekonsonantpatroneKKK x KKK + K x K

[lfd]	x	[l]			
		[sœlfdə]	x	[sɛlə]	selfde
		[disœlfdə]	x	[disɛlə]	dieselfde

KKK x KKKK + K x K + K (oor sillabegrens)

[rt+b]	x	[r+t]			
		[ɦartbe:swa:]	x	[ɦartəbe:swa:]	hartbeeswa

[lfd]	x	[lv]			
		[sœlfdə]	x	[sɛlvə]	selfde

[ndr]	x	[nr]			
		[andris]	x	[anris]	Andries

[nfl]	x	[nf]			
		[ənflama:si]	x	[ənfəlma:si]	inflammasie
		[ənflama:sibla:rə]	x	[ənfəlma:sibla:rə]	inflammasieblare

[ksk]	x	[ks]			
		[ɛkskys]	x	[ɛksy:s]	ekskuus

[rst]	x	[st]			
		[e:ərstəns]	x	[e:stəns]	eerstens

KKK x KKKK

[nkl]	x	[nskl]			
		[bɔbɛja:nklo:vərs]	x	[bɔbɛja:nsklo:vərs]	bobbejaanklowers

KK x KK

K + K x K + K (oor sillabegrens)

[sb] x [sp]
[pɔsbɔs] x [bɔspɔs] posbus

KK x KKK

K + K x K + KK (oor sillabegrens)

[st] x [str]
[xəstərə:nt] x [xəstrɑ:nt] gisteraand

[rt] x [rtl]
[pɔrtelɪsəbɛθ] x [pɔrtlɪsbɛt] Port Elizabeth

[fd] x [fst]
[fəɪfdə] x [fəɪfstə] vyfde

[mr] x [msr]
[vɑ:bo:əmɾəfi:r] x [vɑ:bo:msrəfi:r] Waboomrivier

[nk] x [nsk]
[bɛi?e:nkɔms] x [bɛi?e:nskɔms] byeenkoms

[nf] x [nsf]
[vɑ:fɛnfɛys] x [vɑ:nsfɛis] waenhuis
[væ:rɛlto:rloɪx] x [vɛ:rɛlto:rloɪx] wêreldoorlog

4.5. Morfologiese verskynsels

In baie van die gevalle kom vorms van hiperkorreksie voor, wat volgens Du Plessis (1987b:136 e.v.) 'n positiewe tendens is wat dui op " 'n vloeiende toestand of te wel van moontlike verskuiwing van ontwikkeling of t.o.v. die betrokke verskynsel."

Rangtelwoorde

telw. + de x telw + ste

En sy het op die vyfste vloer gestaan.

Die voorkoms van -ste in stede van -de kan moontlik toegeskryf word aan hiperkorreksie.

Vergelykingskonstruksie

Bywoord + ste x Bywoord + er + ste + r

lief - liewer - liefste x lief - liewerster

Adj. + ste x Adj. + er + ste

vroeg + ste x vroeërste boere

Die voorkoms van er + ste is moontlik weer 'n geval van hiperkorreksie.

Bywoord + ∅ x Bywoord + ter/te
anders x anderster/anderste

Bywoord + ∅ x Bywoord + ste
voor/vroeër x die voorste tyd (ou tyd)
die voorste dae/vorenjare

Bywoord + ∅ x Bywoord + er
op x gaan nog opper
het hier opper, bietjie opper gebly.

Adjektief + er x adjektief + der
 warmer x warmder
 skelmer x skelmders

Adjektief + er x adjektief + er + der

goed - beter x beterder

Adjektief + ste x mees + adjektief + e

sentraalste x Hy lê die mees sentrale in ,
 ini Langkloof

Attibutiewe "e"

— x e
 vol x volle kaste appels gedra
 swaar x sware weer
 bolangs x bolangse
 van die sware, bittere werk afgehaal
 regs x regse
 moenie gaan regse kyk nie
 Pure wit leraarts
 Hy kry klompes geld
 Hier's nou klompes mense
 Dis 'n sware lewe
 dit was pure Duitse Genootskap

Die gebruik van die dubbele komparatief is weer eens 'n voorbeeld van moontlike hiperkorreksie.

Die volgende twee uitdrukkings met komparatiewe het by dieselfde spreker voorgekom:

Hoe ryker wat jy groot word, hoe swakker is jy.

Hoe harder wat jy werk, hoe langer leef jy.

Die voorkoms van vergelykings is nie van so 'n beduidende aard dat

dit as 'n verskynsel wat tiperend van hierdie variant is, beskou kan word nie.

Meervoude

Die aan- of afwesigheid van 'n meervoudsaffiks is verspreid oor 'n groot klas woorde en nie beperk tot net sekere variante meervoudsvorme by bv. massanaamwoorde nie. Gevalle van hiperkorreksie is ook opgeteken en meervoudsvorming by Engelse woorde volgens die Afrikaanse reëls kom ook voor.

Die volgende voorbeelde is opgeteken:

Meervoud x enkelvoud

- s x - , bv. "Ons sing die Halleluja_ "
- e x - , bv. "dit is ôk seker deur armoed_ "
- s x - , bv. " Wat daar van elder_ af kom"
- e x - bv. "Wat die meul_ trek."
- e x - , bv. "boereraat_ van medisyne en goete"
- e x - , bv. "Tyd_ is heeltemal veran(d)er."

Die weglating van die -s by elders kan dalk toegeskryf word aan reduksie of analogiewerking.

Variante meervoudsvorming

Die meeste voorbeelde van hierdie meervoudsvorms kan en word as wisselvorms in die taal gebruik. Dit is dus nie noodwendig 'n "verkeerde" vorm nie, omdat dit nie 'n normatiewe ondersoek is nie. Die volgende voorbeelde is opgeteken:

e x te

basse x baste (boombas)

busse x buste(vervoermiddel)

— x [ə]/[ərs]

goed x goete
 rygoed x rygoete
 al die goed x ali goeters

— x [ə]

ham x Maar sy maak nou hamme
 peerboom x pereboom
 word x Dis droë worse
 biltong x en dit is biltonge
 klomp x klompe mense
 taal x dis vreeslik om sulke tale en goed
 trek x trekke hiernatoe
 saaigrond x saaigronde
 grond x gronde
 gesels x geselse gesels
 Die appelboom name x die appelbome byname
 Saterdagaaande x Saterdaaaande

s x e

Sondags x Sondae(van)
 planes x [plainə] (vliegtuie)
 Die meervoudsvorming vind volgens die Afrikaanse model by
 "leenwoorde" plaas.

— x s

stede x stedes Stede is reeds die meervoudsvorm van stad.
 Stedes is ook 'n moontlike geval van hiperkorreksie.

koring x korings
 Bantoemense x Bantoesmense van Grootplaas

In die volgende voorbeeld is die gebruik van die versamelnaamwoord
 die variant:

'n klomp Boesmangrotte x troppe Boesmangrotte.

Alhoewel sekere woorde se meervoudsvorm as 'n wisseling van s of

e kan voorkom, het die sprekers slegs -s-meervoude gebruik:

s/e x s
 handelaars/e x handelaars
 koperkandelaars/e x koperkandelaars
 rekenings/e x rekenings
 tekeninge x tekenings

e x se
 Skotte x Skotse (Hulle kom van Skotse)

es x ens
 meules x meulens

Verkleining

Die gebruik van die verkleiningsaffikse in gesprekke, het baie voorgekom. Die verkleiningsproses het plaasgevind met of sonder emotiewe waarde.

x Dim

papkuildak x papkuildakkies
 ruigtedak x ruigtedakkies
 kleur x 'n ander kleurtjie kry
 appel x appeltjie
 perske x persketjie
 trein x klein treintjie
 koffiekete x koffiekitteltjie
 geld x jy het die geldjies
 naweek x die ou nawekie skip x met die skippie gery
 woord x woordjie
 geskiedenis x ook 'n hele klein geskiedenisie
 muilwa x [maɪlwa:ncis]
 perdewa x per(d)ewa:entjies
 tjokker x tjokkertjie
 storie x storiëtjies

kinders x kindertjies

aaarbei x aaarbeibessies

wa x waentjie

belasting x belastinkie

koeldrank x koeldrankie

tee x 'n bietjie teetjies

storie x bleddie storietjies

watermeul x eike ou watermeultjies

By watermeultjies word 'n verkleiningsvorm gebruik wat varieer met die normale verkleiningsvorm (watermeuletjies)

knop x knoppietjies

sus x sussietjies

By knoppietjies en sussietjies het die sprekers 'n dubbele verkleining gebruik.

Die Werkwoord

het + verlede deelwoord x het + ge- + verlede deelwoord

Volgens die AWS (1991:14) kry voltooide deelwoorde en adjektiewe afgelei van werkwoorde wat begin met be-, er-, ge-, her-, ont-, en ver- nie ge- om verlede tyd aan te dui nie. Die gebruik van ge- saam met Engelse woorde kom ook voor.

het + ontwikkel x het + geontwikkel

het + oortree x het + geoortree

het + vertel x het + gevertel

het + begrawe x het + gebegrawe

het + ontmoet x het + geontmoet

het + ondersoek x het + geondersoek

het + begin x het + gebegint

het + betaal x het + gebetaal

Engelse voorbeelde met ge-

aangesign

geaverage

gepension

Die variasie wanneer deeltjiewerkwoorde gebruik word, is nie algemeen nie.

het + oorgeërf x het + geoorerf
ge- het ook voorgekom by die skakelwerkwoord.
 daar's party mense wat mooi huise gelaat maak het.

Die voorkoms van ge- by hierdie verlede deelwoorde is waarskynlik ook 'n voorbeeld van hiperkorreksie.

Persoonsvorming

kontrakteur x kontrakter
 Lutherse x Lutheraans
 waardeerder x Hulle stuur 'n waardeer om grond te waardeer

By kontrakter lyk dit asof ons te make het met die afrikanisering van die Engelse patroon (contractor), terwyl dit by Lutheraans 'n vorm van hiperkorreksie is. Waardeer kan 'n voorbeeld van woordsoortelike meerfunksionaliteit wees.

Geslag

Behalwe die voorbeelde wat onder voornaamwoordvorme p. later bespreek gaan word, kom slegs die vorms mevrou x miesies/ madam en meneer x mister voor by geslagsaanduiding.

Tussenvoegsels

Die voorbeelde wat voorgekom het, tree eerder soos tussenvoegsels as meervoudsaanduiders op. (Die term tussenvoegsel word ook 'n voegsel -s of -e genoem in die nuwe AWS (p.36))

x tussenvoegsel

Waboomrivier	x	Wabooms <u>r</u> ivier
senuweepille	x	senuwees <u>p</u> ille
hartbeeswa	x	harte <u>b</u> eeswa
peerboom	x	pere <u>b</u> oom
byeenkoms	x	byeens <u>k</u> oms

waenhuis	x	waenshuis
wêreldoorlog	x	wêreldsoorlog
Bantoemense	x	Bantoesmense
muilwaentjies	x	[mɔiləva:ncis]
snaaksheid	x	snaakseheid
bobbejaanklawers	x	bobbejaansklawers
verloorkant	x	verlorekant (Jy's in die verlorekant as jy jou met drink bemors.)
Almagtige Vader	x	Allemagtige Vader (Hiperkorreksie mag die rede wees waarom so 'n konstruksie geskep is.)
Skot	x	Skotsman (Dié voorbeeld is sekerlik net so na analogie van die Engelse voorbeeld "Scotchman" gevorm.)

Afleidings

Scholz (1965:12) wys, na aanleiding van die brief van Veldkornet Bezuidenhout, ook daarop dat "ons as besitlike voornaamwoord altyd verbuig (onze mager perden)."

Roux (1988:104) skryf dit ook aan die perifrastiese se toe.

Die se-konstruksie, veral die onse-vorm, word deur die meeste sprekers gebruik. Dié gebruik kan moontlik toegeskryf word aan hiperkorreksie van die se-konstruksie wat as genitiefsaanduiding optree. Verhoef (1988:143) meen ook dat hierdie besitsaanduiding by die derdepersoonsmeervoud nie gevorm is "na analogie van die Nederlandse verboë vorm onze" nie. Du Plessis (1987a:53) interpreteer die gebruik as 'n "verouderde res".

ons + snw.

onse ministers
 onse dinges
 onse lewe
 onse vee
 onse ouers

nie onse gewoonlike sak mielies nie
 onse per(d)e
 die vervoer van onse diere
 onse kjeners
 onse skoolhoof
 onse vervoer was nie sleg nie
 onse sake
 onse water
 onse konserte
 In onse dae is 'n man
 onse ou stamvader
 onse etenstyd
 onse taal gepraat

vnw + snw x vnw + se + snw
 hulle gesangeboek x hulle se gesangeboek
 my pa en ma x my se pa en ma

die + snw + se + snw x die + se + snw
 die man se senuweepille x die se senuweepille

ons x onse

onse het toe gery. Die gebruik van onse hier het egter niks te make met besitsaanduiding nie en sou eerder 'n analogiewerking wees.

Die volgende se-konstruksies het oor voorgekom:

vandag + se + snw x nou + se + mense
 nou se mense hou mos nie van boer nie.

In : "Hy't 'n winkelse besigheid gehad" lyk dit asof die se-vorm semanties iets van die -se in dingese wil oordra. Iets wat nie eksplisiet benoem word nie, maar tog aan die hoorder oorgelaat word om te besluit wat dit nou eintlik is.

Hulle is van Skotse afkoms/

Hulle kom van Skotland af x Hulle kom van Skotse af
Skotse is 'n voorbeeld waar die afleiding nie voltooi word nie.

syne x hom een

maar sy kan hom een kry.

Die gebruik van hom + een in stede van syne is moontlik daaraan toe te skryf dat die refleksief van hy nl. hom gebruik word in stede van die besitsvorm.

Leksikon

Die variante morfologiese afleidings, samestellings en samestellende afleidings wat deur die sprekers gebruik word, kan aan 'n verskeidenheid van faktore toegeskryf word.

geloof x geloofsbelydenis

bv. hulle is in dieselle geloofsbelydenis as daai mense is.

kontak x ontmoetings

bv. dit was eintlik die laaste ontmoetings wat ek nou van weet wat daai boere met hulle had.

wegtrek x uitgaan

bv. maar ag toe hulle uitgaan.....

Almagtige x Allemagtige

bv. Allemagtige Jesus Christus

verander x verbreek

bv. daai wet het verbreek.....

geskrik x verskrik

bv. Is hulle verskrik as hulle my sien (dokters)

oorerflik x oorerwens

'n oorerwend siekte

oorgeërf x geoorerf

bv. het geoorerf

gemaal x afgemaal

koffie gebrand en afgemaal

(afgemaal word hier gebruik in die paradigma van afoes, afsny, afdop

ens.)

geneem x aangeneem

Die Kakies het hulle met per(d)e aangeneem soontoe.

na-apers x apers

orde x order

bv. hier was 'n wet en order

inligting x uitligting

gesterf x afgestorf

bv. twee van my dogters is groot afgestorf
sy't afgestorf; hy't toe afgesterf

deelsaaiers x bysaaiers

intrekkers x inkommers

aanklag x te aankla

bv. om die saak te aankla.

is oorlede x het oorlede

bv. sy't haar twee kindertjies aan masels oorlede.

opgerolde koek x oprol

bv. so oprol met konfyt tussenin.

haal x behaal

bv. As dit die wil van die Almagtige Jesus Christus is dan behaal
ek tagtig.

maal x afmaal

bv. o, die afmaal was die bitterste

gekies x afgekies

en die plekke so afgekies

moelikste x bitterste
 bv. o die afmaal was die bitterste.

stampielies x samp

soos die samp wat nou hier is

snaakse gevoel (snaaksigheid/eienaardigheid) x snaakseheid
 bv. as ek voori snaakseheid kom

Universiteitsvrystelling x Universiteitsvrylating

dood x gedood
 bv. gedood van die koue.

beskaafd x beskaafdheid
 bv. hier was beskaafdheid gewees

ondiere x ongedierte

daarvolgens x naarvolgens
 bv. naarvolgens het die dogters uitgegaan.

begrafnis x begrawe
 bv. [es] ons begrawe dan moet ons daar staan
 (funksiewisseling van die snw x ww).

Christendom x christelikheid
 bv. om die christelikheid uit te brei.

brei uit x brei voort
 bv. Vir my is hy verlate, hy brei voort.

Afgesonder x verlate
 bv. Vir my is hy verlate, hy brei voort.

meisiekind x meisiemens

uitbreiding van die godsdiens x goddelike uitbreiding
So't die goddelike uitbreiding bestaan.

hart x hartland
bv. Hoe ek die hartland ingegee het.

van adel afkoms x 'n adelafkoms
bv. Juffrou was 'n adelafkoms gewees.

slawetyd x slaaf tyd
bv. Die ouvrou kan jou nog vertel van die slaaf tyd.

polisieman x polies

Transvaalse vrou x 'n Transvaalvrou

Solo(ge)sing x solosang
bv. het sy alleen solosang gehad.

koors x koorssiekte
het mos koorssiekte baie regeer.

voorgekom x regeer
het mos koorssiekte baie regeer

waarvandaan x waarvanaf

daarvandaan x daarvanaf/ daarvanaanaf

hiervandaan x hiervanaf

By waarvanaf en hiervanaf kan dit moontlik ook wees dat hiervandaan
+ vanaf saamgetrek word tot hiervanaf en waarvanaf.

vroeërjare x vorenjare

goddeloosheid x goddelosigheid

eertydse x voortydse

eertyds x voortyd

selfstandig x op homself nie

Die Republiek was nog nie op homself nie.

begin x beginne

voorouers x voormense

uitlê x uitlegge (chronolekties)

hoë x hoge (chronolekties)

onbevoeg x onbekwaam

aanbou x aanboue

dinges x dingese

swaar x sware

bv. die sware weer

bolangs (uiterlike, algemene) x bolangse

opgaar x vergaar/ vergader x vergaar

dan is dit reg nou om water te vergaar.

harde werk x hard werk

bv. die hard werk.

druk x verdrink

bv. (appels) verdrink mekaar te veel.

gerestoureer x restoureer

bv. is hy mos geheel en al restoureer.

rapporteur x report

dubbelganger x dubbelgang

ontslaan x ontslag

bv. sy's ontslag.

goedgelowig x goedgeloof

aan bewind gekom het x toe hy aan hoogte van sake gekom het.

Verbouereerd x bouereerd

bv. Jy maak hom bouereerd.

Appelbome x appels

bv. al die boere het appels geplant.

appeltyd x appels

bv. een maal 'n jaar net na appels.

(appels word gebruik as allesinsluitend rondom die appelbedryf.)

bloeddruk x bloed

bv. Ek lei aan hoë bloed.

Meerfunksionaliteit kom by die volgende gevalle voor:

drank x drink

bv. As jy jou met drink bemors.

waardeerder x waardeer

bv. Kyk, hulle stuur 'n waardeer om grond te waardeer.

reën x gereent

bv. tot laat hulle plekke nou weer gereent is.

kneusing x kneus

bv. vir die kneus.

Wind wat waai x windwaai

bv. ons het windwaai in die somer.

breek af x afbreek

bv. Drank is die afbreek van 'n man se lewe.

Uiteindelik x langelaas

bv. en hy is op die langelaas, blink hy soos 'n bottel.

4.6. Sintaktiese variasie

Die variasie wat voorkom kan aan 'n verskeidenheid oorsake gekoppel word waarvan sosiolinguistiese oorsake die mees waarskynlike rede, maar sekerlik nie die enigste rede is nie. Gesprekstrategieë moet noodwendig in ag geneem word want baie van die respondente is goeie sprekers of dan eerder vertellers wat 'n verskeidenheid van tegnieke gaan aanwend om sy storie te vertel. Fourie (1985:192) sê hieroor: "Diskoers het te make met die funksies van taal in gebruik. Implisiet het taalgebruik die funksie om interpretasie van uitings in 'n bepaalde rigting te stuur. Die spreker is moontlik nie eers altyd self bewus van hoe hy dit doen nie."

Lidwoorde

Konstruksies sonder lidwoorde (bepaald en onbepaald) kom algemeen onder al die respondente voor. Volgens J. du P. Scholtz (1965:25) word daar beweer dat "die weglating van die lidwoord in Afrikaans aan Engelse invloed te wyte is. Die feit dat dit so veelvuldig by Bezuidenhout voorkom, maak dit onmoontlik. Vroeër kon die lidwoord trouens ook in Nederlands weggelaat word."

die + snw x ____ + snw

bv.en ons huis verkoop aan, aan ____ regering.

....as ek voori snaakseheid kom uit ____voete uit....

Sy het nie ____abc geleer nie.

Nou sit ek in ____ Langkloof se outehuis al...

Kyk hierso in De Mist en Jansens het hierdie toer gekom in ____ Langkloof.

want ___ kerk is vyf-en-sewentig jaar
 dan word ___ patats, die plaat met patats ingesleep.
 Hulle het geweet die grond sal onder ___ dorpsbestuur val.
 hy gaan nie vir jou 'n kind in ___ wêreld laat kry nie.
 Ons het ___ service afgesny.
 Ons het nie ___ reg gehad om meel te sif nie.
 en hy wys my pa ___ groot steenbras, rooi steenbras.
 Toe't hulle ___ Baai gaan bly (ook vs-weglating).
 ...die mense die goed gery Port Elizabeth toe op ___ ossewa.

'n + snw x ___ + snw

lat hier nie ___ vlieg in die koffie val nie.
 ___ Boer maak nie sy kjeners ledig groot nie.
 Ek was ___ Olivier.
 Nou die koffie het nie ___ naam gehad nie.
 Ek moet nie in ___ groot byenskoms wees nie.
 eers ___ draai in die kamer gaan maak.
 Die vrou se heengaan het my so ___ skok gegee.
 ...het op ___ droë plaas grootgeword.
 nes 'n papier wat mos so ___ bording het.
 ... hulle ___ nuwe battery insit.
 jy kan vir jou lampolie, was ___ pennie 'n bottel.
 en die dokter sê vir my hy't daar so ___ lekker boek om te lees.
 ... die abc op in ___ Bantoetaal.
 ... is ook maar ___ gebore Haarlemmer.
 ons het ___ misvloer gehad.
 ons het ___ papiervloer gehad.
 hier was ___ paar perebome.
 Ja, ek is ___ Groenewald.
 hulle het mos so ___ leertjie...
 hulle het so ___ tongklap gehad.
 [ə's] jy hom 'n dekseltjie opsit, dan's dit ___ kastrol.
 so ___ entjie hiervanaan af.
 toe sy nog ___ slaaf was.
 Hy was ôk nou ___ groot man toe hy, ons hierheen gekom het.
 miskien kan hy ___ fotostaat van die boek laat maak.

Hier's nou ___ waterfiskaal wat net vir jou kom briefies afgee.
 'n klipsweet, dis so ___ ding
 dan kom so ___ klomp bymekaar
 dan sit ons sommer so ___ k[ə]ring
 as hulle wil werk, kan hulle vir hulle ___ ordentlike plek gemaak
 het.
 Ek weet nie of dit ___ dorp is nie.

so ___ koperverwarmer
 net so ___ voetstuk het hy gehad en dan die koperbak.
 maar die papiervloere die weet ek het my pa-hulle so ___ plank gehad.
 so ___ stukkie seep.
 My ma het skelm vir hulle 'n jamrol...jy weet mos... so ___ oprol met
 konfyt binne-in.

_____ + snw X die + snw

... ek dink wat die Haarlem 'n bietjie agter gemaak het...
 ... en is hy op die langelaas blink hy soos 'n bottel.
 as jy die masels kry.
 Nou, die Dingaans
 Ja, toe's die apartheid lankal in
 Ja, toe wil hulle die apartheid hê.
 oor die apartheid, kyk toe kom die apartheid.
 ..ons sing die Halleluja.
 ..is maar agterna wat die wyn uitgekom het.
 ..en daar waar jy omgegaan het na die Skuitbaai toe.
 daar't ons nou maar die water geskep en gedra
Die yster kan onse land se mense nog nie werk nie.
 ...in die sewentig wat hier werk, vroumense ook....die Haarlem se
 mense.
 het mos die operasies gehad.

___ + snw x 'n + snw

'n klipsweet
hierdie Langkloof bestaan uit 'n përewaentjies.

Juffrou was 'n adelafkoms (ook vs.-weglating).

Dit is nou 'n lank, lankal se besigheid daardie.

Hy loop tot by 'n George.

'n appelbome

kerse met 'n lampolie

Hy't nou gekom, gekom van 'n Helena-eiland.

en die ander een het 'n longontsteking gehad.

Ek het hier gekom toe's ek 'n veertien jaar oud.

Baie van die onbepaalde lidwoordtoevoegings kan ook toegeskryf word aan 'n huiwering om moontlik vir 'n oomblik die gedagtes agtermekaar te kry om die korrekte woord te seek.

dit x die

Daar het ek die vir jou gebring

Ja, dit was hulle, Ja-nee hulle was, nee, die was hulle.

daarvoor x die

maar die papiervloere die weet ek het my pa-hulle so ___ plank gehad (onbepaalde lidwoord-weglating).

'n x die

met die helemal seildak.

Setsels

vs + N x ___ +N

in bv. dan sit ons sommer so ___ ___ k[ø]ring. (Ook lidw.-weglating.)

by bv. Hy het tot ___ Avontier met die treintjie gekom.

na, in, bv. om ___ onse kinders ___ Bloemfontein te gaan.

in, bv. met die ou treintjie gekom ___ Desember.

met, bv. seker ___ als, vuurgemaak/ Sy was ___ Pieter Barnard getroud.

in, bv. toe sy ___ standerd drie was, het ek ons....

by, bv. Humansdorp () gery tot ___ Avonturier. (toe-weglating).

in, bv. is ôk ___ Afrikaans.

by bv. dis ___ Milnerton, dis net hier om die hoek.

op bv. maar ek (___) hom agter ___ my ruf gedra (het-weglating).
en die kant daar waar ons ___ die ou plasie gebly het.

na, bv. __Hy't toe nog vir my gesê ek moet gaan eintlik ___
Willowmo:r.

in, bv. Ons het dit nie ___ () hande nie (ons-weglating).

in, bv. Toe't hulle ___ () Baai gaan bly het (die-weglating).

aan Ja, daai oumense het geglo ___ familie-name.

Setseleaanvullings

Volgens Ponelis (1979:180) vertoon dit as setselaanvulling
verskillende vorme soos:

aan + dit > hieraan,

in + dit > daarin, ens.

dit vertoon egter nie hierdie vormverandering wanneer daar
gepaardgaande nadruk voorkom nie of wanneer dit aan die hand van die
Engelse voorbeeld gebruik word nie. Onder die voorbeelde uit die
opgestelde inventaris het redelik baie dit-gevalle voorgekom. In
sommige gevalle kan die setselaanvullings moontlik aan bogenoemde
redes toegeskryf word. Die voorwerpsvorm hom vir dit het by 'n paar
gevalle voorgekom.

waarom x wat + hom

Dis nou wat noem hom Skuitbaai

daarvoor x vir + hom

Hulle sê vir hom dassiepis.

daaraan x aan dit

het nie aan dit geglo nie.

daarvoor x vir dit

my tong is te krom vir dit.

Ja, meliëmelk het hulle gesê vir dit.

waarop x wat + in

opi plaat wat die brood in gebak word (ook vs./-keuse in in stede van op).

waarmee x wat + mee

Daari deksel wat hulle die oond mee....

ons hout wat ons ini, ini, ini stofie (___) vuurmaak vir warm water (ook vs.-weglating)

dit was was wat mee

Wat hy mee afgewas word.

waarvandaan x waar + vandaan

waar kom dit vandaanhet dit gekom

waarlangs x wat + (___)

die ou, die ou pad wat hy ___ getrek het (ook vs.-weglating).

waarvan x wat + van

Formosa is al, al berg wat ek van bewus is.

Nee Baas (___) wat ek van weet nie ('nie'-weglating).

ek ken hom uit die dae wat ek van kan onthou.

waaroor x wat + (___)

vedag sê wat ons (___) vandag huil, gaan julle oor 'n paar jaar huil. (vs-weglating)

Die kjeners hoor mos al wat 'n grootmens ___ praat. (ook vs.-weglating).

daarop x op dit

en dan gooi jy kookwater op dit.

waaronder x wat onder

Het sy nooi en sy baas wat onder hy staan

waarmee x met

want hier is baie Boesmans, jy weet met ons saamgewerk.

by wie/waarby x wat (___)

Juffrou Fourie wat ek (___) skoolgegaan het.

daarvan x van hom

Ek het nie van hom een nie

daarna x na dit

hy't nog jare geleef na dit.

vandat x van ___

..... ek sê, ek werk van ek elf jaar is.

Setselherhalings

Die herhaling van setsels kan soms as 'n nadruksmiddel gebruik word, bv. Nadat ek uit die skool uit is.

hy't afgekom van Riversdal af.

Sê maar so 30 myl uit Riversdal uit.

Op Uniondale vir ons 'n plot met 'n huis op gekoop.

Was jy al van hiervandaan af tot op Avonturier gewees?

Soms word die herhaling egter bloot gebruik om die gedagtes te orden, bv. So opi, opi plaat.

Toe't sy nou sang geneem op, op, op Humansdorp.

In sekere gevalle word 'n ander setsel gebruik omdat die spreker twyfel oor die korrekte setsel vir daardie bepaalde konstruksie:

bv. Ja, ons was by, van die televisie.

Sommige herhalings is egter heeltemal normaal vir die besondere konstruksie.

bv. Hy werk soggens tot twee uur in die oggend in die lamplig, werk hy in die tuin.

Dan word dié deur, deurgeroer deur die papier.

Variante voorsetselgebruik

op x aan

Toe hy aan hoogte van sake gekom het
 o, dis die lekkerste iets op die wêreld (as met die woordkeuse wêreld
 egter aarde bedoel word, is die setsel op die korrekte keuse).
 In die kerk het ons op Nederlands gesange en Nederlands Bybel
 gelees....

van x in

Hy lê die mees sentrale in....

met x van

moet ek nou maar [en]spring by Pa by die boerdery.

as x vir

of hy juis gekwalifiseer is vir onderwyser

teen x op

Hulle het daar oral op daai berg afgekom.

daarlangs x op

Hy het nie hierie pad op gehad nie.

na x uit

Hy's uit matriek is hy bank toe.

tydens/gedurende x in

In eleksietye was het....

verby/naby/na aan x na

Dis natuurlik daar na die town hall.

by x in

wat ek laas in Haarlem.....

om x van

Sê ___ waar het jy in jou lewe gesien van roosterkoek plat te druk
 (ook vnw.-weglating).

aan x op

dan word hy op die vloer gesmeer.

anderkant x oor

dit was, en dis nou André se stoor is nou oor daai huis.

Tot x na

het hy moes loop van winkel na winkel

met/per x op

Port Elizabeth toe op ossewa

van x met

Ons het getrou die jaar met die oorlog.

ons het geleef met daardie halfkroon.

Ontkenning

Die weglating en oortollige gebruik van ontkenningsswoorde kom onder die meeste sprekers voor, maar daar moet bygevoeg word dat dieselfde spreker nie altyd konsekwent die variasie gebruik nie. Van Rensburg (1989:448) onderstreep hierdie bevinding. Daar is volgens hom 'n ooreenkoms met SA maar hy wys daarop "dat daar soms 'n 'oortollige'nie insluip." Die weglating van ontkenningsswoorde is egter hoofsaaklik nie2-gevalle wat voorgekom het. Die weglating van nie1 was nie algemeen nie.

nie1 + nie2 x ___ + nie2

bv. Nee, baas ___ wat ek van weet nie.

Hy vra eers is ___ in Haarlem die Kamoeties bly nie (is word ook in stede van of gebruik).

Ek het nou ongelukkig ___ in, in die yskas nie. (In hierdie geval word 'n variant van nie, nl. niks weggelaat.)

nie1 + nie2 x nie1 + ___

dat ek nie meer weet nie, ken nie eers meer al die gaatjies ____.

Ja, ek weet nie waar ____....

Dis nou net nie die plaas hier langsaan Joubertina ____

daar was niks ____, daar was geen huise gewees ____

Van die Makatese () weet ek ôk niks ____ (wat die klipmure gebou het.) (Die wat-sin se plasing is ook verkeerd.)

Ek weet nie of sy kinders nog leef nie, want hulle is nie hier ____.

Met su(1)ke dinge kan jy niks regkry ____

Ja, hon(d)erd as ek nie maar moet sê ____ dat ons het in die takhuisies gebly, né.

Jy het die geldjies maar jy kan nie koop nie wat jy wil hê ____ (plasing van nie2 verkeerd).

Nee, jy kry mos nie nou meer die lewe nie wat ons gehad het ____.

Ponelis (1979:522) sê egter "Eind-nie is opsioneel onmiddellik na die Neg-vorme niemand, niks, nêrens en nooit."

Die voorbeeldsinne waar niks as variant van nie gebruik word, is dan hiervolgens goedgevorm sonder nie2.

nie1 + nie2 x nie1 + nie2 + nie3 +

Ek was nooit by 'n dokter nie met my vyf kinders nie.

Ons het nie elke dag 'n stukkie vleis gehad nie om te eet, my pa-hulle nie.

Hulle het nie aan geleerdheid geglo nie, my pa nie sy seuns nie.

Ons had nie water nie, lopende water

Ja, weet nie, jy was nog nie daar nie.

Voornaamwoorde

wie x wat

my, my, my suster wat ouer as my is, sy was.... (ook onderwerps-voorwerpsvormvariasie).

waar x wat

Is tot daar wat sy loop.

Weglating van watwat x ____

Ja, solank as ____ ek daar was

appels ____ so hoog gepak is.

was die man was die fees gereël het (wat x was)

So 'n son wat opkom en ____ strale het.

dat-weglating dat x ____

Dit word vir jou gesê ____ jy moet luister.

Nou h[ε]lle sê ____ ons is altyd outyds.

dit x hetIn eleksietye was het so lekker gewees opi plaasdit x homAs ek hom nou moet smeer, ek sal hom waaragtig nieDie boere moet hom koopdan maak jy hom met warm water word hy natgemaak. (ook dit x hy)as jy hom gepolish hetNou't hulle hom die naam kyk-in-die-pot.So vat hy sy helmet en hy [G]ee hom vir haar en sy sit hom op.Sy het nog gesê sy sou hom vir my stuur.Is jy hom 'n dekseltjie opsit..sit jy hom met 'n leaver maak jy hom toe.dit x hyHy's vandag nog daar (die put)Al staat hy ook tot môre vroeg.dan maak jy hom met warm water word hy natgemaak.dan word hy op die vloer gesmeer.en is hy op die langelaas blink hy soos 'n bottel.Nou het hy sy eie munisipaliteit ôk.Joubertina hy lê, hy lê die mees sentrale.Hy lê in 'n gatO, hy's die lekkerste opi wêreldHy loop, hy lê tot by, in George.

maar my hene mens, hy lyk hon(d)erd (die dorp).
 Is hy mos geheel en al restoueer.
Hy het nie hierdie pad opgehad nie.

dit x hulle

dan moet hulle nou rys, ons gooi hulle toe.
 Nee, hulle moes als met die trein gaan.
 druk ini koek lat hulle...
 maar hulle het mos so, hulle het mos so leertjie...

hy x dit

Nee, dit was glo 'n ou Jood.

ons x dit

dan's dit net pure ore.

dit x sy

wanneer sy sê(radio)

julle x hulle

Nico sal hulle dalk kan help.

mv x enkv.

hulle x hom

'n aparte lokasie oopgemaak vir hom hier tussen Twee Riviere.

enkv x mv

hy x hulle

[əS] () die dokter sien is hulle verskrik om my te sien. (ook ek-
 weglating).

Besitlike vnw.

hulle x hulle se

Hulle se gesangboek is nie soos ons s'n nie.

syne x hom een

maar sy kan hom een kry.

sy x hom

dis hom Pappie en Mammie

my x my se

Myse ma en pa.

Refleksief

homself x hom

Maar hy noem hom Skrywer (volksetimologie vir Schreiber).

Onderwerps- x voorwerpsvorm

ek x my

my, my, my suster wat ouer as my is, sy was...

sy x hom

dis hom pa wat....

jou x jy

en 'n landdros moes jy toestemming gee..

Vnw-weglating

vnw x ____

jy x ____

Ja, kos bring, jou kos bring ____ saam

ek x ____

en van toe af het ____ altyd met sy trekker en 'n wa

[ə]s ____ die dokter sien, dan is hulle verskrik om my te sien.

haar x ____

dit was vir ____ eintlik 'n les, 'n leerjaar

ons x ____

Ons het dit nie ____ ____ hande nie (ook vs-weglating).

sy x ____

sy was net vyf jaar ini Kaap toe kry ____ 'n hartaanval; ____ is toe laas jaar dood.

dit x ____

en ____ is toe met hierie apartheid toe trek sy ôk

hulle x ____

Alikreukel sê ____ partymaal.

Vnw-herhaling

Min van die herhaling is sintaktiese variante; die meeste van die herhalingsvorme lyk asof dit bloot as 'n gespreksmiddel gebruik word. Daar sal later (p. 92) na hierdie strategieë gekyk word.

hulle

maar ek meen hulle [hət] dit [hɛlə] het dit als gehad.

maar enige ____ van hulle twee, hulle is maar eners. (een ook weggelaat).

maar hulle't mos so, hulle't mos so 'n leertjie...

waar't hulle van(d)aan, waar't hulle uitgekruip.

ons

ons moes, ons moes maar by die huis sit.

ek

ek, ek het altyd uitgesoek.

ons, ek

ons, ek het op droëplaas....

iy

sit iy hom, met 'n leaver maak iy hom toe.

hom, hy

dan maak jy hom met warm water word hy natgemaak.

hy

en is hy, op die langelaas blink hy soos 'n bottel.

dit

dit was, was dit nieafkomstig van die ou treine nie.
en dit was en dis nou André se stoor...

daar

daar was niks, daar was geen huise gewees eintlik daar.

niks, geen

Daar was niks, daar was geen huise gewees eintlik daar.

Vir-konstruksie

Volgens Raidt (1976:195) is " 'n Besondere kenmerk van die Afrikaanse sinsbou dié gebruik van die voorsetsel vir voor 'n direkte objek wat 'n persoon aandui" . Die meeste sprekers gebruik dit dan ook hiervolgens. Voorbeeld twee kan moontlik aan Engelse invloed te danke wees:

dit was vir () eintlik 'n les...(haar)

....watermeule koring gemaal vir m[e:ə]l.

dit laat vervoer vir die kneus.

Nico kom sê vir die man, waar kom die mense ven(d)aan.

Dit word vir jou gesê () jy moenie luister nie (dat)

'n aparte lokasie oopgemaak vir hom hier tussen Twee Riviere.

Ken van

Volgens Ponelis (1979:480) tree van as nabepaling altyd op binne 'n konstruksie wat bestaan uit die as determineerder, 'n nominaal en dan die van- nabepaling.

Die insluiting van Kabous.

Die konstruksie ken + van verskil dus van hierdie bogenoemde konstruksie.

bv. Ek ken nie van sy geskiedenis nie.

Ek ken nie van bies nie.

Daar-weglating

Daar(d)ie (___) was ___ nie mense wat self vervoer het nie (ook 'n snw - dae - is weggelaat.)

dat x laat

Hy was so bewusteloos laat hulle moes hom na die dokter toe neem.
tot laat hulle plekke nou weer gereent het.

dat x wat

dit is ôk seker deur armoed wat hulle ôk maar ini kloof afgetravel het.

dat x lat

Haai, ek kan nie glo lat ek oud is nie.

daai manne het so uitgespring lat hulle is welaf mense.

...ek sê, Ben, maak oop die vuur lat die vleis eers gaarkom...

Voegwoorde

of x is

Ek weet nie is miesies Kleynhans nog leef nie.

Hy vra eers is in Haarlem die Kamoeties bly nie.

Ek weet nie is dit vandag nog daar nie is nie.

omdat x oorlat

die suster staan nou ook oorlat

Hy kom maar net oorlat

omdat x oor

oor ek so sterk was.

totdat x tot laat

tot laat hulle plekke nou weer gereent is nie.

voordat x voorlat

Voorlat die Boere nou eintlik digbewoon...

dat x laat

Hy was so bewusteloos laat hulle moes hom na die dokter toe neem.

waar x wa(t)

dis die enigste moontlike plek wa(t) jy hom nog sal kry.

en x ____

Veertien jaar ____ ses maande gebly.

as x is

....maar die Here is goed is jy vir die Here goed is...

Woordorde

onderwerp + ww x ww + onderwerp

moet ek nou maar [ε]nspring.

... het hy moes loop van winkel na winkel

by sy seun hier op die on(d)erplaas kuier hy..

en is hy, op die langelaas blink hy soos 'n bottel.

Daar ek het die vir jou gebring..

daai manne het so uitgespring lat hulle is welaf mense.

Konserte, baie konserte het ons gehou.

Na die verkiesing ons het nie gaan slaap nie.

Eerste hou (____) in stukkies breek (ook dit-weglating)

Jy moet mos aansoek hier doen.

jy moes gegee pad het.

Dan die suiker is 'n bietjie kwaai (diabetes).

en toe () al die geskiedenis is opgestel daar.

Bepalings

Self moes 'n mens dit aflaai.

Swaar het die oumense gewerk.

dan kan julle maar () gesels eers.

Ek het gesê nie () my seuns sal eers so swaar kry nie.

Ek wonder () of jy nou weet dat die....

toe () al die geskiedenis is () opgestel daar (ww-ook).

dat hy die hoogste berg () is hier

Daar was niks, daar was geen huise gewees eintlik daar nie.

Nou hy kan 'n mens nou feitlik [ε]ntlik beter sê.

Bysin

Van die Makatese () weet ek ôk niks wat die klipmure gebou het

as x het

het jy net gaan soek, man () jy kry (sal-weglating).

as x is

is ons hulle begrawe, dan moet ons daar staan.

Herhaling

Die meeste van die herhalingskonstruksies wat voorgekom het, kan as vertellerstrategie vertolk word. Hierdie konstruksies word as nuttige gespreksartikels deur die sprekers gebruik om die hoorder se aandag vas te vang; veral om tyd te wen om na te dink oor dat gesê moet word; om gedagtes agtermekaar te knoop; om die emosie van die spreker uit te druk; om 'n taalelement weer te noem as 'n belangrike element in die betekenisoordrag wat plaasvind en as nadruksmiddel. Frases kan net so herhaal word of herhaal word met variasie.

Snw

dan kom ons somer so ___ klomp, dan kom ons so ___ klomp bymekaar.
konserte, baie konserte het ons gehou.

Wee(t) jy lat ek die bewerasie het, dat ek naant op my hande sit van die bewerasie vir die kind se part.

met die ou treintjie gekom Desember , hier in Desembermaand.
 wat 'n kar, 'n motorkar gehad het.

Hy lê in 'n gat, Uniondale lê in 'n gat.

as dit wit, 'n blanke dorp gewees het.

Joubertina hy lê, hy lê die mees sentrale.....

Dis reg, dis net reg, baie naby.

Pitte, koffiepitte, van die rou pitte, ja, dan brand ons dit nou in die pot.

Ons het nie water nie, lopende water nie.

... en hy wys my pa, groot steenbras, rooi steenbras

dan word patats, die plaat met die patats ingestek

aalwyn ôk....aalwynsop

Tot hiersô na die Tweede, met die tot met die Tweede Wêreldoorlog het die mense...

ons sal, ons sal 'n dit reg dit kry

daardie punt wat, daai punt

Werkwoorde

ja, ons het op Twee Riviere het ons gesit tot halftwaalf

Dan betaal hulle nou in die poel in dan betaal hulle nou saam aan die...

Hy't by een vani boere het hy gegaan as voorman.

maar ek dag so nee wag dat ek maar liewers gaan aner koffie gaan maak.

maar nou se dae kan waaragtig kan sulke mense nie so leef nie.

Hy werk soggens tot twee uur in die oggend in die lamplig werk hy in die tuin.

Hy's uit matriek is hy bank toe.

en hoe steel hulle, ruk hulle

Hy loop, hy lê tot by in George

Ons het op die lande gewerk ôk hoor, hard gewerk.

Nee, sy is deur die dokters is hulle aangestel.

trein het ne[g]entien veertien het hy hier geloop.

dit was, was dit nie....afkomstig van die ou treine nie.

Nee, ek het gepension by die hotel, daar't ek gepension.

Toe

Stoor toe, Portlisbet toe en toe't hulle nou later busse.

Bepalings

Ja, goedkoop,.....toe dit goedkoop, jy kan 'n jaart, ...'n jaart....vir jaart, ...vir jaart.. kan jy vir vyf sent kry.

Ek weet nie hoekom, waarom juis nie, maar in elk geval dan sluk sy die senuwees hierso, so af.

Ons het mekaar gesien en ons het naderhand , hy het naderhand beenaf....

Nou gaan die boere dit nou daar haal

As hulle daar 'n Blanke dorp gemaak het, dan sou jy gesien het hoe, hoe dit daar lyk.

Verskriklik, hy word verskriklik warm ini somer.

Nou die skuite het nou ingegaan, dan gaan die mense....

maar dit was lekker, dit was lekker gewees.

Hy moes buitekant kom, buitekant die dorp.

Variante gebruik van het, had, is, was en wees as werkwoorde

was x is

bv. of hy juis gekwalifiseer is (haar eertydse onderwyser)

Meneer, daai dae is hier nie trekkers nie.

daar is 'n ou meule gewees.

toe ek drie en sestig is, toe val ek uit by die hotel.

twee sul(k)e blikke koffie word nou gebrand en afgemaal, o, die afmaal is die bitterste.

want hier is baie Boesmans, jy weet, met ons saamgewerk.

het x is

Twee van my dogters is groot afgesterf.

Toe is ons Uniondale toe getrek.

is x het

en wat nie met klip gebou het nie, het met steen gebou.

hulle het mos nou al almal dood....

Nog ôk by die Duitsers, maar toe die plaas nou verkoop het...
tot laat hulle plekke nou weer gereent is
en toe is hy gegaan na Plettenbergbay toe.

is x wees

Ek weet nie waarvoor ek nog goed vir hulle wees nie

was x het

Hy het naderhand been-af.....op die rooi hare.

toe't die wet gewees.

laasjaar het hulle mos so ongelukkig gewees.

Hy't ons raadsman gewees in die oorlog.

Hier het Jode vroeër gewees.

ons het saam hier gewees.

wat so seesiek gekry het (ook moontlik geword het).

het x had

Ons had nie water nie, lopende water nie.

Dit was eintlik die laaste ontmoetings wat ek nou van weet wat daai
boere met hulle had.

soos ons ouers had nie geleerdheid nie.

In my tyd had ons nie eintlik damme nie.

het x was

....blykbaar was die meeste mense van Swellendam gekom soos wat ek
die geskiedenis gehoor het.

gehad x gehet

Die mense het nie name gehet nie.

was x gewees het

toe die blanke mense hier gewees het, was Haarlem nie so nie.
 twintig jaar laas was ek in Haarlem gewees het
 toe ek 'n kind gewees het.
 toe't die wet gewees
 hy's nie wat hy gewees het nie
 soos altyd vir my gevertel gewees het
 laasjaar het hulle mos so ongelukkig gewees
 Hulle, hulle was so gewees, as hulle nou op 'n plek gewees het.

gehad x gehê

Ek het nog nie sement gehê nie.
 Hulle het vee gehê.

het x hê

het x hê

ons sekretaris hê.....

Ww-weglating

gehad x ____

Ek sê natuurlik het ek rooi hare ____

*die mense in Haarlem het respek vir 'n witman ____

ons het sommer veertien treine op een dag ____

maar hulle het mos so, hulle het mos so leertjie ____

het x ____

en ons (was) almal daar toe die skuite uit(ge)kom ____

maar ek ____ hom agter my rug gedra.

ek moes baie () werk ____

Nee, hulle moes alles met die trein (____) gaan ____

maar soos ons gesê ____

weet jy Twee Riviere se mense ____ nie eers 'n draadheining tussen
 hulle boorde nie.

ali gepakte kaste vrugte ____ koers stoor toe gekry.

Ja... ek ____ nog enetjie, ek wil hom nie weggooi nie.

Nou ___ die een af(ge)klim om die hek te gaan oopmaak.
 Toe ek drie en sestig (is) toe ___ val ek uit by die hotel...

(ge)wees x ____

daar was 'n put ___ wat met klippe uitgebou is....
 an(d)ers was ek lankal daar ____
 Toe was ons vyf kinders ___ Meneer, toe ons hier ingetrek het.
 was almal arm mense ___ hoor.
 was nie 'n trein ___ nie.
 Ons was op hulle ball ____.
 daar was 'n saagmeule ___ ook.
 Sy was net vyf jaar ini Kaap ___ toe kry (sy) 'n hartaanval.
 dit gaan 'n verskriklike grênd affêre ____
 dit was vir (haar) eintlik 'n les, 'n leerjaar ____.
 hy het naderhand been-af ___ op die rooi hare..
 o, die afmaal is die bitterste ____.

ge x ____

vroeëre het mos koorssiekte regeer.

is x ____

as hy gaar is dan, ___ (dit) 'n paraffienblik vol.
 dan ___ (dit) net sulke brode (In beide gevalle is dit ook weggelaat.
 Dié weglating is egter in 'n gesprek moontlik met pousering en nadruk.)

was x ____

en ons ___ almal daar toe die skuite uitkom (ook het- + ge-welating)

Partikelwerkwoorde

Nou (het) die een afklim om die hek te gaan oopmaak.
 Toe ek drie en sestig is toe val ek uit by die hotel.
 jy moes gegee pad het.

Infinitief

om te x van te

sê, waar het jy in jou lewe gesien van roosterkoek plat te druk.

om te x ___ te

kan nou nie meer waag ___ ini paaie te loop nie.

om te x om ___

Toe gaat ons nou daar werk om die plek nou ___ betaal.

Ek dink dis darem vreeslik om sulke tale en goed ___

want by haar sal jy definitief 'n boek kry om 'n bietjie naslaanwerk
___ ___ ___ (in te doen).

Tydsaanduiding

verledetydsaanduiding x teenwoordigetydsaanduiding

moet ek nou maar...

ek moet hulle daar afhaal en in die

of hy juis gekwalifiseer is..

hulle moes als met die trein ___gaan ___

die boere moet hom koop...

hulle, hy kan nie 'n bestaan ___maak ___ nie.

maar sy kan nie..

Toe ek nege jaar oud was, toe kry ek my eerste bril.

wat haar vreeslik baie gehelp het, was die lat sy by die Oosterlig
op die redaksie kan wees.

As hulle wil werk, kan hulle vir hulle ordentlike plek gemaak het.

As ek kan, het ek hom uitgehaal.

wee(t) jy, die vensterbanke was so dat jy gemaklik so in die venster
kan sit.

Nee, ek het gepension by die hotel; toe ek drie-en-sestig is, toe val
ek uit by die hotel.

vroeër dae kan jy maak net wat jy dink.

die ou vrou kan jou nog vertel het van die slaaf tyd.

4.7. Leksikale variasie

Naas die opvallende, hoorbare andersheid van die gesproke taal op fonologiese vlak, is die ander tipiese en opvallende eienskappe wat hoorbaar is, ook vir die leek, dié variasies van die leksikon. Soos Du Plessis (1987a:82 e.v.) argumenteer, is " die leksikon juis die een gebied waaruit die aard van die taalgemeenskap die duidelikste blyk" en " die verband tussen die leksikon van 'n taal en die leksikon van 'n variëteit en die sosiale aard van die gemeenskap wat die taal of die variëteit gebruik, is sterk. Terminologie is die spieël van aanvaarde konvensies eerder as 'n noodwendige refleksie van die aard van taal of die taal as sodanig. Die leksikon van 'n variëteit is die handelsmerk van die gemeenskap wat die variëteit gebruik."

Die volgende leksikale variasies kom voor in die taal van die sprekers:

Engelse leenwoorde

antie met jou computerbrein
 beter in order as vandag
 hier was 'n wet en order
 so was hier 'n wet en order
planes
 die dutch donkey
 ons het service afgesny
 ek was op hulle ball
 julle is ôk hier op die board
coregation (congregation)
 ladiesbar
 square yard
 breakfast
 mechanic
 geverf met paint
 windscreen

is op die grater
 hulle moan oori man
 graveyard
 bly daar by die café
 die Du Mond is die agtien Settlers
 so 'n bargain gekry hier.
vloerpolish
gepolish
 die natuurlik daar na die town hall
 town hall
Parkinson's disease
 driver
 servitude
 photo
 madam
 electric
 die tiplorrie
 electric stove
 Toe gaat hy in transport
pension (pensioen)
 report
aangesign
geaverage
 ek het gepension by die hotel.
 as jy vat daai heights
 ini kloof afgetravel het.
 daai tyd se mense het gewerk vir one and six, né; sixpence.
 nadat die bottom uitgehaal is.
 painter
 paint
 jy noem hom 'n poke
 dis coucilhuisies
 waar die pass deurgaan
 op die cross daarbo
 het hier 'n groot flood geval.
 grocerie
 m[əʃ]ienguns

moenie worry nie
 leaver
 polish
 ek sê never mind, ek haal die oë uit.
 ek sien hulle het nou electric daarin.
 nes 'n papier wat mos so bording het.
 sy vat toe stroke (beroerte)
 cleaners (skoonmakers)
 diningroom
 dis 'n mistake
baby dogter; baby seun.
gravelpaaie
 charge
 is hulle hier van holiday day
 dan eers die telephone
 pay

Verafrikaanse Engels

[ste:məʀ] (steamer)
 [mætʃɪs] (matches)
 bleddie storiëtjies
 kontrakter
 miesies
 mister
 mies Tina
 antie
 Hy's baie jonger dan ek.
 Is toe nou laas jaar dood.
 'n Verskriklike grênd affêre.
 nog nie daai gowermentskole nie.
 opbel
 objek (beswaar maak).
 lorrie
 nonsense
 report
 sekere parte vleis

boksies (dosies)
 boks (doos)
 Skotsman
 jaarts
 rondorder
 sul(k)e robbies
 hulle weet bokkerol
 en kolleksies maak
 beter in order as vandag.
 Ek was die jongste wat hier inge vat is.
armytyd
 aangesign
 toe ek drie-en-sestig is toe val ek uit by die hotel.
trense grou
 dit was pure Duitse Genootskap.
paytyd
 Die boere moes vergader en kolleksies maak.
 afgestraight
 plaine (vliegtuie)

Ouer Afrikaanse/Nederlandse vorme

seg
 uitlegge
 hoge
 eike (eie)
 eige (eie)
 ne[g]e
 [ne:g]erand
 neëntien honerd en ne[g]e
 dep (dip) inged[ɛ]p.
 Ons had nie water nie.

Dit was eintlik die laaste ontmoetings wat ek nou van weet wat
 daari boere met hulle had.
 Soos ons ouers had nie geleerdheid nie.
 man onse ou stamvader.
siet ek die padteken.

oud worre

staat (staan)

gaat (gaan)

dit was onse strandplekgewees.

leraart

daar(d)ie ouma is my antie.

en daar mog nie 'n helfte van die grond verkoop word...

[ɛ rt] vir hert

Leef- en ervaringswêreld

hartebeeswa

meilewaantjies

pêrewaantjies

waanshuis

arbei (werk)

arbeid (werk)

k[ə]lbas

papkuildakkies

ruigtedakkies/witruigtedakkies

mudsak

ek het 'n halfkroon ini maand gekry.

bysaaiers (deelsaaiers)

broek-en-baadjiepatats

samp (stampmielies)

vetlampies (olielampe)

bobbejaansklowers

-ert (haard)

p[ə]rtier

inf[ə]lmasie

Sê maar so 30 myl uit Riversdal uit.

Kerse met 'n lampolie, alwyn ôkaalwynsop.

Ja, mieliemelk het hulle gesê vir dit.

Thys Olivier, hy's goed geloof, soos hulle hom sê.

Bojaanskloof (Baviaanskloof)

hulle het mos huurpag

jongetjies (seuns)

Uitdrukings

sy's ontslag

goedgeloof

eenmaal 'n jaar net na appels (appeltyd)

die voorste mense

die voorste tyd

vroeërste boere

gaan nog opper

jy's in die verlorekant as jy jou met drink bemors

hulle is in dieselle geloofsbelydenis as daai mense is.

dit was eintlik die laaste ontmoetings wat ek nou van weet..

daai voorste tye was armoedig gewees.

ingevat (ingeneem)

ek spreek hom dit nie na nie.

Ja, sy was 'n oudjongmeisie (oujongnoui)

maar is die mense te verwoes

hoe ek die hartland ingegee het.

dan behaal ek tagtig

dan die suiker is 'n bietjie kwaai

Juffrou was 'n adelafkoms

[ES] ma is oorerwend

geoorerf

my tong is te krom vir dit.

Hier was 'n paar perebome

en nou ly ek nog aan hoë bloed

Nou dit is 'n slegte siek daari

koffie gebrand en afgemaal

apers (na-apers)

ons trek nou maar swaar (noustrop trek)

ek het hulle laat sluit (steriliseer)

hy k[ø]n nie meer die gedoentes uitstaan nie.

hy't 'n winkelse besigheid gehad.

die inkomers

jou kan opvoer (herstel)

ek gaan nie nou aan mis klou met my hande nie.
 wat hulle gesê het die koffiekitteltjie (genoem)
 Sy loop op die kjend se huil
 die vrou se heengaan het my so skok gegee.
 en dit jaag [ɛS]ma aan.
 Nee, om die waarheid te sê, ek weet nie vele jare van Haarlem nie.
 broek-en-baadjiepatats (in hulle skille)
 troppe Boesmangrotte
 dan's dit net pure ore (ene ore).
 die Republiek was nog nie op homself nie (onafhanklik).
 sy selle raak half slap (pap battery).
 my bolangse gesondheid is goed.
 vroeëre jare het mos koorssiekte baie regeer.
 jy sal jou naam nou eers moet loswerk (regmaak/herstel).
 nou't ons nie water nie, nou kry ons die afleksels.
 sy's afgesterf
 om die christelik uit te brei.
 maar waaraan skeel dit.
 ja, en die hele mense kom van die Kaap die Goeie Hoop.
 is maar agterna wat die wyn uitgekom het.
 Hulle sê vir hon pêrepis.
 Nee, dit was glo 'n oud Jood.
 Ek ken nie van sy geskiedenis nie.
 toe val ek uit by die hotel.
 Twee van my dogters is groot afgesterf.
 Maar hy noem hom Skrywer (volksetimologie - Schreiber) - vertel van
 ou Meester Skrywer
 'n dubbelgang (dubbelganger)
 Sy't haar twee kin(d)ertjies aan masels oorlede.
 het 'n swaer gehad wat hulle sê wat so seesiek gekry het

4.8. Gespreksmerkers

Gespreksmerkers is taalelemente wat op verskeie plekke in sinne
 gebruik word sodat dit tydens die gesprek sekere funksies vervul.
Nou is in die volgende aanhaling 'n voorbeeld van so 'n
 gespreksmerker wat gebruik word om die gedagtes aanmekaar te knoop.

" Al probeer ek nou ook hoe hard, ek kan nou net nie 'n voorbeeld kry nie sodat julle nou 'n idee kan kry hoe dikwels nou gebruik word in gesproke taal nie. Maar, nou ja, ek is nou nie juis 'n goeie verteller nie."

Ook die tydsadjunk toe is gebruiklik in verhalende verband. (Vergelyk die voorbeeld uit Rut 2 met toe en sy meer formele variant daarop).

Toe antwoord sy haar...

Daarop het sy heengegaan...

Daarop sê Boas aan sy dienaars...

Toe sê Boas vir Rut....

Toe val sy op haar aangesig...

Hierdie elemente het 'n hoë gebruiksfrekwensie in gesprekstaal. By sommige taalgebruikers word die gebruik van gespreksmerkers 'n aanwendsel wat selfs irriterend kan wees in 'n gesprek. Hierdie sprekers het meestal 'n bepaalde woord of uitdrukking aangegryp wat tot vervelens deur hulle gebruik word. Die herhaalde en ook dikwels ongepaste aanwending van die gespreksmerkers is waarskynlik die oorsaak dat baie van dié elemente semanties "leeg" raak. Omdat die semantiese waarde van hierdie elemente so gering is, kan die sinne waarin dit voorkom, baie goed daarsonder klaarkom in geskrewe taal. Gespreksmerkers lyk oënskynlik oorbodig. Dit word trouens as 'n teken van swak styl beskou as daar te veel gespreksmerkers in geskrewe taal voorkom. Dit word hoofsaaklik in gesprekstaal aangetref om redes wat hierna duidelik sal word.

Waarom kom gespreksmerkers so algemeen in gesprekke voor?

Gesprekstaal is oor die algemeen geselliger en informeler as skryftaal en waarskynlik is gesprekselemente een van dié soort taalelemente wat by uitnemendheid geskik is om in gesprekstaal 'n gemoedeliker atmosfeer tussen spreker en hoorder te laat ontstaan. In gesprekstaal moet die kommunikasiestroom tussen gespreksgenote voortdurend aan die gang gehou word om ongemaklike stiltes te voorkom. Gespreksmerkers kan hiervoor nuttig aangewend word. Al lyk hierdie elemente vir buitestaanders wat die gesprek semanties

objektief beoordeel na niksseggende taalelemente of elemente wat nie funksioneel of gepas is in die konteks waarin dit gebruik word nie, is hulle in die meeste gevalle gesprekskakels of elemente wat die gesprek aan die gang hou.

Ponelis (1979) het dan ook in sy klassifikasie sekerlik hierdie gebruik van toe, nou en ander gespreksmerkers in gedagte met sy terme " skakeladjunkte of verbindingsadjunkte."

Verhoef (1984:124) sien die gebruik van toe en nou wat " meer semanties as sintakties" is as " vertellerstegniek". Hulle vervul 'n belangrike funksie ten opsigte van vertellerstrategie " omdat die fiktiewe en werklike sentrums daardeur aangedui word."

Du Plessis (1983:59) wys op 'n verkeerde aanname wat hy gemaak het ten opsigte van Johannesburgse Omgangstaal (J.O.T.): hy het toe en nou geïdentifiseer as kenmerkend van J.O.T. Hy sê hieroor: " As jy later mooi na Afrikaans om jou luister, tref dit jou dat dit wat jy as 'n J.O.T.-kenmerk beskou het, net so dikwels in ander variasies van Afrikaans (selfs jou eie standaardtaal) voorkom en dat dit geensins as 'n kenmerk van J.O.T. beskou kan word nie". Hy het dus verkeerdelik die gebruik van nou as " baie sterk sosiaal gekleurde" beskou. Hy onderskei wel ander " leë of akategoriale vullers" in J.O.T.

Van der Merwe (1989:84) noem hierdie taalelemente "stopelemente". In hierdie studie word die term gespreksmerkers egter verkies omdat hulle in die " hande" van 'n goeie verteller doelgerig en bewustelik gebruik word. Hoewel gespreksmerkers gemeenskaplike kenmerke bevat, kom daar verskille in funksie in gesprekke voor. Op grond van hierdie aanwending kan 'n paar duidelike kategorieë onderskei word:

- om die hoorder se aandag vas te vang;
- om tyd te wen om na te dink oor wat gesê moet word;
- om die gedagtes aanmekaar te knoop;
- om die houding of gevoel van die spreker te kenne te gee;
- in 'n poging van die spreker om homself aanvaarbaar te maak in

'n bepaalde groep waar die gespreksmerkers as modeverskynsel voorkom;
 om na dinge of sake te verwys waarvan die spreker die naam nie ken nie of waarvan die naam hom ontgaan het;
 wanneer die spreker dit aan die hoorder wil oorlaat om verder te dink;
 wanneer die spreker van die veronderstelling uitgaan dat iets vanselfsprekend is;
 'n manier van interaksie.

Elkeen van hierdie kategorieë sal nou met voorbeelde geïllustreer word. Die voorbeelde kom uit die RGN-bande van hedendaagse sprekers uit die geografiese gebied wat as Oosgrensafrikaans beskou word en waarvan die verskynsels en variasies in die vorige hoofstukke reeds bespreek is.

I. Gespreksmerkers waarmee probeer word om die hoorder se aandag vas te vang

Dit is woorde soos verstaan, jy weet, jy weet mos, weet jy, sien, kyk en né.

Hierdie woorde word meestal in 'n vraende toon gebruik. Blykbaar is die doel om die hoorder direk aan te spreek en om 'n beroep op hom te doen om begrip te toon. Daar word blykbaar nie 'n antwoord as reaksie op die gespreksmerker verwag nie:

Voorbeelde met verstaan

Meneer weet ons kry mos nou baie swaar om ek nie 'n man het nie, verstaan. Dis hoekom ek nou hier kom werk het.

Hulle gee nie om vir hulle kinnere, wat hulle eet of moet drink of daai nie, verstaan

Verstaan kom meestal aan die einde van die sin voor.

Voorbeelde met jy weet

jy moet weet, ek verwag hoog, maar jy weet, ek moet maar net aangaan.
jy weet, oor als ruk hy hom op.
jy weet, dis ma(ar) 'n eentonige bestaan, jy weet.

Jy weet kom nie so dikwels aan die einde voor as wat dit in sinsinisiële en in die middel van die sin voorkom nie. Herhalings kom dikwels voor, waaroor daar reeds in hoofstuk 4 melding gemaak is.

Voorbeelde met weet jy

Maar weet jy daai leiersbokke is da(re)m goed.

Voorbeelde met (en/jy) sien

Hulle leer die mense lees, sien.

Jy kan genoeg werk kry, en sien, nou wil hêlle nie hard werk hê nie.

Sien kom meestal aan die einde van die sin voor.

Voorbeelde met kyk:

Toe sê ek vir hom: " kyk, ons moet net mo(o)re sountoe gaan.

En hy sê vi my - kyk oom Floors is baie Christelik - hy sê.

Né as gespreksmerker

Né het meestal die semantiese waarde van " nie waar nie? ", " is dit nie so nie?", " dink jy nie ook so nie?", " volg jy?". In geselstaal word dit dikwels op dieselfde wyse aangewend as jy weet sonder dat daar reaksie van die hoorder verwag word.

" Op 'n plaas is niks, né", is dus 'n taalhandeling wat beteken: " is dit nie so nie?"

Voorbeelde

Op 'n plaas is niks, né. Daai wit mense was so, nê, as jy siek is,

dan kom die baas jou haal binne-in die huis.

So leer 'n ouer mos sy kind, né, ordentlikgeit en maniere.

Die volgende soort aandagtrekkers wat meestal die aanloop van die sin vorm, kom ook soms as gespreksmerkers voor: hoor hier(so) en ek sê.

Voorbeelde met hoor hier(so)

Hoor hier, dit was lekker. Dan hardloop ek - hoor hierso - en Bertus al agterna.

Voorbeelde met ek sê

Ek sê, dis dam (darem) lekker gewees.

Ek sê, ou Jan is al oud.

'n Vokatief soos man word ook dikwels as gespreksmerker gebruik, byvoorbeeld:

Man, dit kan ek nou nie vir jou sê nie.

Ek weet nie wadit is nie, man.

II. Gespreksmerkers wat gebruik word om tyd te wen of om na te dink oor wat gesê moet word.

Om die gesprek te laat vlot en om ongemaklike stiltes te voorkom, gebruik die spreker soms gespreksmerkers as sy gedagtes nie mooi geordend is nie. Gespreksmerkers wat so gebruik word is : (en/maar) nou ja, (in) elk geval, ag ek weet nie, hoe sal ek nou sê, ek meen, ja, nee, wel, nes.

Voorbeelde met (en/maar) nou ja

En nou ja, as jy 'n Haarlemmer is, dan ken jy die apartheid.

Nou ja, hier in ons wêreld boer ons met appels.

Maar nou ja, die reentmaan(d)e en windmaan(d)e kom altyd.

Voorbeelde met in elk geval

Willem sal seker netnou hier wees. Maar in elk geval ek sê maar eers tot siens.

Elk geval, waar was ek nou weer, o ja, sy gaan vra toe mos.....

Voorbeelde met ag:

Sy wou dit nie glo nie. Ag, en toe, ag, daar het sove(e)l dinge toe gebeur.

Wat was daar nog? Ag, ek weet nie. Ag, en maar die mesiek was lekker.

Ek weet nie

Dit was glad nie, ag ek weet nie, dit was nie vir my so lekker nie. en ag, verder...ag, ek weet nie, ek ... ek is da(re)m sy ma.

Hoe sal ek nou sê

Ons was maar arm en so aan...en... hoe sal ek nou sêvan kleintyd af het ons maar swaar gekry.

Hy is nie eentlik 'n skelm nie, hoe sal ek nou sê, maar hy kyk darem of hy iets ini han(d)e kan kry.

Ek meen

Dis maar 'n swaar wêreld dié. Ek meen, dis nie elke man wat hier kan lewe nie.

Nou is dit nou maar hoe die lewe was. Ek meen, vandag is hulle nie meer so kwaai nie.

Ja

Ons sien hulle net elke Desem(b)ermaand. Ja, so gaan dit maar.

Ja, waa(r)van ons moet lewe, weet ek nie.

Nee

Ek het gedink dis an(d)ers. Nee, maar goed, as hy so sê, is seker so.

Pryse is hoog, jong. Nee, dit sê ek nou, die lewe is nie vedag maklik nie.

Wel

Wel, dit help nie om te kla nie.

Wel, toe sê hy ek kan maa(r) gaan.

III. Gespreksmerkers was as skakels gebruik word om die gedagtes aanmekaar te knoop

In die gesprekstaal word sinne dikwels aaneengeryg, veral wanneer die een of ander gebeurtenis verhaal word. Die skakels tussen die opeenvolgende sinne is dan dikwels gespreksmerkers soos nou, toe, dan en en.

Nou as voorbeeld.

Dan gaan hulle nou met haar verjaarsdag altyd, en weet jy wat maak hulle nou? Nou om nou nie vir haar aanstoot te gee nie, dan sal hulle vir haar sê, sê hulle vir haar, sy moet nou niks moeite doen nie, hulle het nou terte en goeters gemaak.

nou dit is 'n slegte siek daari.

Die nou verlewendig in baie gevalle die vertelling. Dit stel die gebeure wat verhaal word so voor asof dit plaasvind terwyl die spreker daarvan praat.

Ja, nou toe't ek nou maar die een seun daar nou ingesit daar ini plek.

Is ons nou sien, ek nou verkoue het.

Toe

Toe het as bywoord meestal tydsaanduidende waarde. In hierdie funksie het hy gegrammatikaliseer geraak. Maar dikwels word die woord so herhaaldelik en oorbodig gebruik dat hy in baie gevalle niks meer as 'n vertelspartikel of gespreksmerker is nie. As sodanig is hy darem nie heeltemal nutteloos in die gesprek nie, want dit het dan wel 'n bindende funksie. Gedagtes word deur die gebruik van toe aaneengeskakel en dit dra daartoe by dat die spraaktempo patroonmatig bly en die gesprek vlot verloop.

Voorbeelde van toe in gesprekke kom baie algemeen voor:

Toe ons daar uitkom, toe kry ons pak. En toe hy sien ek huil, toe, skree ek so hard, toe los hy my.

en is toe sy nou weg is, toe vat 'n an(d)er blanke vrou die pos oor. Toe en nou tree ook dikwels in 'n sort komplementêre verhouding tot mekaar op:

Sy is toe nou laas jaar dood.

En

As neweskikkende voegwoord het en die funksie om woorde of sinne wat 'n logiese verband met mekaar vorm, te verbind. In gesprekstaal word en in baie vertellings by herhaling gebruik as aaneenskakelende brug tussen gedagtes sonder dat die aaneengerygde gedagtes so 'n verband met mekaar het dat hulle in een sin uitgedruk moet word. Nuwe, onafhanklike gedagtes word dikwels met en ingelei:

Ek bly wag tot my pa kom sê: "Staan op", al is ek wakker en dis gewoonlik so vieruur se kant. En dan drink ons koffie en halfvyf ry ons.

En word veral in vertellings soos die volgende aangewend om 'n vloeiende verteltrant te verkry:

Daar staat 'n man voor deur. En dis nou oom Piet. En ek sê toe: 'ek weet van niks'. En hy sê vir my: 'Watse geraas is dit die tyd van

die nag?' En hier kom oom Koos ook aangeloop.

IV. Gespreksmerkers wat gebruik word om die houding of gevoel van die spreker te kenne te gee

Onder die gespreksmerkers is gevalle wat baie duidelik 'n emotiewe funksie het. Hiernaas het hulle ook ander semantiese funksies, byvoorbeeld om te beklemtoon. Uitroepe word dikwels om emotiewe redes as gespreksmerkers gebruik. Baie bekend is die feit dat mense kragwoorde of bywoorde op dié wyse inspan. Sommige mense kom so in die gewoonte om 'n kragwoord soos Here, Jesus, my God, Heiland, ens. te gebruik, dat die woorde later vir hulle die kragwaarde verloor en slegs gespreksmerkers word wat bloot dien as aanloop tot hulle sinne of as hulpmiddel om die gedagtes te orden. Maar al sou dit die kragwaarde vir die spreker verloor, word die hoorder tog nog meestal deur hierdie 'vloekgesprekselemente' geskok.

Onder gesprekselemente met emotiewe waardes word ook 'bastervloekwoorde' soos jinne, jitte, gonna, ens. gereken. Ook ander soorte uitroepe kan gespreksmerkers word wat dui op die gesindheid of gevoelsgesteldheid van die spreker, bv. ai, my wêreld, lieuwe aarde, hemel, ens. Maar 'n emotiewe gespreksmerker is nie noodwendig 'n uitroep nie. 'n Spreker kan 'n alledaagse woord soos ou aangryp en om emotiewe redes as gespreksmerker gebruik.

Voorbeelde van emotiewe gespreksmerkers

En Liewe Heiland, en toe is dit waar(d)ie mense vir hom gekry het, opi stoep.

En ek dink, Liewe Vader, moet ek dan nou so sukkel.

Ag/ai/o/jinne

ag jinne, ek dink, ai, ek dink so baie aan haar.

ai jinne, tog die modes da(re)m.

So het hulle hom toe gelos, jinne.

Nee, dis te erg, o jinne, jy kan nie meer koop nie.

My wêreld

Hierdie voorbeelde het by dieselfde spreekster voorgekom en druk verbasing uit:

My wêreld, wat hulle vir hulle ontwaak, toe staan hy voori deur (die wat kan moontlik 'n variant van toe wees).

My wêreld, toe ek rêrig sien, toe waai die hare.

My wêreld, hier een aand, sit hulle so lekker ini voorhuis...

Ou as emotiewe gespreksmerker:

Ou word dikwels gebruik om afkeur uit te druk, soos die volgende spreekser haar dogter se kleredrag beskryf:

Aq, dan is (d)it nou die ou groot hemp wat jy in lyk soos 'n ou sak rondom jou getrek en (d)ie ou breë belt wat hieronder op jou heupe sit.

Eens op 'n tyd het sy daar aangekom met 'n ou skirtjie, en die ou skirtjie het gelyk soos 'n ou kombes, su(l)ke strepe.

Ek sê niks meer van (d)ie ou wêreld en sy ou dinge nie. Die ou swarigheid druk al hoe swaarder - gelukkig is daar die ou dingetjies wat 'n mens moet doen, dan vergeet jy ook so die ou sorges en (d)ie ou swaarheid.

Voorbeelde met waarlik(waar)

....paasnaweek, paasnaweek waarlikwaar onse kind op soek en dit nou waarlik vir niks (onsteltenis).

Nee, mense, ek kan darem waarlik nie meer nie (erns).

En waarlikwaar, my mense, hier kom my ma op ons af (verbasing).

Hierdie voorbeelde illustreer dat, hoewel dieselfde gespreksmerker by herhaling deur dieselfde spreker gebruik kan word, dit nie altyd dieselfde semantiese funksie het nie.

V. Gespreksmerkers wat gebruik word in 'n poging van die spreker om homself aanvaarbaar te maak in 'n groep waar dié gespreksmerker as modeverskynsel voorkom

Baie gespreksmerkers sou as modewoorde bestempel kon word. Dit word as slengwoorde gebruik in 'n bepaalde groepsverband, bv. studentegroepe, skoliere, jong ambagslui, ens. Die persone wat hierdie woorde gebruik, wil hulleself op dié manier aanvaarbaar of populêr maak onder die groep. Hulle wil hulleself op dié wyse laat identifiseer as lede van die groep. Voorbeelde hiervan is okay, orraait, right, basies, absoluut, genuine.

Okay

Okay, ek sien jou daar.

Jy moet my saamvat, okay.

Orraait

orraait, orraait, moenie panic nie.

Jy vat nou die brood, orraait, en dan gee jy dit vir (d)ie vrou..

Right

Sluit die deur toe, right, en onthou die venster.

Ek sal (d)it doen, right, moenie worry nie.

Basies

Haar ouers het haar basies verwerp en basies het die kêrels haar net uitgevat vir een rede.

Sy het hom basies uit haar gedagtes gekry.

Absoluut

Dit is absoluut al wat ek kan doen.

Hy het absoluut geen simpatie met my nie.

Genuine

Dit is nou genuine die waarheid.

Dit is genuine nie my skuld nie.

Hierdie soort woorde wat slengsprekers dikwels gebruik om hul spraak te kleur en te geur, het gewoonlik nie 'n lang leeftyd nie. Die woord 'überhaupt' was byvoorbeeld op 'n stadium 'n gewilde slenggespreksmerker onder Stellenboschstudente. Tans het "überhaupt" egter heeltemal verdwyn uit daardie groep.

VI. Gespreksmerkers wat gebruik word om na dinge of sake te verwys waarvan die spreker die naam nie ken nie of waarvan die naam hom ontgaan het

In 'n gesprek gebeur die soms dat 'n spreker nie op 'n geskikte woord kan kom om te sê wat hy bedoel nie. Dan word 'n epiteton of 'n plaasvervangende gespreksmerker gebruik. Voorbeelde van sulke gespreksmerkers is dinges, besigheid, (ander)ding.

Voorbeelde met dinges

'n gebegint met 'n dingeseeitwerkery. (snw)

een dingese ôk. (snw)

Dan dinges sy dit, sy knie dit. (werkwoord)

Daar was nie so 'n dinges nie. (snw)

Voorbeelde met (___)/besigheid

Hy sit toe die hele besigheid in 'n sak.

Die skooltjie is vandag so 'n monumentbesigheid.

Voorbeelde met (___)/ding

Gee daai ding hier, ja daai yster.

Bring gou vi(r) my die an(d)erding... die...portret.

By sommige mense kom hierdie soort epiteta by herhaling voor, maar selfs waar een van dié woorde slegs 'n enkele keer in 'n gesprek voorkom, sou dit ook nog as 'n gespreksmerker bestempel kon word. Dit is iets wat tydelik in die plek van 'n ander woord gebruik word.

VII. Gespreksmerkers wat gebruik word wanneer die spreker dit aan die hoorder wil oorlaat om verder te dink

By sommige sprekers bestaan daar die gewoonte om, wanneer hulle iets aan 'n hoorder of hoorders meedeel, na te laat om hulle bedoeling(s) volledig te stel. Hulle gee net 'n aanduiding wat hulle bedoel en laat dit dan aan die hoorder(s) oor om na te dink oor wat nie uitdruklik gesê word nie. Van die hoorder(s) word verwag om self aan verwante sake te dink of om die implikasies van wat gesê is self verder uit te werk. Die wenk aan die hoorder(s) om self voort te gaan, word in die vorm van 'n gespreksmerker gegee. Daar kan verskeie redes wees waarom sprekers so te werk gaan. Dit kan byvoorbeeld wees dat hulle reken dat die hoorder(s) vinnig genoeg van begrip is om te snap wat bedoel word sonder dat dit uitdruklik gesê word. Dit sou dan onnodige moeite en tydverspilling wees om alles volledig te sê. Soms noem die spreker 'n aantal sake maar dan laat sy geheue hom effens in die steek voordat alles opgenoem is. Dit kan ook wees dat dit die spreker in die verleentheid stel of in die moeilikheid kan laat beland indien hy volledig uitspel wat hy bedoel. Daarom suggereer hy net. Voorbeelde van gespreksmerkers wat op dié wyse gebruik word is en/of so (aan), en alles, en sulke goed/goeters, en doen, soort van

Voorbeelde met so

wat so seesiek gekry het.

Hy weet nou seker hoe en wat, want hy is 'n dokter so.

Ja, hy wil korporaal word, so

en so

Jy leer die taal en so en hulle betaal jou.

Hulle sê dis nou 'n monument en so, jy weet.

of so

Sy kan nou nie meer opstaan of so nie.

Ook of niks/iets tree ook so op.

Ons het nie 'n motor of trekker of iets nie.

Voorbeelde met en so aan

Toe ons by die huis kom, toe is ons so vaak en alles.

En dan gaan jy saam en alles.

voorbeeld met (en/of sulke) goed/goeters

My suster maak rokke en sulke goed.

Dis mos teëls, met groente en goeters en sulke goed op.

Voorbeelde met soort van

Dit was 'n vreeslike affêre, so 'n partytjie soort van.

(Soort van kan moontlik van Engelse herkoms " sort of" wees.)

VIII. Gespreksmerkers wat aangewend word wanneer die spreker van die veronderstelling uitgaan dat iets vanselfsprekend is.

Soms gebruik 'n spreker 'n gespreksmerker op so 'n wyse dat dit voorkom asof hy meen dat die hoorder iets reeds weet of dat hy daarvan behoort te weet. Sulke gespreksmerkers is mos, immers en natuurlik.

Voorbeelde met mos.

Daar's mos so 'n steil bult.

Nou toe val ek mos.

Voorbeelde met natuurlik

Die ou man was ontevrede, kwaai ook natuurlik.

Daar by ons het elkeen natuurlik 'n bynaam.

Dit is dan voorbeelde van 'n paar algemene gebruike van gespreksmerkers. Soos blyk uit al die voorbeelde kan verskeie woordsoorte as gespreksmerkers gebruik word, bv. werkwoorde, substantiewe, adjektiewe, adverbialia, voegwoorde en uitroepe.

Die semantiese leegheid van gespreksmerkers kom daarop neer dat iets van die tradisionele betekenis van die taalelemente verlore geraak het. As gevolg van die herhaalde gebruik het die woorde se informatiewe krag afgeslyt. Dit het geyk geraak. Hoewel gespreksmerkers grammatikaal goed inpas in die sinne waarin dit voorkom, is hulle bloot taalfigurante.

Die stapeling van gespreksmerkers is ook nie ongewoon nie. Of daar moontlik 'n sisteem in die reekse is, is egter nie duidelik nie. Voorbeelde hiervan is:

Dis mos nou maar 'n ongelukkigheid.

Hy't toe nou maar weer uidie kamertjie gegaan.

Dis toe dan nou ook in elk geval nie 'n baie mooi prentjie nie.

Enige woord kan gespreksmerkerstatus in 'n gesprek verwerf as dit eerstens by herhaling gebruik word en tweedens afwyk van sy gewone sintaktiese en semantiese funksies en gebruike. Dit is meestal ook so dat 'n mens eers gespreksmerkers kan uitwys nadat 'n gesprek plaasgevind het omdat 'n woord eers as 'n gespreksmerker gemerk kan word nadat dit op 'n bepaalde manier gebruik is. Sommige woorde het egter lank reeds bekendheid verwerf omdat dit dikwels as gespreksmerkers deur sprekers aangewend word. Woorde soos nou, toe, en en is lank reeds gebrandmerk as gespreksmerkers en al sou hierdie

woorde eenmalig in 'n gesprek voorkom waar dit nie werklik funksioneel is nie, sou 'n mens toe en nou nog steeds as gespreksmerkers bestempel.

HOOFSTUK 5: SLOTBESKOUIING

In hierdie studie is verskeie algemene doelwitte, maar ook spesifieke doelwitte voorop gestel. As nou oorsigtelik teruggekyk word na die resultaat van die studie, kan die mate waartoe die aanvanklike doelwitte bereik is, as maatstaf geneem word.

Soos aanvanklik uiteengesit, is dit belangrik om Oosgrensafrikaans as variëteit van Afrikaans na waarde te skat. In hierdie studie is oor die algemeen gepoog om deur middel van die beskrywing van en die bespreking rondom Oosgrensafrikaans erkenning van hierdie variëteit te bevestig. Die gelykwaardigheid van dié variëteit naas enige ander variëteit van Afrikaans (ook Standaardafrikaans) word ook bevestig. Op dié wyse word daarby die duidelike sistematiek in die voorkoms van die variant beklemtoon.

Waar die behoefte voorheen 'n algemene beskrywing van Oosgrensafrikaans was om 'n geheelbeeld van die sistematiek binne hierdie variëteit te kry, is daar nou 'n breë korpus van gegewens beskikbaar. 'n Samevatting van die studie- en navorsingsresultate tot dusver, en daarby die daarstelling van 'n navorsingsmodel met daarna die verwerking van 'n groot korpus gegewens volgens hierdie beginsel, vlek hierdie veld oop. Die sistematiesing van al die data wat op dié wyse bekom is, sorg verder vir die beskikbaarstelling van genoeg inligting oor die onderwerp sodat 'n nadere beskouing van dié variëteit nou moontlik is. Hierdie opvolg-beskouings sal in die toekoms ook minder ideosinkraties wees as gevolg van die nuwe, eenvormige basis van inligting waarvandaan uitgegaan kan word.

Naas die algemene bevestiging van die variëteit Oosgrensafrikaans en die voorsiening in die behoeftes wat binne dié studiegebied bestaan het, is ook gepoog om spesifieke doelwitte te bereik.

Eerstens is die bestaande studies in variëteite van Afrikaans saamgetrek tot 'n kort, kritiese samevatting van wat reeds op die

gebied gedoen is. Ook navorsingsprosedures wat tot dusver in variasieondersoeke gebruik is, kom onder die loep. Die betekenis van hierdie konsentrasie van inligting lê daarin dat daar nou 'n breë, maar bondige basis as agtergrond beskikbaar is vir enige ondersoeker wat hom in die toekoms op hierdie gebied wil waag. 'n Vergelykende evaluering van hierdie gegewens het ook die opstel van 'n eenvormige model vir variasie-navorsing vergemaklik.

Om die terreinafbakening te doen vir so 'n navorsingsprojek is daar eintlik 'n breë databasis nodig, wat as materiaal vir verdere ondersoeke kan dien. Hierdie materiaal moet vir variasie-analise geskik wees, sodat die variasionele sistematiek voorrang kan geniet in die projek. In die bereiking van hierdie doelwit word gepoog om aan hierdie behoefte te voldoen. Met die inskakeling by die RGN se breë projek oor die landstale van Suid-Afrika, is 'n groot korpus data versamel deur middel van die transkripsie en ontsluiting van die opnames van Oosgrensafrikaans wat beskikbaar gestel is. Sodoende word die breë geheelbeeld verkry, wat verlang word. Die data is daarna op 'n variasiebasis gesistematiseer in kategorieë op klank-, morfologiese, sintaktiese en leksikale vlak. So kom dan 'n inventaris van tipiese verskynsels in Oosgrensafrikaans tot stand.

Dit is hier as belangrik beskou om doelbewus te poog om die voorkoms van variasie in Oosgrensafrikaans d.m.v. variasionele terminologie te beskryf. Op dié wyse word die basis gelê vir die wegbeweeg van die beskrywing van taalgebruiksverskynsels as 'n proses (van verandering). Taalgebruiksvariasie word met ander woorde gesien as die voorkoms van gelykwaardige variante naas mekaar binne 'n bepaalde variëteit of oor variëteite heen.

Die inventaris is nou beskikbaar vir ander navorsers om die voorkoms van die variante wat geïdentifiseer is, te evalueer. Daarby kan met verdere ondersoeke van die gesistematiseerde data verdere kategorieë gevind word. Die intensiewe bestudering van 'n seleksie van die geïdentifiseerde data kan ook verder diepte binne die studieterrein meebring.

In hierdie ondersoek is gekonsentreer op die bekouing van Oosgrensafrikaans vanuit gesigspunte soos klankvlak, morfologiese, sintaktiese en leksikale vlak. Hierdie terreine is natuurlik nie die enigste vlakke waarvolgens die data bekyk kan word nie. Ook variasie op bv. die prosodiese en die semantiese vlak behoort in die toekoms aandag te kry.

Binne die studieveld van die taalvariasie speel die sosiolinguistiek 'n belangrike rol omdat hier aanvaar word dat taalgebruik (onder andere) sosiologies gedetermineer word. Hoewel 'n bondige uiteensetting van die sosiolinguistiese veranderlikes (bv. die inkomste van die spreker en die tipe behuising waarin hy bly) nie in hierdie studie as voorbeeld gegee word nie, behoort die voorkoms van eksterne faktore wat bydra tot die voorkoms van 'n bepaalde taalvariant of variëteit aandag te geniet. So 'n studie kan dus meehelp om die voorkoms van variante binne 'n variëteit te interpreteer en te verklaar.

In hierdie studie was dit nie 'n oogmerk om te vorder tot op die interpretasievlak nie - die resultate van die sistematiseringsfase behoort juis te dien as stimulasie om in die toekoms dieper in te gaan op die herkoms van en die redes vir die voorkoms van taalvariante. Ook ander veranderlikes kan dan betrek word in die verklaring van die voorkoms van spesifieke taalgebruiksvariante en -style by afsonderlike sprekers. In die toekoms kan die rol van bv. die neurolinguistiek, taalverwerwing, sprekersintensies en gemoedstoestande en selfs sielkundige faktore in diepte nagevors word.

Oor die algemeen gesien lê die waarde van dié studie daarin dat deure oopgemaak word op twee vlakke. Eerstens is 'n basis gelê vir groter en intensiewer ondersoek rondom Oosgrensafrikaans. In die tweede plek word die saak van taalvariasie as taal-studierigting bevorder deurdat vertrekpunte en riglyne in die algemeen hier uitgelig en beklemtoon word. Die hoop word uitgespreek dat hierdie verhandeling in die hand van enige taalvariasiekundige of -belangstellende 'n bydrae kan maak tot meer kennis van die vakgebied.

SAMEVATTING:**'N STUDIE VAN HEDENDAAGSE OOSGRENSAFRIKAANS**

deur

Willem Jakobus Bezuidenhout

Studieleier: Prof. M.C.J. van Rensburg
Departement Afrikaans
Universiteit van Pretoria

Magister Artium

Inleidend - doelwitte

Die doelwit van hierdie studie is drieledig:

Eerstens dien 'n kriptiese uiteensetting van vorige variasie-taalstudies as 'n beeld van wat reeds in hierdie veld gedoen is. Tweedens word 'n model opgestel waarop taalnavorsing op variasievlak in die toekoms gebaseer kan word.

Die derde doelstelling behels die opstel van 'n inventaris van verskynsels waardeur die Oosgrensafrikaans-variëteit gekenmerk word.

2. Inhoud2.1 Uiteensetting en samevatting van vorige ondersoeke

Omdat elke ondersoeker sy navorsing gebaseer het op die beskikbare bronne en modelle tot sy beskikking, is daar noodwendig 'n groot verskeidenheid van navorsingsmodelle gebruik deur die verskillende variasienavorsers. Die navorsingsmetodes en -resultate van vorige soortgelyke studies is saamgevat en geëvalueer.

2.2 Modelvorming

Met hierdie agtergrond en vorige ervaring, tesame met nuwe insigpunte wat uit hierdie studie self na vore gekom het, word 'n model stap vir stap saamgestel. Die essensie van hierdie poging is om 'n riglyn daar te stel wat in die hand van elke toekomstige variasieondersoeker iets kan beteken. 'n Diagram vat die navorsingsproses saam en behoort as uitgangspunt vir 'n nuwe ondersoek algou struktuur te gee aan 'n studie. Hierdie model poog dan ook om losstaande idiosinkratiese studietjies te konsentreer en sodoende die navorsingsresultate van die toekoms meer kontroleerbaar en vergelykbaar te maak.

2.3 'n Inventaris

Die derde doelstelling sentreer rondom die opstel van 'n inventaris van Oosgrensafrikaanse verskynsels in die omgangstaal. Om dit te vermag, moet in werklikheid 'n volledige ondersoek geloods word - soos in bg. model uiteengesit. Hier behoort dus sprake te wees van 'n volskaalse beplanning, praktiese uitvoer en verdere verdieping van die ondersoek. In hierdie geval word aangesluit by die ondersoek wat die RGN reeds uitgevoer het (Landstale-ondersoek) en waarvan dié taalgegewens 'n onderdeel uitgemaak het. Die beplanning rondom die versameling van bruikbare taalmateriaal en die veldwerk is reeds deur medewerkers gedoen.

Hierdie ondersoek gaan dus van dié punt af verder met die transkribering van die bandmateriaal wat verkry is en die verdere ontleding daarvan met die oog op sistematisering en uiteindelijke interpretasie.

Die taalgebruik van 36 sprekers uit die geografiese gebied wat histories as die Oosgrens bekend gestaan het, word gebruik in die transkripsies van die beskikbare bandmateriaal. Daar word slegs op die "vertel"- en gespreksgedeeltes van die onderhoude gekonsentreer, aangesien dit 'n doelwit van hierdie studie is om 'n beskrywing van

omgangstaal te gee.

In die ontstluiting van bogenoemde transkripsies word uiteindelik 'n vierledige inventaris opgestel - 'n lys van klankpatrone, morfologiese, sintaktiese en leksikale verskynsels wat in Oosgrensafrikaans voorkom. Hierdie inventaris skep nou 'n breë, gesistematiseerde basis vir verdere verklaring, interpretasie en navorsing.

3. Slot

Met 'n samevatting van gegewens rondom studies oor variasies in Afrikaans tot dusver en 'n gekonsentreerde navorsingsmodel as basis, skep die breë databasis wat d.m.v. die inventaris daargestel is, die geleentheid vir vrugbare verdere ondersoek. Op hierdie taalvariasiegrondslag kan etlike ander nie-grammatiese faktore byeengebring word om die variëteite van Afrikaans volledig te beskryf.

HOOFSTUK 6: BRONNELYS

- Antilla, R. 1972. An introduction to historical and comparative linguistics. New York: Mac Millan.
- Appel, R., Huberts, G. en Meijer, G. 1977. Sociolinguïstiek. 2de druk. Utrecht: Het Spectrum.
- Bailey, C.N. 1987. Variation Theory and so-called 'Sociolinguistic Grammars'. Language and communication 7(4):269-296.
- Bickerton, D. 1975. Dynamics of a creole system. Cambridge University Press.
- Boer, R.C. 1924. Oergermaansch Handboek. Haarlem: Tjeenk Willink & zoon.
- Boshoff, S.P.E. 1921. Volk en Taal van Suid-Afrika. Amsterdam: J.H. de Bussy.
- Boshoff, S.P.E. en Nienaber, G.S. 1967. Afrikaanse Etimologieë. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Botha, T.J.R., red. 1984. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica.
- Botha, T.J.R., red. 1989. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica.
- Bothma, S.J. 1962. 'n Algemene Karakteristiek van die Kleurlinge aan die rand. (Verhandeling (M.A.) - U.P.)
- Brazelle, J.J. 1945. Taalomstandighede in Boesmanland. Volkskunde en volkstaal. 2(1): 30-32.
- Chambers, J.K. en Trudgill, P. 1980. Dialectology. Cambridge: Cambridge University Press.
- Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J., reds. 1983. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica.
- Coetzee, A. 1951. Taalgeografiese studies 1. Johannesburg: Impala.
- De Klerk, W.J. 1968. Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans. (In Van der Merwe, H.J.J.M. red. Afrikaans, sy aard en ontwikkeling. Pretoria: Van Schaik).
- De Stadler, L.G. 1984. Assibilasie in Afrikaans. LVSA-Kongresreferate. Pretoria. Junie: 196-202.
- De Villiers, M. 1987. Afrikaanse Klankleer. Kaapstad: Tafelberg.
- Downes, W. 1984. Language and Society. London: Fontana Paperbacks.
- Dreyer, H.C. 1986. Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as variëteit van Afrikaans. Bloemfontein (Verhandeling (M.A.) - UOVS).

- Du Plessis, H.G.W. 1984. Sintaksis. (In Van Rensburg, M.C.J., red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare: Pretoria. RGN-verslag: 35-195).
- Du Plessis, H.G.W. 1986a. 'n Afrikaanse Chronolek? S.A. Tydskrif vir Taalkunde 4(4) :15-49.
- Du Plessis, H.G.W. 1986b. Suidwes-Afrikaans. Taalgenoot 9, 11 en 12.
- Du Plessis, H.G.W. 1987a. Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes. Potchefstroom. PU vir CHO.
- Du Plessis, H.G.W. 1987b. Variasietaalkunde. Pretoria: Serva-uitgewers.
- Du Plessis, H.G.W. 1989. Die Afrikaanse Taalgemeenskap. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p. 468-482.)
- Du Plessis, L.T. 1986. Bibliografie by die studie van taalvariasie in Afrikaans. Bloemfontein. UOVS.
- Fourie, J.J. 1985. Aspekte van die Afrikaans van die Riemvasmakers. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO).
- Hay, I.S. en Uys, I.C., reds. 1985. Taalverskeidenheid en Taalpatologie. Pretoria: U.P.
- Heiberg, L.R. 1957. Afrikaanse Visserstaal. Stellenbosch. (Proefskrif (D.Litt.) - US).
- Henning, P.J.P. 1983. Vokaalvariasie in die Afrikaans van die Griekwas van Griekwaland-Wes. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO).
- Hudson, R.A. 1980. Sociolinguistics. Cambridge: Cambridge University Press.
- Jenkinson, A.G. 1984. Morfologie. (In Van Rensburg, M.C.J., red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. RGN-verslag. p. 229-253.)
- Klopper, H.G. 1986. 'n Karakterisering van Dorslandafrikaans. Bloemfontein. (Verhandeling (M.A.) - UOVS.)
- Klopper, R.M. 1976. Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapse Kleurlinggemeenskap. 'n Fonologiese ondersoek. Stellenbosch. (Verhandeling (M.A.) - US.)
- Klopper, R.B. 1983a. Kaapse Afrikaans. Pretoria. (Proefskrif (D.Litt.) - U.P.)

- Klopper, R.M. 1983b. Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans. (In Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J., reds. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica. p. 80-100.)
- Klopper, A.H. 1981. Die stand van Afrikaans onder die Suid-Sotho in die R.S.A.: 'n Sosiolinguistiese ondersoek. Bloemfontein. (Verhandeling (M.A.) - UOVS.)
- Klopper, R.M. 1984. Konsonantklustervariasie in Kaapse Afrikaans. LVSA-Kongresreferate : 331-341. Junie.
- Kotze, E.F. 1983. Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans. Johannesburg. (Proefskrif (Ph.D.) - Universiteit van Witwatersrand.)
- Labov, W. 1978. Sociolinguistic Patterns. Oxford: R Blackwell.
- Le Roux, T.H. 1939. Praatjies oor ons taal. s.l., s.n.
- Le Roux, T.H. 1963. Taalhistoriese Opstelle. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Le Roux, T.H. 1965. Afrikaanse Taalstudies. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Links, T.H. 1983. Die Afrikaans van die Kharkams. Kaapstad. (Proefskrif (D.Litt.) - Universiteit van Wes-Kaapland.)
- Louw, L.H. 1981. Uitspraakverskeidenheid aan die Witwatersrand. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 21(4) :261-274.
- Louw, S.A. 1948. Dialekvermenging en Taalontwikkeling. Kaapstad: A.A.Balkema.
- Milroy, J. en Milroy, L. 1985. Authority in Language: Investigation Language Prescription and Standardisation. London: Routledge en Kegan Paul.
- Nieuwoudt, H.P. 1990. Variasie binne Oranjerivier-afrikaans (Proefskrif (D.Litt) - P.U. vir CHO)
- Odendal, F.F. 1984. Taal en die gemeenskap. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p. 262-282.)
- Odendal, F.F. en Van Schalkwyk, D.J. 1983. Fonetiese variasie in die Afrikaans van die Rehoboth-Basters: 'n Dialekgeografiese verslag. LVSA-Kongresreferate: 457-486. Junie.
- Opperman, P.A. 1951. Die Spreektaal in Noordwes-Kaapland. Volkskunde en Volkstaal, 8(1):27-28.
- Petyt, K.M. 1980. The study of dialect: An introduction to dialectology. London: Andre Deutsch.
- Pheiffer, R.H. 1989. Afrikaans en Standaard-Nederlands. (In Botha,

- T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p. 255-357.)
- Pienaar, P de V. 1939. Praat u Beskaaf? Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Ponelis, F.A. 1979. Afrikaanse Sintaksis. Pretoria: Van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1989. Die aard en bestudering van die Afrikaanse Taal. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p. 255-357.)
- Rademeyer, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.
- Roux, S.M. 1988. 'n Sosiolinguistiese analise van Rehoboth-Afrikaans. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)
- Saunders, A.A. 1966. Oor die ontwerp en vertolking van taalkaarte na aanleiding van enkele voorbeelde uit die Afrikaanse Taalatlas. Pretoria. (Verhandeling (M.A.) - U.P.)
- Stander, M. 1990. Sosiolinguistiese variasie en aspekte van die Fonologiese en Grammatiese realisering daarvan in Afrikaans. Bloemfontein. (Verhandeling (M.A.) - UOVS.)
- Trudgill, P. red. 1978. Sociolinguistic Patterns in British English. Baltimore: University Park Press.
- Trudgill, P. 1983b. Sociolinguistics: An Introduction. London: Penguin.
- Van de Rheede, I. 1983. 'n Sosiolinguistiese ondersoek na taalgebruik in Bellville-Suid. Bellville. (Verhandeling (M.A.) - Universiteit van Wes-Kaapland.)
- Van der Merwe, G.S. 1989. Stopelemente in Afrikaanse Gesprekstaal. S.A. Tydskrif vir Taalkunde, 7(2) : 84-91.
- Van Rensburg, M.C.J. 1980. Fasette van die studie van nie-standaard Afrikaans. Taalfasette 27:71-98.
- Van Rensburg, M.C.J., red. 1984. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. RGN-verslag.
- Van Rensburg, M.C.J. 1984. Aspekte van die Klankleer van die Afrikaans van die Griekwas (In: Van Rensburg, M.C.J., red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. RGN-verslag. p. 272-362.)

- Van Rensburg, M.C.J. 1984b. Oranjerivier-Afrikaans. (In Van Rensburg, M.C.J., red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. RGN-verslag. P. 513-516.)
- Van Rensburg, M.C.J. 1985a. Taalverskeidenheid en taalversteuring. (In Hay, I.S. en Uys, I.C., reds. Taalverskeidenheid en Taalpatologie. Pretoria: U.P. p. 19-44.)
- Van Rensburg, M.C.J. 1985b. Taalverskeidenheid, taalversteuring en Afrikaans. Acta Academica, nuwe reeks B, UOVS: 123-166.
- Van Rensburg, M.C.J., red. 1987. Gesproke Afrikaans: Die Afrikaans van die Richtersveld. Bloemfontein: UOVS.
- Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p. 436-467.)
- Van Rensburg, M.C.J. en Combrinck, J.H. 1984. Transvaalse Afrikaans. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p. 107 -133.)
- Van Schalkwyk, D.J. 1983. Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-Basters. Johannesburg. (Proefskrif (D.-Litt.) - RAU.)
- Van Wyk, E.B. 1966. Woordvormversteurings in die Afrikaans van Bantoes. Taalfasette 3 :27-48.
- Verhoef, M.M. 1988. Aspekte van Oranjerivier-Afrikaans in die spontane taalgebruik van blanke boorlinge in Noord-Kaapland. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A. - PU vir CHO.)
- Von Weilligh, G.R. 1925. Ons geselstaal. Pretoria: Van Schaik.
- Webb, V.N. 1983. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. (In Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J., reds. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica. p. 229-246.)
- Webb, V.N. 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p. 412-435.)
- Webb, V.N. 1989. Aspekte van die Omgangsafrikaans van geselekteerde woonbuurte in Pretoria. Pretoria: U.P.)
- Webb, V.N. en De Villiers, A. 1985. Standaardafrikaans: Chomskities of Laboviaans? LVSA-Kongresreferate: 192-208. Junie.
- Weinreich, U. 1963. Languages in contact. Den Haag: Mouton.

ABSTRACT**A STUDY OF PRESENT DAY OOSGRENSAFRIKAANS**

by

Willem Jakobus Bezuidenhout

Supervisor: Prof. M.C.J. van Rensburg

Department of Afrikaans
University of Pretoria

Magister Artium

This dialect research used a sociolinguistic approach, taking account of geographical and situational factors.

Variations, as manifested in modern Oosgrensafrikaans, were systematized to determine the characteristics of a standard Oosgrensafrikaans in order to distinguish it from other varieties of Afrikaans.

A summary of previous research that was done on variation is compiled in this study. Although the studies varied in the research models that were used, this compilation can still be of great help to future researchers in the field of sociolinguistics.

The presented research model aims to create a standardized design for research in this field.

In conclusion an inventory of the vernacular of thirty six users from this region was systematized regarding phonological, morphological, syntactical and lexical phenomena. This inventory can be of great value to future researchers in this field.